# DIE MOOISTE VERHALE IN DIE WÊRELD

*Oorvertel deur*
ANNE DE VRIES
*en*
ALIDA GELDENHUYS

# DIE MOOISTE

# VERHALE IN DIE

# WÊRELD

*Oorvertel deur*

ANNE DE VRIES

*en*

ALIDA GELDENHUYS



Wanneer ons saans klaar gespeel het, gaan ons bed toe. Maar voordat ons gaan slaap, vertel Pappie of Mammie (of miskien Oupa of Ouma) eers vir ons mooi stories. Die mooiste van al dié stories is die van die Here Jesus.



Toe Jan van Riebeeck baie, baie jare gelede met 'n klein seilskippie na ons land gekom het, was hier nog geen ander witmense nie. Hy het begin om die wilde wêreld mak te maak sodat ons almal nou veilig hier kan woon.


Wat dink julle was die belangrikste ding wat hy in die skippie saam met hom gebring het? Geld? Klere? 'n Geweer? Allerhande kos?

Nee! Die beste en belangrikste ding wat Jan van Riebeeck saam met hom uit Holland in die seilskippie gebring het, was die Bybel. Dit het hom en baie ander van ons voorvaders gehelp om die mooi en die goeie dinge in die lewe te soek. En as almal in ons land vandag luister na wat die Here ons deur die Bybel leer, sal ons 'n gelukkige en

'n goeie volk wees.



President Paul Kruger, ons groot volksleier, het toe hy 'n jong seuntjie was, graag geluister na die mooi verhale wat in hierdie boek vertel word. Toe hy groter geword het, het hy self die verhale in die Bybel gelees. En toe hy eindelik 'n groot man en president was, het hy nog altyd elke dag die Bybel gelees en die Here aanbid. Daarom was hy so 'n dapper en goeie man.



Wat is mooier as kleurryke blomme met die helder doudruppels daarop?

Ek weet! Die mooiste van alles is 'n kindjie wie se hartjie skoon en rein is soos die blomme in ons tuin.

5

## ***VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS***

SOOS U dadelik sal merk, is hierdie boek met uitgesoekte verhale uit die Ou- en die Nuwe Testament, heeltemal iets anders as gewone kinderbybels.

In die eerste plek is daarna gestrewe om die verhale op so 'n wyse te vertel dat selfs kinders van vier jaar dit kan verstaan, maar dat terselfdertyd die verhale ook vir ouer kinders en selfs vir volwassenes boeiend en leersaam moet wees.

In die tweede plek is die boek so saamgestel dat dit vir oud en jonk 'n duidelike en oortuigende antwoord op die groot lewensvrae gee — die ondubbelsinnige Christelike antwoord. Dit is dus

'n boek met 'n boodskap en wel in so 'n vorm dat dit vir oud en jonk diep sal raak.

In die derde plek is gepoog om die verhale sowel as die belangrikste geestelike waarhede deur middel van 'n groot verskeidenheid illustrasies aanskoulik voor te stel. Daar is doelbewus van die gewone gebruik om illustrasies van slegs een kunstenaar te gebruik afgesien. Van 'n ryke verskeidenheid skilderye en tekeninge van verskillende kunstenaars is gebruik gemaak.

Geen enkele kunstenaar kan, wat Bybelse temas betref, ooit almal bevredig nie. Daarom het ons van afdrukke van klassieke skilderye van die afgelope drie eeue gebruik gemaak sowel as van hedendaagse tekeninge. Ons glo dat deur hierdie metode kinders en

volwassenes wat die boek lees, teen eensydige indrukke gevrywaar sal word. Waar die een kunstenaar byvoorbeeld sy onderwerp te sentimenteel benader, beklemtoon 'n ander weer die manliker en kragtiger elemente.

Die mooi kleurplate van nie-Bybelse temas is, met die passende woorde, ingevoeg met die doel om die jong lesers te help om die praktiese waarde en betekenis van die boek te laat besef. Ons glo dat dit veel sal bydra om kinders te leer dat wat hulle in dié boek lees nie maar net mooi stories is nie, maar dat godsdiens die mees praktiese, die mooiste en die sterkste ding op aarde is.

In hierdie boek is daar na gestrewe om deur middel van die prente, byskrifte en verhale die groot en grondliggende feite en beginsels van die Christelike geloof helder en boeiend tot die kinders (van vier jaar en ouer) te laat spreek.

Dit is ons bede en vertroue dat hierdie boek veel vreugde in duisende huise sal bring.

DIE UITGEWERS.



**Inhoudsopgawe**

**VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS ........................................................... 6**

**DIE NUWE TESTAMENT .......................................................................................... 8**

51. JOHANNES IS SY NAAM ........................................................................................ 10

52. 'N ENGEL BRING DIE MOOISTE BOODSKAP ...................................................... 13

53. DIE KINDJIE IN DIE KRIP
........................................................................................ 14

54. DIE HERDERS KRY GOEIE NUUS
........................................................................... 17

55. TWEE OU MENSE EN DIE KINDJIE
......................................................................... 18

56. DIE WYSE MANNE UIT DIE OOSTE
......................................................................... 19

57. DIE SLEGTE KONING HERODES
............................................................................ 22

58. TOE JESUS NOG N SEUNTJIE WAS
....................................................................... 24

59. JOHANNES DIE DOPER
.......................................................................................... 27

60. DIE EERSTE DISSIPELS
......................................................................................... 31

61. DIE HERE JESUS OP DIE BRUILOF
........................................................................ 31

62. DIE WONDERLIKE VISVANGS
................................................................................. 33

63. 'N ARME SIEK MAN
................................................................................................
36

64. DIE MAN WAT VERLAM WAS
.................................................................................. 39

65. DIE JONG MAN BY NAIN
........................................................................................... 40

66. 'N BOOTJIE OP DIE SEE
........................................................................................... 41

67. DIE DOGTERTJIE VAN JAIRUS
................................................................................ 44

68. DIE WONDER VAN DIE BRODE
................................................................................ 45

69. JESUS LOOP OP DIE SEE
....................................................................................... 47

70. DIE MAN WAT NIE WOU VERGEWE NIE
................................................................... 49

71. DIE GOEIE HERDER.................................................................................................. 50

72. DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN
............................................................................ 54

73. DIE VERLORE SEUN
................................................................................................ 56

74. DIE OPWEKKING VAN LASARUS
............................................................................. 62

75. LAAT DIE KINDERTJIES NA MY TOE KOM
.................................................................. 64

76. DIE BLINDE BARTIMEUS
......................................................................................... 66

77. HOSANNA ..................................................................................................................... 67

78. MAIA DOEN IETS MOOIS............................................................................................ 71

91. BY DIE SEE ................................................................................................................... 72

93. DIE HEILIGE GEES KOM ................................................................................... 75

94. DIE MAN WAT KREUPEL WAS .................................................................... 77

95. PETRUS IN DIE TRONK .................................................................................... 80

96. PAULUS ....................................................................................................................... 84

97. DIE WYE WÊRELD IN ......................................................................................... 86

98. DIE VERHAAL VAN DIE TIEN MEISIES ........................................................ 90

99. WERKERTJIES VIR DIE HERE ........................................................................ 93

100. AS JESUS WEER KOM ...................................................................................... 96

8

9

## *51. JOHANNES IS SY NAAM*

Daar was eenmaal 'n ou man en 'n ou vrou. Hulle het êrens in 'n klein huisie tussen die berge gewoon. Hulle name was Sagaria en Elisabet.

Die ou man, Sagaria, was 'n priester. Hy moes ook vir hulle bid en hulle offers vir die Here bring.

Dit was twee goeie ou mense hierdie. Hulle het die Here baie liefgehad. Hulle was ook gelukkig so saam. Oor iets was hulle darem hartseer: dit was so eensaam en stil in hulle huisie. Hulle wou altyd baie graag 'n kindjie hê. Maar die kindjie het nooit gekom nie.

Het hulle dan nie vir die Here 'n kindjie gevra nie? O ja, baie keer. Toe hulle nog jonk was, het hulle elke dag vir die Here gevra. Toe het hulle ook nog geglo dat die Here vir hulle 'n kindjie sou gee. Hulle het gewag en gewag, maar die kindjie het nooit gekom nie. Dit het gelyk asof die Here nie na hulle luister nie.

En nou was hulle al so oud! Nou het hulle nie meer geglo dat hulle nog 'n kindjie sou kry nie.

Hulle het ook nie meer vir die Here gevra nie. Hulle het al vergeet om daardie gebed te bid.

Sulke ou mense soos hulle kry mos ook nie meer kindertjies nie.

Eendag moes Sagaria na Jerusalem gaan. Dit was 'n groot stad, die grootste in sy land.

Hy het sy mooiste klere aangetrek, sy mooi, wit priesterklere. Hy het Elisabet gesoen, en toe is hy weg.

Dit was 'n lang reis. Eindelik kom hy by Jerusalem aan. Van 'n hoë bult kon hy die stad mooi sien. Die wit huise met die groen bome tussenin het baie mooi gelyk. Daar was ook één groot huis tussenin. Die huis was die grootste van almal. Dit was ook wit, maar die dak was van goud. Dit het tog te mooi in die son geblink.

Daardie groot huis was die tempel. Dit was die huis van God. Al die mense het daarheen gekom om vir die Here offers te bring. Dit was die plek waarheen Sagaria ook moes gaan.

Baie ander priesters het ook daarheen gegaan.

Vóór die tempel was 'n groot oop stuk. Dit het hulle die *voorhof* genoem. Daar het die mense hulle offers gebring. Hulle het hulle offerdiere daar vir die priesters gegee. Die priesters het dit dan geslag en op 'n vuur neergesit. Dit het hulle 'n *brandoffer* genoem. Die vleis van die skaap het verbrand en die rook het na die hemel opgegaan. Dit het beteken: "Here, ons het U so lief

. . . Ons wil graag iets vir U gee ..." En die Here het dit verstaan. Maar wie moes nou binne-in die mooi tempel gaan? Want daar moes ook 'n offer gebring word. Net één priester mag binnegaan. En almal wou dit so graag doen. Hulle trek toe lootjies. En wie dink julle het die regte loot getrek? Sagaria!

Al die ander mense moes buite bly. Net Sagaria het in die huis van die Here gegaan.

Hy het in 'n groot kamer gekom. Die mure was van goud. Daar het sewe goue lampe gebrand.

Die mure en die lampe het so pragtig geblink. Dit was baie stil daar, want Sagaria was heeltemal alleen.

Nou moes hy die offer vir die Here bring. Daar was 'n goue altaar met kooltjies vuur. Daarop het Sagaria klein korreltjies gestrooi. Dit was korreltjies wierook. Dit het heerlik geruik. En die heerlike reuk het na

die hemel opgegaan. Dit het hulle 'n reukoffer genoem. Terwyl Sagaria so alleen besig was met die reukoffer, het hy saggies gestaan en bid vir die mense wat daar buite was.

Maar meteens hou hy op met bid. Hy het baie geskrik, want hy was nie meer alleen nie! By hom het iemand met wit klere aan gestaan. Dit was nie 'n priester nie. Dit was ook nie een van die ander mense nie. Dit was 'n engel wat uit die hemel gekom het.

Toe die engel sien hoe Sagaria geskrik het, sê hy: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want ek kom om jou iets moois te vertel. Jou gebed is verhoor; jou vrou Elisabet sal 'n seuntjie kry en 10



jy moet hom Johannes noem."

Het Sagaria ooit gehoor wat die engel sê? Dit het

amper gelyk asof hy nie verstaan wat die engel sê nie.

Hy lyk dan nie eens bly nie. Hy staan maar net sy kop

en skud asof hy niks glo wat die engel gesê het nie.

"Jou gebed is verhoor," het die engel gesê. Het die engel bedoel hulle gebed om 'n kindjie? Daardie

gebed wat Sagaria al byna vergeet het? Dis tog

onmoontlik! Nee, kyk, so 'n ou vroutjie soos Elisabet,

so 'n oumatjie, kan tog nie meer 'n kindjie kry nie.

En toe die engel verder praat, hou Sagaria maar aan

om sy kop te skud.

"Nee, nee," het hy gedink, "dit kan log nie waar wees nie. Ek glo dit glad nie . . ."

"Die kindjie sal julle baie bly maak," het die engel verder gesê. "Maar nie vir julle alleen nie. Ook vir baie ander mense sal hy bly maak. Hy sal 'n kneg van God

wees. En weet jy wat hy nog sal doen as hy groot is,

Sagaria? Hy sal aan die mense vertel dat die Saligmaker, wat almal gelukkig sal maak, baie gou sal kom."

Die engel het miskien gedink dat Sagaria nou baie bly sou word, want almal het al so lankal verlang dat die Saligmaker moes kom.

Maar nee wat, Sagaria lyk nog nie bly nie. Hy hou maar aan om sy kop te skud. Hy kan nie glo wat die engel sê nie.

"Nee," sê hy, "dis onmoontlik. *Ek* is oud en *my vrou* is oud. Hoe kan ek so iets glo. Dit sal 'n wonder moet wees."

Toe antwoord die engel: "Weet jy wie ek is, Sagaria? Ek is Gabriël en ek woon by God in die hemel. God het my gestuur om dit vir jou te kom vertel. Glo jy dan die Here nie? Dan sal ek jou wys dat die Here nog wonders kan doen. En ook sal ek jou straf omdat jy my woorde nie geglo het nie. Van nou af sal jy stom wees. Jy sal nie meer kan praat nie, totdat alles gebeur het wat ek vir jou vertel het."

En meteens was die engel weg. Sagaria was weer alleen.

Buite die tempel, in die voorhof, het die mense gestaan en wag. Hulle het al begin dink:

"Waarom bly die ou priester dan so lank in die tempel?"

Eindelik kom hy darem. Toe wag hulle nog sodat hy moet sê: "Die Here seën julle . . ." Dit het die priester altyd gedoen sodra hy uit die tempel kom.

Maar Sagaria praat nie 'n woord nie. Hy kon nie praat nie. Hy het stom geword. Die mense het hulle verwonder. Wat het dan met hom gebeur? Wat het hy in die tempel gesien? Maar hy kan hulle dit nie vertel nie.

Toe sy werk in die tempel klaar was, het hy huis toe gegaan. Hy het vinnig geloop om gou by sy vrou te kom. Hy wou so graag vir haar vertel dat haar gebed verhoor is.

Ja, nou het Sagaria dit ook geglo. Want toe hy weer wou sê: "Dis onmoontlik", toe kon hy dit nie sê nie! Toe het hy geweet dat God wonderwerke kan doen.

Toe het hy baie bly geword, só bly dat hy sommer wou sing. Maar sing kon hy ook nie.

Toe hy by sy huis aankom, het hy 'n lei geneem. Daarop het hy geskrywe alles wat gebeur het. So kon Elisabet dit lees. Hoe bly moes sy nie gewees het nie!

11



Johannes moet sy naam wees. Dit het ook op die lei gestaan.

Johannes . . .

Weet julle wat dit beteken? *God verhoor die gebed,* dit is wat die naam beteken.

Nie baie lank daarna nie, het die wonder gebeur. Sagaria en Elisabet het 'n kindjie gekry, 'n seuntjie.

Die bure en die vriende het dit gehoor. Almal was baie bly. Toe die kindjie agt dae oud was, het hulle na hom kom kyk. Die kindjie moes toe ook sy naam kry.

Die mense het gedink sy naam sou Sagaria wees, net soos sy vader s'n. Maar Elisabet het gesê: "Nee, hy moet Johannes genoem word."

"Johannes?" het die *mense* verwonderd gevra. "Dit kan tog nie wees nie. Dis so 'n vreemde naam. Wag, ons vra bietjie vir sy vader. Hy sal tog beter weet."

Toe vra hulle vir Sagaria: "Wat moet die kindjie genoem word?"

Die Mariabron by Nasaret — die fontein waar Maria

altyd water vir haar huisgesin gaan haal het.

Sagaria wou dit sê, maar hy kan nog nie praat nie. Toe neem hy weer sy lei en skryf daarop:

"Johannes is sy naam."

Almal het net hulle koppe geskud. Dit kon hulle nie verstaan nie.

Maar meteens kon Sagaria weer praat. Alles wat die engel gesê het, het toe alreeds gebeur.

"Ja," roep hy uit, "Johannes moet hy genoem word, want God verhoor die gebed."



Hy was so bly dat hy sommer dadelik begin sing het. Hy het 'n mooi lied wat hy self gemaak het, gesing. Dit was 'n lied tot eer van God.

Die mense wat dit gehoor het, het almal gedink: "Die dinge wat met die kindjie gebeur, is te wonderlik. Hy sal nie 'n gewone kindjie wees nie."

En oral waar hulle gekom het, het hulle vertel van Sagaria en van Elisabet en van die klein seuntjie, wie se naam Johannes was.

## *52. 'N ENGEL BRING DIE MOOISTE BOODSKAP*

Onthou julle nog van die ou man, Sagaria, wat so 'n mooi boodskap ontvang het? 'n Engel het die boodskap vir hom gebring, terwyl hy in die tempel besig was.

Onthou julle nog wat die engel se naam was . . .?

Gabriël.

Gabriël het by God in die hemel gewoon. Eendag het God hom weer gestuur om 'n boodskap na die aarde te bring.

Dié keer het hy nie na die groot stad, Jerusalem, gegaan nie. Hy moes na 'n klein ou dorpie, Nasaret, gaan. Ook het hy nie na 'n mooi, goue tempel gegaan nie, maar na 'n klein, arm huisie.

Maar na daardie ou huisie het hy die mooiste boodskap gebring wat nog ooit op die aarde gehoor is. In daardie klein huisie het 'n jong meisie gewoon. Haar naam was Maria.

Sy moes eintlik in 'n paleis gewoon het. Want eintlik was sy 'n prinses. Sy was familie van koning Dawid, die goeie koning wat lank gelede geleef het. Maar byna geen mens in Nasaret het dit geweet nie.

Naby Maria het 'n timmerman gewoon. Sy naam was Josef. Ook Josef was eintlik 'n prins.

Want ook hy was familie van koning Dawid. Maar hy was arm, net so arm soos Maria. Hy moes hard werk om sy kos te verdien.

Josef en Maria was lief vir mekaar. Hulle sou binnekort trou.

Hoe dink julle waar sou hulle dan gaan woon . . .? In 'n paleis . . .? O nee, natuurlik nie! In die klein huisie waar Josef timmerman was.

Daar was in hulle land 'n paleis. Dié was in Jerusalem. Maar daarin het 'n vreemde koning gewoon. Sy naam was Herodes. Hy was 'n baie slegte man. Vreemde soldate het in die land baas gespeel. Hulle was Romeine. Partykeer het hulle die mense baie swaar laat kry.

Dit was 'n nare tyd. Die mense was glad nie gelukkig nie.

13





Maar daar sou weer beter dae kom. God het dit beloof. Eendag sou daar 'n Kindjie gebore word, het God beloof. Hy sou Koning wees en die mense weer vry en gelukkig maak. Weet julle wat daardie Kindjie se naam sou wees?

Die Here Jesus. Ons Saligmaker.

Vir daardie Kindjie het al die mense

gewag. Ook Josef en Maria. Almal

het net gewens: "As daardie Kindjie

tog maar nou gebore kon word. As

die Saligmaker tog maar gou kan

kom."

Maar ... as dit sou gebeur, wie sou vir

die wonderlike Kindjie sorg? Wie sou sy moeder mag wees? O, die een wat dié Kindjie mag grootmaak, sou die gelukkigste vrou in die hele wêreld wees.

Eendag was Maria alleen in die huis. Skielik hoor sy 'n stem:

"Dag, Maria! Jy is die gelukkigste vrou op die hele wêreld!"

Toe Maria opkyk, sien sy 'n engel staan. Dit was die engel

Gabriël. Hy het 'n wit kleed aan. Dit het pragtig geblink. Hy kyk so vriendelik na Maria. Maar sy het tog geskrik. Sy dink

in haar enigheid: "Wat bedoel hy tog . . .? Die gelukkigste vrou op die wêreld . . .? Is dit ek?"

Maar toe sê die engel: "Moenie bang wees nie, Maria. Ek kom jou iets baie moois vertel. God het my gestuur. Dit sal

nou nie meer lank duur nie, dan sal jy 'n Kindjie kry, 'n Seuntjie. En jy moet Hom Jesus noem. As die Kindjie groot

is, sal Hy Koning word net soos Dawid. En Hy sal altyd Koning bly."

Toe Maria dit hoor, het sy baie bly geword. Want toe het sy

verstaan dat dié Kindjie die Saligmaker sou wees, wat al die

mense bly en gelukkig sou maak. En mag *sy* regtig die moeder van daardie Kindjie wees? So het die engel tog gesê. Dan is dit waar: Dan is sy die gelukkigste vrou op die hele wêreld!

Maria vra toe: "Maar wie sal dan die vader van die Kindjie wees? Ek is mos nog nie getroud nie."

Die engel antwoord: "God Self sal die Vader wees. Daarom sal dit nie 'n gewone Kindjie wees nie. Dit sal 'n heilige Kindjie wees en sal God se Seun genoem word."


Toe Maria dit hoor, het sy baie eerbiedig gebuig. Sou God werklik die Vader wees? Hoe graag sal sy dan die moeder van dié Kindjie wil wees!

Daarop antwoord sy: "Dan is alles in orde. Laat alles gebeur net soos u gesê het."

Toe gaan die engel weer terug na God toe in die hemel. Hy het sy werk gedoen. Hy het na daardie arm, klein huisie die mooiste boodskap gebring wat toe nog ooit op die aarde gehoor is.

## ***53. DIE KINDJIE IN DIE KRIP***

Twee mense het langs die pad gestap, 'n man en 'n vrou. Hulle het maar stadig gestap. Hulle 14



was so moeg, so moeg . . . Hulle het al baie ver geloop.

Weet julle wie daardie twee mense was?

Dit was Josef en Maria. Hulle moes na Betlehem gaan.

Dit was die stadjie waar koning Dawid vroeër gewoon het. Hulle moes hulle name daar laat opskryf. Die keiser wou dit so hê. En wat die keiser gesê het, dit moes gebeur. Want die keiser was die baas oor byna die hele wêreld.

Die keiser wou weet hoeveel mense in daardie land woon. Daarom moes *al* die mense hulle name laat opskryf, elkeen in sy eie stad. En daarom moes Josef en Maria na Betlehem gaan.

Want dit was *hulle* stad. Hulle familie

het vroeër daar gewoon.


Dit was 'n ver reis na Betlehem. Hulle kon nie met die trein gaan nie. Daar was toe nog glad nie treine nie. Hulle kon selfs nie met 'n waentjie of 'n donkie daarheen ry nie. Hulle was te arm. Hulle het nie geld gehad om 'n waentjie of 'n donkie te koop nie.

Die hele lang pad moes hulle maar loop. Dit het so lank geduur en hulle was baie moeg. Veral Maria het baie moeg geword.

Die kerk in Betlehem op die plek waar die stal gestaan het

waarin die Here Jesus gebore is.







Maar eindelik, eindelik . . . daar sien hulle die wit huise

van Betlehem!

Dit was reeds aand. Die son was al byna onder.

Josef se toe: "Toe maar, Maria, ons is nou-nou daar.

Dan gaan ons gou 'n plekkie soek waar ons vannag

heerlik kan slaap."

Saam stap hulle verder en gou-gou is hulle in

Betlehem. Dit was al byna donker.

Dadelik het hulle na 'n groot huis gegaan. Dit was 'n losieshuis. Daar kan 'n mens slaap as jy op reis is.

Hulle het gehoop daar sou 'n bed wees waar Maria

lekker kon gaan rus . . .

Maar o! wat 'n affêre was dit daar by die losieshuis! Dit

het gewemel van die mense. Almal het slaapplek

gesoek. Die hele huis was vol. Josef en Maria het oral

rondgesoek . . . Maar daar was geen plekkie te kry nie.

Daar was nie plek vir hulle in die losieshuis nie.

Wat kan hulle nou doen?

Moet hulle maar buite slaap?

Nee, gelukkig nie!

Hulle het tog 'n plekkie gekry. 'n Plekkie in 'n stal. Daar

was nie skape in nie. Hulle was buite in die veld. Maar

daar het baie strooi gele. Daar was ook 'n krip. Dit is 'n

houtbak, waarin die diere hulle kos kry.

Josef het 'n bed van strooi gemaak. Daar kon Maria darem slaap. Saam het hulle vir die Here dankie gesê dat hulle tog 'n plekkie gekry het waar hulle kon rus.

"Goeienag, Maria, slaap maar lekker."

"Goeienag, Josef, jy ook."

Toe het alles stil geword. Buite was dit heeltemal donker. Net die sterre het in die lug geskitter.

Dit was nag in Betlehem . . .

En weet julle, in die stil, donker nag, in die stal van Betlehem het toe iets moois gebeur. Die mooiste *iets* wat op aarde kan gebeur . . .!

Daar in die stal is die Kindjie gebore wat die engel aan Maria belowe het.

Ag, dit was so 'n liewe, klein Kindjie. Net so klein en net so lief as alle klein babatjies.

Ja, dit het soos 'n gewone kindjie gelyk. Maar dit was glad nie 'n gewone kindjie nie. Dit was

'n heilige kindjie. Dit was die Seun van God! Nou was Hy nog maar klein. Maar eendag as Hy groot sou wees en Koning is, sou Hy baie mense gelukkig maak. Dit is wat die engel gesê het.

Maria was so bly oor haar kindjie. Sy het Hom saggies in haar arms geneem en Hom gesoen.

Josef was net so bly. Met sy growwe hande het hy die kindjie saggies gestreel.

Maria het nie kleertjies vir die kindjie gehad nie. Sy het wel doeke gehad. Daarin het hulle die kindjie toegedraai.

Hulle het ook nie 'n wiegie gehad nie. In die krip het Josef 'n bedjie van strooi gemaak. Daar het Maria haar kindjie neergelê.

"Hy moet Jesus genoem word," het Maria gesê. "Dit is soos die engel vir my gesê het."






Daar in die voerbak van die diere het die klein Koning gele. Die Seun van God is in 'n stal gebore.

Maar niemand het dit nog geweet nie . . .

### *54. DIE HERDERS KRY GOEIE NUUS*

Dit was baie stil en baie donker.

Dit was in die middel van die nag.

Die mense van Betlehem het geslaap. Hulle het nog nie geweet dat Jesus gebore is nie.

Buite in die veld van Betlehem was herders. Hulle het nie geslaap nie. Hulle moes hulle skape oppas. Rondom 'n vuurtjie het hulle stil gesit en gesels. Die skape het naby hulle gele en slaap. Bo in die lug het die sterre geblink. Die wind het saggies deur die gras gewaai. Verder was dit net baie donker en baie stil . . .

Maar meteens het die herders gekrik! Dit het vir hulle gelyk asof die son skielik in die middel van die nag begin skyn, só lig het dit geword. En in die wit lig het 'n engel gestaan. Hy het van die hemel gekom. Die herders het natuurlik baie bang geword.

Maar die engel sê: "Moenie bang wees nie, hoor.

Want ek kom julle iets vertel wat julle baie bly sal maak: die Here Jesus is gebore! Die Saligmaker vir

wie julle al so lankal wag. In Betlehem is Hy gebore.

Gaan kyk gerus. Julle sal die kindjie wat in doeke

toegedraai is, kry. Hy lê in 'n krip . . ."

En nadat die engel dit gesê het, kom daar meteens

nog

baie

engeltjies van die hemel af. Honderde, ja miskien

duisende engele. Die hele lug was vol van hulle. En

hulle sing die mooiste lied wat die herders nog ooit gehoor het

"Eer aan God in die hoogste hemele. "Vrede op aarde.

"In die mense 'n welbehae . . ."

Dit is wat die engele gesing het. Al singende het hulle weer teruggegaan hemel toe. Daarna was dit weer doodstil buite in die veld van Betlehem. En dit was pikdonker.

Wat dink julle het die herders gedoen toe die engele weg is? Weer by hulle vuurtjie gaan sit? O, nee! dit *kon hulle* nie doen nie.

Hulle het vir mekaar gesê: "Kom gou, laat ons na Betlehem gaan. Laat ons self gaan kyk wat daar gebeur het. Die engel het gesê ons Saligmaker is gebore! O, hoe wonderlik!"

Haastig het hulle deur die donker veld geloop. Hulle het die skape net so alleen laat staan.

Hulle het geweet die Here sou vir hulle sorg. Toe hulle in Betlehem kom, het hulle gou die stal gekry. Saggies gaan hulle binne . . .

Toe sien hulle vir Maria en Josef: twee arm mense, net soos hulle self ook maar was . . .

Ook het hulle die Kindjie daar gesien. 'n Liewe; klein Kindjie, 'n *gewone* kindjie, soos hulle dikwels vantevore al gesien het. Maar die herders het geweet dat dit glad nie 'n gewone kindjie is nie. Want dit het in 'n krip gele en was in doeke toegedraai, net soos die engel vir hulle gesê het!

Nee, dis alles waar. Alles was net soos die engel dit vir hulle vertel het. Dit is die Kindjie wat die engel bedoel het. Dit is die Saligmaker wat die mense gelukkig sou maak!

Toe kniel die herders voor die krip neer en aanbid die Kindjie.

"Liewe Jesus," het hulle gesê, "liewe Saligmaker, hoe wonderlik is dit tog dat U eindelik gekom het! Ons kan nie vir U iets gee nie. Ons is maar arme herders. Maar ons wil altyd aan U dink.

Ons wil U altyd liefhê. Sal U ons ook gelukkig maak?"

Toe vertel hulle vir Maria alles wat daar in die veld gebeur het. Daarna het hulle weggegaan. Hulle moes weer teruggaan na hulle skape. Deur die donker veld het hulle geloop en saam 'n lied gesing.

Watter lied sou hulle gesing het? "Eer aan God in die hoogste hemele, Vrede op aarde, In die mense 'n welbehae ..."

Hulle kon nie so mooi soos die engele sing nie. Maar hulle het dit baie eerbiedig en uit hulle harte gesing.

Hulle *moes* eenvoudig sing, want hulle was so bly! Die Kindjie in die krip het alreeds hulle harte gelukkig gemaak.

## *55. TWEE OU MENSE EN DIE KINDJIE*

Josef en Maria het nog 'n tydjie in Betlehem bly woon. Eendag het hulle vir die eerste keer met die Kindjie uitgegaan.

Weet julle waarheen hulle gegaan het? Na Jerusalem. Dit was die groot stad waar die mooi tempel gestaan het.

Die tempel was die huis van God. Daarheen wou Josef en Maria gaan. Hulle wou aan God gaan vertel hoe dankbaar en bly hulle oor die Kindjie was. Hulle wou ook die Here vra om die Kindjie te seën en

altyd vir Hom te sorg. So het al die pappas en mammas wat seuntjies gekry het, in daardie dae gedoen. Dan het hulle ook 'n offer gebring. Die ryk mense het 'n lam gebring; die armes 'n paar duifies.

Maria het Jesus deur die strate gedra. Baie ander mense het by hulle verby gestap. Maar niemand het die Kindjie raakgesien nie. Niemand nie. Niemand het gesê: "Dag, liewe Jesus .

. ." nie, want niemand het geweet wie daardie Kindjie eintlik was nie. Niemand het geweet dat dit die Saligmaker is vir wie hulle al so lank gewag het nie.

Hulle kom toe in die tempel. Daar was ook baie mense. Maar ook daar het niemand na die Kindjie gelyk nie.

Josef het 'n offer gebring. Hy was so arm. Hy kon nie 'n lam koop nie. Hy het twee klein duifies gekoop en dit aan die priester gegee. Die priester het sy hand bokant die Kindjie gehou en gesê: "Die Here seën U . . ." Maar selfs die priester het nie geweet wie die Kindjie was nie.

Toe gebeur daar iets., 'n Ou man het reguit na Maria geloop. Hy was so bly toe hy die Kindjie sien! Die trane het oor sy wange gerol, só bly was hy. Want hy was die enigste wat geweet het wie die Kindjie is. God het dit vir hom gesê.

Simeon — dit was sy naam — het so na die Here Jesus verlang. Hy was dikwels baie verdrietig omdat dit so lank duur voordat Jesus na die wêreld kom. Maar toe het God vir hom gesê:

"Moenie verdrietig wees nie, Simeon. Voordat jy sterwe, sal jy die Saligmaker sien."

En nou het die Kindjie vir wie Simeon so lank gewag het, eindelik gekom! Hoe gelukkig was hy tog! Hy het die klein Jesus in sy arms geneem en gesê: "Nou kan ek maar sterwe, Here.

Nou is ek tevrede. My oë het die Saligmaker gesien."

Van pure blydskap het hy toe 'n lied gesing.

Toe kom daar ook 'n ou vroutjie aangesukkel. Haar naam was Anna. Sy was al vier-en-tagtig 18

jaar oud. En weet julle, die ou Anna het dit ook geweet! Sy kom tot by Jesus en roep toe uit:

"Dit is die Saligmaker. Eindelik het Hy gekom. O, hoe gelukkig is ek nou dat ek Hom gesien het!"

En toe trippel sy weer die straat af om vir almal te gaan vertel dat sy die Saligmaker gesien het . . .

Die Kindjie Jesus het weer saam met Josef en Maria huis toe gegaan. Dit was die eerste keer dat Jesus in die tempel gekom het. En op daardie dag het hy alweer 'n paar mense gelukkig gemaak.

## *56. DIE WYSE MANNE UIT DIE OOSTE*

Weet julle waar die son soggens opkom?

Ja, daar vèr, vèr in die ooste.

En daar in die ooste, die kant waar die son opkom, het daar eenmaal 'n paar slim, ou manne gewoon.

Hulle het baie dik boeke gelees. Hulle was slimmer en verstandiger as al die ander mense.

Maar wat hulle nog die graagste gedoen het, was om snags na die sterre te kyk. Hulle het gesê: "Die sterre is so mooi! . . . Die Here het hulle gemaak en Hy laat hulle elke nag skyn.

God is slimmer as al die mense."

Een nag het hulle weer na die sterre gesit en kyk. En daar sien hulle meteens 'n *nuwe* ster, wat hulle nog nooit tevore gesien het nie. Dit was 'n pragtige groot ster. Hy het geskitter en geblink! . . . Dit het gelyk of dié ster die koning van al die ander sterre was!

Verwonderd het die slim manne daarna gesit en kyk.

"'n *Nuwe* ster," het hulle vir mekaar gesê. "Weet julle wat dit beteken? . . . Dit beteken dat daar êrens 'n kindjie gebore is. En so 'n mooi ster! *Dit* beteken seker dat dit 'n baie *ryk* en *vername* kindjie is . . . Ja, dit moet 'n *koningskindjie* wees!" . . .

Hulle het aangehou om te kyk na die mooi ster ... En hulle het ook aanhou praat oor die koningskind. Hulle kon oor niks anders dink en praat nie.

Toe sê een van hulle: "Weet julle wat ons moet doen? Kom, ons gaan die klein koning soek!

En as ons hom gekry het, dan kniel ons voor hom neer en aanbid hom. Want so ryk en so magtig as wat hy later sal word, was daar nog nooit vantevore 'n koning op aarde gewees nie

..."

Dit het hulle sommer dadelik gedoen. Hulle het die koningskindjie gaan soek. Maar eers het hulle hul kamele uit die stal laat haal. Dit is groot diere, nog groter as perde. Op hulle kan 'n mens alte lekker ry. Die slim mense het ook presente vir die jong koning saamgeneem. Baie mooi en duur presente. Een van die presente was 'n kissie goud.

Toe klim hulle op hul kamele en ry die wye wêreld in.

Waarheen dink julle het hulle gery?

Natuurlik na daardie kant waar hulle snags die mooi ster gesien het. Want daar êrens sou die klein koning gebore gewees het.

Dit was sommer 'n baie vèr reis.

Langs hoë berge en deur digte bosse ",.,. Deur vreemde lande, waar hulle nog nooit vantevore gewees het nie. En nog steeds het die slim manne aangehou om te ry . . . verder en verder .

. . totdat hulle op die ou end in die land van die Jode gekom het.

Hulle was seker dat die jong koning in daardie land gebore is.

Maar hoe moes hulle hom kry?

19

Die slim manne het deur die land van die Jode gery totdat hulle in Jerusalem aangekom het.

Dit was die grootste stad van daardie land.

Daar het hulle vir die mense gevra: "Waar is die koning wat vir die Jode gebore is? Want ons het sy ster in die ooste gesien. En ons het gekom om hom te aanbid ..."

Maar die mense het nie geweet nie.

Die slim manne het dwarsdeur die stad gegaan.

Hulle het ook by die paleis gekom. Sou die jong koning miskien daar wees?

Nee, 'n *jong* koning was daar nie. Net maar 'n *ou* koning. Sy naam was Herodes. En hy was

'n baie slegte man.

Die slegte koning Herodes het ook gehoor wat die slim manne vra. Hy het baie geskrik!

Die koning van die Jode het hulle gesoek? . . .

"Maar dis mos *ek*!" het Herodes gedink. "Ek is die koning van die Jode. En ek wil koning bly!

. . . Maar hulle soek natuurlik nie vir my nie. Is daar miskien dan nog 'n ander koning van wie ek niks weet nie! 'n Jong koning wat nou gebore is? . . . Maar dit mag nie gebeur nie! . . . Ek wil *alleen* koning wees!"

"Is die koning vir wie al die mense so wag, nie dalk stilletjies gebore nie?" dink Herodes toe skielik. "O, as dit moet waar wees! Dan moet ek ook weet waar ek daardie kindjie in die hande kan kry! Dan moet ek . . . ja, dan moet ek daardie kindjie doodmaak! . . . Daardie kindjie mag nie koning word nie! Ek, Herodes, *ek* wil koning bly!"

Toe laat die slegte koning Herodes die skrifgeleerdes na hom toe kom. Hulle was manne wat alles van die Bybel geweet het.

Die koning het vir hulle gevra: "Weet julle miskien waar die Messias, die groot *koning, gehore sal word?"*

Ja, dit het hulle geweet.

Hulle antwoord: "In *Betlehem,* koning. Dit staan so in die Bybel."

"Mooi," sê die koning. "Baie dankie, hoor. Ek sal dit goed onthou."

Toe laat die koning stilletjies die slim manne, wat so ver gekom het om die jong koning te soek, roep.

Hy maak of hy baie vriendelik met hulle is. En hy vra vir hulle: "Wanneer het julle die mooi ster gesien?"

"O koning, al baie lank gelede," antwoord hulle. "Toe ons nog daar in ons ver land was. En nou soek ons al so lank na die jong koning, maar ons kan Hom glad nie kry nie."

"Dan sal ek julle help," sê die koning. "Gaan bietjie na *Betlehem.* Miskien is Hy daar. Gaan soek maar goed en kyk of julle Hom kry. En as julle Hom gekry het, moet julle sekerlik vir my ook kom vertel, hoor . . . Want ek wil Hom ook gaan aanbid . . ."

O, die leuenaar!

"Dan wil ek Hom ook aanbid," het hy gesê.En al die tyd wou hy die kindjie gaan vermoor! . . .

Maar die slim manne het nie geweet dat die koning so sleg was nie.

Hulle het dadelik na Betlehem gegaan.

Dit was al aand. Die son het al ondergegaan. Die sterre het begin te skyn . . .

Die slim manne het verder gery. En skielik . . . wat sien hulle daar? . . .

Die ster!

20

Hoe bly was hulle toe! Want kyk, die ster, dieselfde mooi groot ster wat hulle daar in die ooste gesien het, was nou hier naby hulle in die lug en het hulle die pad na Betlehem gewys . . .

Hulle het maar al agter die ster aangegaan, totdat dit eindelik bokant die plek waar die kindjie was, gaan stilstaan het.

21



En in daardie huisie het die slim manne binne-gegaan. Wie het in daardie huisie gewoon?

Die kindjie Jesus saam met Maria en Josef het in daardie huisie gewoon. . .

Hy het maar soos 'n gewone klein kindjie gelyk. Maar die slim manne het goed geweet dat dit glad nie 'n gewone kindjie was nie. Dit was die jong Koning na wie hulle so lank ge-soek het!

Wat eendag die rykste en die magtigste Koning van die hele wereld sou wees . . .

Hulle het eerbiedig voor die kindjie neergekniel en Hom aanbid.

"O liewe Jesus," het hulle gesê. "Liewe koning Jesus, hoe bly is ons dat ons U eindelik gevind het!"

Toe het hulle hul presente uitgehaal en voor Hom neergelê. 'n Kissie vol goud, 'n kruik vol wierook en 'n doos mirre. Dit was alles baie mooi en duur presente. Maar die slim manne het dit graag aan Jesus gegee, want hulle was so gelukkig en bly.

Daardie nag het hulle in Betlehem geslaap.

En toe het hulle 'n droom gehad.

Aldrie het dieselfde droom gedroom!

Hulle het 'n stem gehoor wat vir hulle gesê het: "Luister baie mooi. Julle moenie na koning Herodes teruggaan nie, hoor! Hy is 'n slegte man. Hy wil nie die Kindjie aanbid nie. Maar hy wil Hom kwaad aandoen. Hy wil Hom doodmaak."

Dit was die stem van God wat hierdie dinge vir hulle gesê het. Die Here het hulle gewaarsku.

Die slim manne het baie goed na die stem van die Here geluister. O nee, hulle het glad nie na die koning teruggegaan nie. Hulle het die slegte koning maar laat wag en wag.

Met heeltemal 'n ander pad het hulle na hulle land teruggegaan.

En hulle hele lewe was hulle bly dat hulle koning Jesus gekry het.

## *57. DIE SLEGTE KONING HERODES*

Dit was in die middel van die nag.

Al die mense het geslaap.

Net Herodes, die slegte koning, het nie geslaap nie.

Hy kón nie slaap nie . . .Gedurig het hy maar aan die

slim manne bly dink. Waar het hulle dan tog gebly? .

. . Hy wag al so vreeslik lank vir hulle en nog steeds

kom hulle nie.

En gedurig het hy ook aan die kindjie gedink, aan die

jong Koning wat in Betlehem gebore sou word . . . Hy

het so gewens hy kon die kindjie in die hande kry . . .

Want hy wou seker maak dat daardie kindjie nooit koning sou word me.

Die slegte koning Herodes!

Hy kon byna nie meer wag om die kindjie kwaad aan te doen nie.

Sy geduld was al op van al die baie wag en wag.

Maar die slegte koning kon die kindjie tog geen kwaad aandoen nie. Daarvoor het God gesorg!

Die kindjie Jesus was nog in Betlehem.

Hy het rustig in Maria se arms gele en slaap.

Josef, die *man van Maria, het ook* geslaap.

22

Toe het hy 'n droom gehad.

Hy het 'n mooi engel met blink klere aan sien staan. Die engel het na hom gekyk en gesê: "Josef, staan op! Neem die kindjie en sy moeder en gaan gou hiervandaan af weg. Gaan na Egipte en bly daar totdat ek vir jou sê om terug te kom. Want Herodes soek hierdie kindjie om Hom dood te maak."

Toe het Josef wakker geword. Maar dit was darem 'n nare droom wat hy gehad het, dink hy.

Josef het eintlik daarvoor geskrik. Hy het Maria wakker gemaak en haar vertel wat die engel gesê het. Toe hulle mooi daaroor dink het hulle geweet dat dit nie maar net 'n droom was nie, maar dat dit 'n bood-skap van God was.

En daardie selfde nag nog het hulle stilletjies weggevlug, die donker wereld in.

Dit was 'n lang reis na Egipte.

Die keer was dit vir Maria nie nodig om te loop nie. Want hulle was nie meer arm mense nie.

Onthou julle nog dat hulle sulke mooi, duur presente van die slim manne uit die ooste gekiy het? Daar was mos ook 'n kissie goud by. Nouja, van daardie goud het Josef gebruik om 'n esel vir hulle te koop.

Maria het op die esel gesit met die kindjie Jesus in haar arms. Josef het langs hulle geloop en het die esel aan 'n tou vasgehou.

Eindelik het hulle in Egipte aange-kom.

Daar was hulle veilig.

Daar kon die slegte koning die kindjie geen kwaad aandoen nie.

Maar die slegte koning Herodes het dit nie geweet nie.

Hy het gedink dat die kindjie nog altyd in Betlehem was.

Hy het nog altyd gesit en wag dat die slim manne moes terugkom.

Maar hy het gewag en gewag . . . en niemand het gekom nie!

Eindelik was al sy geduld op. Hy het 'n kneg geroep en vir hom gesê: "Gaan gou-gou na Betlehem en gaan vra 'n bietjie waar die slim manne is!" . . .

Dit het die kneg gedoen.

Baie gou was hy weer terug.

Hy het kom vertel: "O koning, die slim manne is nie meer daar nie! Hulle is lankal terug na hulle eie land. Maar hulle het stilletjies met 'n ander pad gegaan. Hulle het nie by Jerusalem verbygekom nie ..."

Maar toe was daardie koning kwaad, hoor!

"Hulle het my bedrieg!" het hy uitgeroep. "Hulle het natuurlik die jong koning gekry, maar hulle wou dit nie vir my kom vertel nie! ... Maar ek sal Hom tog kry! Wag net so 'n bietjie . . .", Die lelike, slegte koning Herodes! . . . Toe het hy 'n vreeslike ding ge-doen. Die verskriklikste ding waaraan hy kon dink! . . .

Hy het sy soldate geroep. En hy het vir hulle gesê: "Gaan na Betlehem en gryp al die klein kindertjies wat jonger as twee jaar is en maak hulle almal dood!" . . .

En het die soldate dit gedoen?

Natuurlik het hulle dit gedoen. Hulle was netso sleg as die konin O hoe verskriklik was dit tog!

Die arme moeders in Betlehem het gehuil en gekerm! Maar alles het niks gehelp nie.

Toe die son daardie aand in Betlehem ondergaan, was daar nie 'n enkele klein kindjie 23

lewendig in die huise nie . . . almal was dood gemaak.

Waar was die kindertjies toe?

Hulle was in die hemel.

Hulle was by God.

Daar was hulle baie bly en gelukkig. Vir hulle hoef mens nie jammer te wees nie.

In die hemel sou hulle nooit meer huil nie. Daar is nie hartseer of pyn nie. Daar is alles lieflik en mooi.

Hulle het vir die kindjie Jesus, in Sy plek, gesterwe.

Deur die kindjie Jesus het hulle ook gelukkig geword.

Die slegte koning Herodes het in sy paleis gesit. Hy het gelag . . . Hy het gedink die kindjie is dood . . .

Vir homself het hy gesê: "Ek het hulle tog lekker gekry. Nou is die klein koning dood. Nou is ek weer *alleen* koning. Nou kan ek altyd koning bly."

Die dom Herodes! . . . Die kindjie Jesus was mos nie dood nie. Hy was in die ver land Egipte saam met Sy moeder en Josef. Daar sou Hy bly totdat die engel weer vir Josef sê om terug te kom.

Die domme Herodes! . . .

"Ek het tog gewen," het hy gesê. "Nou kan ek altyd koning bly!"

Maar nog net 'n klein rukkie het hy koning gebly.

Toe het hy siek geword en niemand kon hom help nie.

Toe het die slegte koning doodgegaan.

*En toe?*

Wie het toe gewen?

Nadat Herodes dood is, het die engel weer na Josef in Egipte gegaan. Die engel het gesê:

"Gaan nou maar met die kindjie terug, want Herodes is dood."

Toe het Josef en Maria teruggegaan.

Hulle het weer sover gereis en in hulle eie land teruggekom.

Waar het hulle toe gaan woon?

Nee, nie in Betlehem nie. Maar in die klein huisie van Josef in Nasaret.

Josef het weer timmerman daar geword. Hy moes weer geld verdien om kos mee te koop vir die kindjie en vir Maria en vir homself.

Maria het die werk in die huis ge-doen en vir die kindjie gesorg.

En niemand, behalwe Maria en Josef, wat die kindjie gesien het, het daaraan gedink dat Hy die Saligmaker was nie. Maar eendag sou die kind Jesus tog koning word en baie mense gelukkig maak.

## ***58. TOE JESUS NOG N SEUNTJIE WAS***

Weet julie waar Jesus gewoon het toe Hy nog 'n kindjie was?

In die huisie van Josef, die timmerman.

In die klein dorpie Nasaret.



Josef het vir Hom gewerk. Maria het kos vir Hom gekook. En die klein Jesus het gegroet en

'n groot seun geword.

Hy was 'n baie mooi en liewe seun! ... Al die mense het baie van Hom gehou. En al die kinders ook. Hulle het graag saam met Hom gespeel.

Hy het maar soos 'n gewone seun gelyk, net soos al die ander. Maar Hy was tog anders! . . .

Weet julle wat so mooi was?

Hy het nooit lelike of slegte dinge gedoen nie! Hy was nooit ongehoor-saam nie!

Ja, die mense het wel gedink dat Hy 'n gewone kind was, wat maar net baie mooi en baie goed was . . . Maar dit was nie so nie ! . . . Hy was 'n heilige kind.

Weet julle waarom dit so was?

Dit was omdat Hy die Seun van God was. God wat in die hemel woon, was Sy Vader.

Dit het die mense nie geweet nie. Hulle het gedink dat Josef Sy vader was . . . Maar Maria en Josef het ge-weet dat Hy nie 'n gewone kind was nie.

Elke jaar het Josef en Maria op reis gegaan. Dan het hulle na Jerusalem gegaan, waar die mooi tempel was. Hulle het gaan feesvier. Dit was die Paasfees. Al die mense van daardie land het dan in Jerusalem die Paasfees gaan vier.

Jesus mag nie saamgegaan het nie. Hy was nog te klein om so ver op reis te gaan.

Maar toe Hy twaalf jaar oud was, toe mag Hy vir die eerste keer saam-gegaan het.

Dit was vir Hom baie lekker.

En wat 'n mooi en heerlike reis was dit na Jerusalem! Hulle het bult-op en bult-af gestap. Ook was daar baie ander mense wat saamgegaan het. Dit was sommer 'n groot optog. En die mense het so saam-saam die een lied na die ander gesing. Al singende het hulle die hele pad gegaan. Eindelik het hulle op 'n hoë bult aangekom. Daar vèr onder het hulle die baie wit huise van Jerusalem sien lê. Almal was baie bly om dit te sien. Hulle het ook die mooi tempel gesien.

Dié was ook wit, maar die dak was van goud. Dit het pragtig geblink in die son. Dit was die mooiste in die hele stad.

Maar dit was ook die huis van God.

"Dit is die huis van My Vader," het Jesus gedink.

Om die huis van Sy Vader te sien, het Hom baie bly en gelukkig gemaak.

Almal het na die mooi tempel gegaan. Want daar is die fees gehou. Hulle het 'n offer gebring.

En hulle het daar ook gaan bid.

25

Jesus het ook gaan bid. Hy het met Sy Vader wat in die hemel is, gaan praat.

Dit was vir Hom baie lieflik daar in die tempel.

Hy het gedink: "Hier hoort ek eint-lik, hier in die huis van My Vader. Ek wens Ek kon altyd hier bly woon."

Hy het gewens dat die fees baie lank moes aanhou . . .

Die fees het ook lank aangehou.

Dit het sewe dae lank aangehou.

Maar toe was alles verby. En die mense het na hulle huise teruggegaan.

Josef en Maria het ook terug huis toe gegaan. Hulle het uit die stad gegaan. Hulle het Jesus nie gesien nie. Maar hulle was nie onrustig nie. Hulle het gedink: "Hy is so gehoorsaam en verstandig. Hy doen nooit dom dinge nie. Hy het seker al vooruit geloop saam met die ander kinders. Ons sal Hom seker netnou sien."

Hulle het goed gekyk of hulle Hom kon raaksien. Maar hulle kon Hom nêrens sien nie.

Hulle het vir die ander mense gevra:

"Het julle miskien vir Jesus êrens gesien?" Maar niemand het geweet waar Hy was nie. Dit het al aand geword. En nog kon hulle Jesus nie kry nie.

Toe het Josef en Maria baie onrustig geword. Hulle wou nie meer verder op pad huis toe gaan nie. Hulle het dadelik omgedraai, want hulle het ge-dink: "Dan het Hy seker in Jerusalem agtergebly ..."

Oral in die strate het hulle rondgesoek, maar hulle kon Jesus nêrens sien nie.

Maria het kort-kort vir iemand ge-vra: "Het julle miskien my kind Jesus gesien? My kind het weggeraak!"

Maar die mense het net hulle koppe geskud. Hulle het Jesus nie eers ge-ken nie.

Die arme Maria! Sy het maar net geloop en huil. Sy het so bang geword , . . Waar was haar kind dan tog? Waarom het Hy nie by haar gebly nie? Hy was dan altyd so gehoorsaam en soet.

Hulle het maar aanhou soek . . .

Drie dae lank het hulle na Jesus gesoek. En nog het hulle Hom nie gekry nie!

26

Die derde dag het hulle na die tempel gegaan. Na al die gewoel van die feesdae, was dit daar nou baie stil. Byna al die mense was al weg. Net die priesters en 'n klompie ander slim marine v/at die mense van God moes vertel, was daar.

En skielik ... toe Maria rondkyk . . . daar sien sy Jesus! Daar sit die jong seun heeltemal tevrede en op Sy gemak tussen al die groot, slim manne en luister na wat hulle vertel en vra hulle dan weer allerhande vrae. Hulle almal was baie verwonderd, want hulle het nog nooit vantevore 'n seun gesien wat só verstandig kon praat nie.

Maria was baie, baie bly om haar kind weer terug te kry . . . Sy het na Hom gehardloop!

"Kind," het sy vir Hom gesê, "waarom het jy hier gebly? . . . Jou vader en ek was so bang gewees! Ons het jou oral gesoek!" . , .

"Jou vader en ek . . .'" het Maria gesê.

Maar was dit reg?

Was Josef dan Sy vader?

Nee, God was Sy vader! ... En Jesus het dit goed geweet.

Toe antwoord Jesus: "Waarom het u na My gesoek? Het u dan nie geweet dat Ek in die huis van My Vader moet wees nie?" . . .

Toe kon Maria niks se nie. Sy het geweet en verstaan dat Jesus nie onge-hoorsaam was nie.

Sy was so bang gewees.

Maar dit was nie Jesus se skuld nie.

Dit was haar eie skuld.

Omdat sy vergeet het dat God Sy Vader was . . .

Toe het hulle almal saam terug huis toe gegaan. Jesus het gehoorsaam saamgegaan.

Hulle het weer in Nasaret gekom. Daar het Jesus by Josef en Maria gewoon totdat Hy 'n groot Man was. Hy het met Sy maats gespeel en vir Josef met sy werk gehelp. Ook het Hy Maria in die huis gehelp.

Elke jaar het Hy saamgegaan na die fees.

Maar Maria was nie meer onrustig oor Hom me.

Maria het ook jonger seuns en dogters gehad en toe Josef dood is, het Jesus baie hard gewerk om vir almal te sorg.

## ***59. JOHANNES DIE DOPER***

Weet julle nog wie Johannes was?

Onthou julle nog die ou priester wat so 'n mooi boodskap van die Here gekry het?

Hy was daardie dag in die tempel besig. 'n Engel het na hom gekom en gesê dat hy en sy vrou wat al baie oud was, tog eindelik 'n kindjie sou kry. En alles het gebeur net soos die engel gesê het . . .

Sagaria was die ou man se naam. En sy vrou se naam was Elisabet.



Daardie kindjie was Johannes.

Weet julle nog wat daardie kindjie se werk sou wees? Hy moes aan al die mense vertel dat die Saligmaker baie gou sou kom.

Sy vader het al hierdie dinge aan hom vertel toe hy 'n groot seun geword het.

Dit was vir Johannes baie mooi. Hy het daarvan gehou. Hy wou baie graag 'n kneg en boodskapper van die Saligmaker wees. Hy wou baie graag vir die Saligmaker werk.

Maar wat moes hy doen? En hoe moes hy dit doen? En wanneer moes hy daarmee begin?

Johannes wou al hierdie dinge weet. Maar sy vader kon hom nie se nie, want hy het nie geweet nie. Geen mens kon hom dit vertel nie.

Net God kon dit doen.

En daarom het Johannes, toe hy 'n groot man geword het, weggegaan van die huis af.

Hy het na die woestyn gegaan. Daar het nie mense gewoon nie. Daar was net berge, en klippe en sand.

Maar God was daar. Hy is oral. Ook in die woestyn. Johannes was daar met die Here alleen.

En hy het goed geluister na alles wat God vir hom gesê het.

Daar was nie 'n *huis* vir Johannes om in te woon nie. Hy het in 'n *gat* in die berg gewoon. En *brood* kon hy daar ook nie koop nie. Wanneer hy honger gekry het, het hy *sprinkane* ge-soek.

Dié het hy geëet. Partykeer het hy 'n bynes in 'n klipskeur gekry. Dan het hy van die heuning geëet. Dit was baie lekker.

Sprinkane en heuning . . . Meer het Johannes nie nodig gehad nie. En mooi klere het hy ook nie nodig gehad nie. 'n Mantel wat van kameelhare gemaak was, dit het hy gedra. En hy het dit om sy middel vasgebind met 'n leergordel.

Daar in die eensame woestyn het Johannes lank

gewoon. Daar het God hom alles vertel wat hy moes

weet vir sy werk.

God het Johannes geleer dat die Saligmaker *Koning*

sou wees.

Nie 'n *gewone* koning nie, maar 'n hemelse Koning! ...

Geen *vegkoning,* wat oorlog maak nie! Maar 'n

Vredekoning!

En Sy koninkryk se naam sou wees: die koninkryk van

die hemele.

Wie mag aan daardie koninkryk behoort?

Almal wat die Saligmaker liefhet.

Maar hulle mag dan nie slegte dinge doen nie. Hulle

moet hulle *bekeer.* As hulle lewe vantevore sleg was, moes hulle die dinge laat staan. Hulle moes 'n ander

mens word. Hulle moes 'n *beter* mens word! Hierdie

dinge het God ook aan Johannes geleer.

En eindelik het die Here gesê: "Nou is dit die regte tyd, Johannes! Nou moet jy na die mense gaan en vir hulle se dat die koninkryk van die hemele naby gekom het."

Johannes was bly! . . . Sy werk het nou begin!

Hy het na die Jordaan gegaan. Dit was 'n groot rivier. Almal wat na Jerusalem wou gaan, moes daarlangs verbygaan.



Daar het hy gaan staan met sy kaal kop en sy lang mantel aan. Daar het hy gepreek: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom!"

Die mense het bly staan om na hom te luister. Al hoe meer mense het na hom kom luister.

Van alle kante het die mense aangekom.

"Bekeer julle!" het Johannes uitgeroep. "Want die Saligmaker kom! Dit sal nou nie meer lank wees nie . . ."

Die mene se harte het bly geword, want hulle het al so baie lank vir die Saligmaker gewag.

Maar hulle het ook geskrik! . . . Want hulle het nagedink oor al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het . . . Oor al die slegte dinge wat daar in hulle harte was . . .

Toe het hulle na Johannes gegaan en gesê: "O, Johannes, ons is amper *bang* vir die Saligmaker. Want ons is sulke slegte, sondige mense . . . Ons harte is vuil van die sonde! Sal die Saligmaker nie dalk vir ons kwaad wees as ons so sleg is nie?"

Johannes vra vir hulle: "Is julle jammer oor al julle sondes? ... En sal julle regtig julle bes doen om *beter* mense te word?"

Ja, dit wou hulle graag doen.

"Dan sal Hy ook nie vir julle kwaad wees nie," se Johannes toe. "Dan sal Hy julle sonde vergewe en julle vuil harte weer skoon maak."

Toe het Johannes iets moois gedoen! Hy het dit gedoen om die mense te leer dat God hulle

'n skoon hart wil gee, 'n *rein* hart en dat Hy nie meer aan hulle lelike sondes wil dink nie . . .

Hy het die mense saam met hom in die water geneem en hulle *gedoop.*

Dit het beteken: Soos die water julle *liggame* skoon kan maak, so wil God julle *harte* skoon maak en al julle sonde wegwas.

Dit het die mense verstaan. Hulle wou toe almal graag gedoop word, want hulle wou baie graag rein harte hê! Hulle het baie van Johannes gehou.

Maar ... as daar mense kom wat nie regtig jammer was oor hulle sondes nie, het Johannes *hulle* nie gedoop nie! As sulkes by hom kom, was hy baie ontevrede met hulle! En dan het hy vir hulle goed die waarheid vertel.

"Gaan weg!" het hy uitgeroep. "Julle is vals! Julle *maak* asof julle God wil liefhê, maar julle bedoel dit glad nie! Julle' *maak* asof julle harte rein is, maar dit is vuil van die sonde. O, as die Saligmaker kom, sal Hy julle straf! " . . .

Toe het die mense nog meer van Johannes gehou, omdat hy nie bang was nie. Hulle het gewonder: "Is hy nie dalk self die Saligmaker nie?"

Maar toe Johannes dit hoor, het hy geskrik!

Hy het uitgeroep: "Nee, *ek* is nie die Saligmaker nie! Ek is maar Sy kneg! Pas op ! Dit mag julle nooit weer se nie, hoor! Die Saligmaker is baie belangriker as ek. Hy is die Koning en Hy sal nou baie gou kom!" . . .

En nie lank daarna nie, het dit regtig gebeur: Die Saligmaker het gekom!

Hy het na Johannes gekom, terwyl hy daar by die rivier gestaan het. En toe Johannes Hom eindelik sien, was hy baie, baie bly.

Daar kom die Here Jesus aan! En Hy is die Saligmaker; dit het Johannes alte goed geweet.

Maar wat Jesus toe vir hom gesê het, het so vreemd geklink, dat Johannes dit byna nie kon verstaan nie.

Jesus het gesê dat Hy ook gedoop wil word, net soos al die ander mense! Maar ... dit mag tog nie gebeur nie! Dit hoef mos nie! . . . Want Jesus se hart was mos rein! Hy het mos nog nooit 29

enige sonde gedoen nie! Nee, kyk, Johannes het sy kop ge-skud. Dit wou hy nie doen nie.

Maar Jesus se toe dat dit moet gebeur.

"En God wil dit ook so hê," sê Hy. "Jy moet dit doen, Johannes."

Toe loop hulle saam in die water. En toe is Jesus ook gedoop net soos al die ander mense met hulle sondige harte.

Maar toe Jesus weer uit die water kom, het daar iets moois gebeur, iets baie wonderliks!

Die hemel het oopgegaan. 'n Mooi wit lig het daaruit geskyn. En 'n stem wat uit die hemel kom, het gesê: "Dit is My. Seun wat Ek liefhet. Luister na Hom . . ."

En toe het Johannes baie seker geweet dat Jesus die Saligmaker is, wat gekom het om die mense gelukkig te maak.

Toe Jesus weer weggaan, het Johannes vir al die mense gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het al gekom. Die koning is al hier."

En hy het gedink: "Nou is my werk byna klaar. Nou moet die mense nie meer na *my* luister nie. Nou moet hulle almal na Jesus gaan! Vir my moet hulle maar vergeet, want ek is maar net Sy *kneg.* Maar Jesus is die *Koning.* Hom mag hulle nooit vergeet nie.

## *60. DIE EERSTE DISSIPELS*

Die see is baie, baie groot. Só groot dat jy nie dwarsoor kan kyk nie. Groot skepe ry daarop.

Jesus roep die vissers om Sy dissipels te word.

Die golwe slaan hard teen die rotse. En dit spoel so mooi oor die sand. Dit is lekker om langs die strand te stap.

Eenkeer het Jesus ook langs 'n see gestap, maar dit was nie so 'n baie groot see soos die regte see nie. Dit was die see van Galilea. Op die see het Jesus 'n skippie gesien. Dit was naby die kant. Daar was twee manne in die skippie. Twee broers. Hulle name was Petrus en Andreas. Hulle was vissers.

Hulle het 'n groot net gehad. Dit het hulle in die water gegooi. Dit was 'n visnet. Hulle wou visse daarmee vang. Dit was 'n mooi werk!

Jesus het gaan staan om na die vissers te kyk.

Die vissers het ook na Hom gekyk. Hulle het bly gedord toe hulle Hom sien. Want hulle het Hom geken.

Jesus sê toe: "Kom maar saam met My, dan sal Ek julle nog 'n mooier werk leer. Ek sal julle leer om die mense bly en gelukkig te maak . . . Kom maar, dan word julle My vriende, My dissipels. Dan bly julle altyd by My."

Altwee het gesê: "Dit doen ons baie graag, Here."

Hulle het dadelik saam met Jesus gegaan. Hulle skippie en hulle net het hulle net daar laat bly aan die kant van die see.

'n Entjie verder langs die strand het nog 'n skippie gele. Dit was vasgemaak aan die kant. 'n Klompie manne het daarin gesit. Hulle was besig om die nette heel te maak. Want as die nette oud word, het hulle partykeer stukkend gegaan as hulle visvang.

Daar was een ou man. Hy was die vader.

En twee jong manne was daarby. Hulle was die seuns.

Die een se naam was Jakobus; die ander s'n Johannes.

Dan was daar ook nog 'n paar knegte in die skip. Hulle het met die werk gehelp.

Maar toe kom Jesus daar aan. Hy roep Jakobus en Johannes en se vir hulle: "Kom saam met My, dan kan julle ook My dissipels wees!"

En die twee antwoord: "Baie graag, Here."

Hulle het dadelik saamgegaan. Hulle vader en die knegte het die werk verder klaargemaak.

Toe het Jesus al vier dissipels gehad.

'n Rukkie later het Jesus nog meer manne geroep om Sy dissipels te word. Op die ou end het Hy *twaalf* gehad.

Twaalf getroue vriende, wat altyd by Hom wou bly. Hulle wou almal die mooi werk leer: die werk om mense bly en gelukkig te maak.

Hulle liet saam met Jesus deur die hele land gegaan.

Hulle was baie lief vir Jesus.

Hulle wou graag Sy vriende wees.

## *61. DIE HERE JESUS OP DIE BRUILOF*

Daar was eendag 'n jong man en 'n jong meisie. Hulle het gaan trou. Sy was die bruid en hy was die bruidegom.

Hulle was baie gelukkig. En hulle wou hê dat hulle vriende saam met hulle gelukkig moes wees. Daarom het hulle 'n fees gehou, n bruilofsfees. Hulle het aan al hulle vriende, aan hulle ooms en tantes gevra: "Kom na ons bruilof toe."

Almal het gegaan. Hulle wou graag by die bruilof wees. Jesus het ook gegaan; Hy met 'n paar van Sy dissipels. Hy was ook genooi. Maria, die moeder van Jesus, was ook daar.

Dit was 'n lekker bruilof.

Hulle het lekker koek gekry om te eet. Ook het hulle lekker wyn gekry om te drink. Die knegte het vir almal daarvan gebring. Hulle het mooi musiek gemaak en saam gesing. Almal was vrolik en bly.

Maar terwyl die fees nog aan die gang was, het daar iets treurigs gebeur.

Die meeste mense het dit nie raak-gesien nie. Net die knegte en die bruidegom het daarvan geweet.

Weet julle wat gebeur het? Die wyn het opgeraak! Nou was daar niks meer om te drink nie.

Nou was die fees ook nie meer mooi nie. Hulle kon nou maar net so wel op gehou het om bruilof te vier. O, wat sal die mense sê as hulle weet dat daar nie eers meer wyn is nie!

Die arme bruidegom! . . . Ewe skaam en verdrietig het hy daar gesit. Maar niemand het geweet wat hom makeer nie.

Nee, iemand het tog geweet. Maria het gesien hoe hy sit en van sy moeilik-heid geweet. Sy wou hom baie graag help, maar sy kon nie.

Toe gaan sy na Jesus. Sy het ge-dink: "Hy sal seker kan help. Jesus is so slim en goed. Hy kan alles, alles doen!" . . .

Saggies sê sy vir Hom: "Hulle het glad nie meer wyn nie! . . . Help hulle tog, die arme mense

. . ."

Jesus antwoord: "Nie dadelik nie, maar 'n bietjie later."

Hy *wou* help. En Hy sou dit ook op die regte tyd doen.

Maria gaan toe na die knegte. Sy wys na Jesus en sê: "As Hy netnou iets vir julle sê, moet julle dit dadelik doen, hoor."

"Ons sal dit doen," het hulle geantwoord.

Hulle het vir Jesus gewag. 'n Tydjie later het Hy ook gekom. Hy het reguit na die knegte gegaan.

By die knegte het groot kruike wat van klip gemaak was, gestaan. Dit was waterkruike. Want daar was baie water nodig by die bruilof om al die skottels en koppies en bekers te was.



Toe sê Jesus vir die knegte: "Maak al die kruike vol water."

Hulle het dit dadelik gedoen. Hulle het gedink aan wat Maria gesê het. Hulle het die kruike propvol gemaak.

Toe sê Jesus: "Skep daarvan uit en neem dit na die hoof dienaar."

Die knegte het dit gedoen. Hulle het 'n bekervol van daardie water na die hoofdienaar geneem.

Hy was die belangrikste kneg wat moes sorg dat alles op die fees goedgaan. Hy het die beker geneem en daaraan geproe.

"O," sê hy, "maar dit is heerlik . . . regtig lekker wyn."

Toe roep hy die bruidegom en sê vir hom: "Nou het ons darem heerlike wyn! Dit is baie lekkerder as die wyn wat ons eers gedrink

het. Dit lyk my u het die lekkerste wyn vir heel laaste gebêre."

Maar die bruidegom het nie wyn gebêre nie. Hy het glad nie verstaan waar die heerlike wyn vandaan gekom het nie.

Maar die knegte, *hulle* het geweet! Water het hulle in die kruike gegooi. En *wyn* het hulle daaruit geskep. Jesus het 'n groot wonder gedoen: Hy het water in wyn verander.

Van toe a£ was die bruilof nog mooier en nog gelukkiger as vantevore. Die mense was verwonderd dat Jesus die water verander het in die heerlike wyn. Hulle kyk toe so eerbiedig na Hom, want hulle het gedink: "Wat 'n groot wonder het Hy gedoen! Wie is Hy tog? Is Hy dan nie 'n gewone mens nie?"

Maar die dissipels het geweet. Nou het hulle nog beter geweet dat Jesus die Here en Saligmaker was.

Hulle het in Hom geglo.

## *62. DIE WONDERLIKE VISVANGS*

Jesus het saam met Sy dissipels die hele land deurgegaan. En oral waar mense was wat hartseer was, het Hy hulle weer gelukkig gemaak.

Dit kon Jesus so goed doen: mense bly maak.

Partykeer het Hy mense gesien wat hartseer was omdat hulle nie goed kon *loop* nie. Hulle *voete* was siek. Dan het Jesus hulle hand gevat en hulle laat regop staan. Dan was hulle 33

dadelik gesond. Hulle kon weer loop-en spring. Hoe bly was hulle dan!

Soms het daar iemand gekom wat hartseer was omdat hy nie kon *sien* nie. Sy *oë* was siek.

Hy was blind. Hy moes maar altyd in die donker lewe . . . Maar Jesus het met Sy hand aan die siek oë geraak en dan het die blinde oë gesond geword. Dadelik kon die man dan alles sien. Ai, hoe dankbaar en bly was hy dan!

Maar die meeste mense was hartseer, omdat hulle *harte* siek was. Daar was so baie sonde in. Hulle het so baie verkeerde dinge gedoen, daardie mense. En dan was hulle bang dat God hulle sou straf sodat hulle nie eendag in die hemel mag kom nie.

Vir hierdie mense het Jesus ook gelukkig gemaak. Hy het hulle vertel dat God hulle *Uejhet.*

Dat Hy die *sondaars* liefhet. Hy het hulle getroos: "Ek sal sorg dat julle in die hemel kom ... Al het julle nóg so baie verkeerde dinge gedoen. As julle net regtig spyt het oor alles. As julle leer om God opreg lief te hê. Dan sal God julle *nie* straf nie. Dan sal *Ek* die straf vir julle dra

..."

Dit was 'n blye boodskap vir die mense! Almal wat dit gehoor het en vir Jesus lief was, het bly en gelukkig; geword.

Jesus het gesê: "Kom na My toe, almal wat hartseer is, en Ek sal julle bly maak."

Al hoe meer mense het na Hom gekom. Hulle wou almal die blye-boodskap hoor.

34

Daar het honderde, ja partykeer duisende mense gekom om na Jesus te luister . . .

Een keer het Hy weer by die see gekom. Toe dink Petrus: "Nou kan ek 'n slaggie weer lekker gaan visvang."

Sy bootjie het nog daar aan die kant van die water gele. Toe dit aand word, het hy saam met sy broer in die bootjie geklim en die see ingevaar. Want die nag was die beste tyd om vis te vang. Hulle het die net in die water gegooi en die hele nag probeer visvang. Maar toe dit al oggend is, het hulle nog niks gevang nie. Toe het hulle maar teruggegaan en die bootjie weer aan die kant vasgemaak. Die nette het hulle skoongespoel, want dit was net vol skulpe en seegras.

Net toe kom Jesus daar aan. 'n Hele klomp mense het agter Hom aange-loop.

Jesus het aan die kant van die see gaan staan om met die mense te praat. Om vir hulle die blye boodskap te bring dat God die mense liefhet.

Die mense het baie graag na dié blye boodskap geluister. Hulle wou baie naby Jesus staan.

Hulle het mekaar eintlik gestamp en gestoot om heel voor te kom. Hulle het Jesus amper in die water gedruk.

Toe klim Jesus in die bootjie. En Hy vra vir Petrus: "Roei so 'n klein endjie van die kant af, Petrus."

Dit wou Petrus graag doen. Hy het so 'n klein entjie van die kant weg geroei en toe die bootjie weer vasgeanker.

Toe kon die mense nie meer by Jesus kom nie. Toe kon hulle Hom nie meer in die water druk nie. Maar almal kon Hom goed sien en hoor.

Jesus het so mooi gepraat. Die mense het baie stil gesit en luister daar aan die kant van die see.

Maar toe word dit middag. Dit het begin warm word. Die son het op hulle neergebrand.

Jesus het toe opgehou met praat. Hy sê vir Petrus: "Roei 'n ent in die see en gooi julle nette uit in die water. Dan kan julle visvang."

Petrus kyk verbaas na Jesus. Nou in die middel van die dag? Dit was mos nie 'n goeie tyd om vis te vang nie. 'n Mens kry die tyd van die dag gewoonlik nooit vis nie . . .

Daarom sê Petrus: "Meester, ons het die hele nag probeer visvang, maar niks gekry nie ..."

Maar meteens dink hy daaraan dat dit Jesus is wat vir hulle gesê het om dit te doen. Hy moes tog gehoorsaam wees vir Jesus. Daarom antwoord Petrus: "Omdat U so sê, sal ek dit doen."

Toe stuur hy sy bootjie 'n ent in die see en gooi sy net uit. Hulle wag so 'n rukkie . . . Petrus dink: "Ek wonder of daar dié keer visse in die net sal kom? ' Dis amper onmoontlik . . ."

O, maar hy het heeltemal verkeerd gedink. Want toe hulle die net weer in die skip wou trek, kon hulle glad nie! . . . Só swaar was die net! Só vol was dit met visse. Die net het begin skeur.


Hoe moes hulle al die visse in die bootjie kry?

Gelukkig was Jakobus en Johannes daar naby in hulle skuitjie. Hulle het hul gou geroep. Hulle het toe kom help. Saam-saam het hulle die net met die visse uit die water getrek en die visse in die twee bootjies gegooi. Altwee bootjies was propvol vis!

Toe Petrus dit sien, het hy hom baie geskaam! Want dis mos *hy* wat gedink het dat hulle glad niks sou vang nie. Eintlik het hy vir Jesus nie geglo nie.

"O, maar ek is darem baie sleg," het Petrus gedink. "En hoe goed is Jesus nie! . . . Ek is te sleg om Sy vriend te wees."

Toe val hy op sy knieë neer en sê: "Here, gaan weg van my! ... Laat staan my alleen, want ek is 'n sondige mens!"



Maar Jesus sê vriendelik: "Toemaar, Petrus, jy mag My vriend wees. Jy mag My dissipel wees.

Jy moet nog die mooi werk by My leer om ander mense gelukkig te maak."

Van toe af was Petrus nog liewer vir Jesus.

### *63. 'N ARME SIEK MAN*

Daar was eenmaal 'n baie ongelukkige man.

Hy het heeltemal alleen in 'n hutjie gewoon. Êrens buitekant die stad in die veld, het hy gewoon. Hy *moes* daar woon. Ander mense het hom daarheen gejaag. Want die mense wou niks met hom te doen hê nie.

Hy het so 'n lelike, gevaarlike siekte gehad, daardie man! . . . Hy was melaats. Sy kop was vol lelike sere. Sy hande ook. En sy voete ook. Sy hele liggaam was vol. En as jy naby hom kom, kon jy die nare siekte ook kry.

Daarom het niemand naby hom gekom nie. Die mense moes darem vir hom iets bring om te eet. Dan het hulle dit daar naby sy hutjie neergesit en so vinnig as hulle kon weer weggehardloop!

Partykeer het die mense hom gesien as hy 'n entjie gaan stap. Dan hoor hulle hoe hy roep:

"Melaats! . . . Melaats!" Die siek man moes dit self roep om die mense te waarsku. Dan loop die mense met 'n wye draai verby hom. En dan kyk hulle nog kwaai en onvriendelik na hom.

"Wat doen die nare man hier naby die pad?" het hulle dan gedink.

Ag, die arme kêrel! . . . Hy was so ongelukkig. Hy het

altyd pyn gehad . . . Aan sy hande, aan sy voete, oral!

Niemand kon hom help nie. Niemand kon hom gesond

maak nie. En dan was almal boonop nog onvriendelik

met hom . . .

Maar eendag het Jesus daar naby die stad gekom.

Die arme man het Jesus nie geken nie. Maar hy het

gehoor dat ander mense van Hom praat. Die mense

wat vir hom kos gebring het en die mense wat met die

pad verby gegaan het.

"Jesus kan alles doen," het hy gehoor hulle sê. "Hy maak al die siek mense weer gesond ..."

Toe die siek man dit hoor, het hy baie bly geword. Hy het gedink: "Dan moet ek na Jesus toe gaan. Dan kan Jesus my mos ook gesond maak!"

Hy besluit om dadelik na Jesus te gaan soek. Met sy seer voete struikel hy maar aan, so vinnig as hy kon. As hy mense teëkom, roep

hy uit: "Melaats! Melaats!" . . . Dan Joop die mense 'n groot draai om hom. Hulle lyk kwaad. Hulle was almal bang vir hom.

Die arme man dink toe: "As Jesus tog net nie ook vir my kwaad en bang is nie! As Hy my net nie ook wegjaag nie. As Hy *my* tog beter sal maak . . ."

Hy kon byna nie verder loop nie , . . So moeg was hy.

Moes hy liewer teruggaan en weer in sy hutjie kruip? En altyd weer pyn hê en hartseer wees?

Nee, nee, hy moes eenvoudig verder! . . . Want Jesus kon hom gesond maak ... As Hy maar net wil!

So het hy aangesukkel, verder en verder. Hy het gesoek en gekyk . . . En eindelik, eindelik daar sien hy Jesus. 'n Hele klomp mense was by Hom.

Toe loop die man so vinnig as hy kon na Jesus toe. Die mense het verskrik weggespring toe hulle hom sien. En kwaad het hulle geskreeu: "Gaan weg! Wat soek jy hier?"

Maar die man het nie weggegaan nie. Hy was dan nou eindelik by Jesus.



Hy het op sy knieë voor Jesus neergeval. En sy seer hande het hy na Hom uitgesteek en gesmeek: "O Here, sal U my tog nie asseblief gesond maak nie? U kan dit doen as U net maar wil!"

En wat het Jesus gedoen?

Het Hy ook verskrik weggehardloop?

Het Hy ook gesê: "Gaan tog weg?"

Nee, dit het Jesus nie gedoen nie. Hy was so jammer vir die arme man. Hy was nie bang vir die lelike sere nie.

Hy het na die man toe gegaan. Die mense het eintlik geskrik, want Hy sit sommer Sy hand so op die sere en sê: "Ek wil; word gesond."

En kyk, wat gebeur toe met die sere!

Hulle was meteens weg, heeltemal weg!

En die pyn was ook weg.

Weg was die nare siekte!

Die man was weer beter, heeltemal gesond!

Hy het eintlik gehuil, só bly was hy! Hy het nie geweet hoe hy Jesus moes dankie sê nie.

Maar Jesus was alweer besig om verder te loop. Daar was nog so baie ander ongelukkige mense wat vir Hom gewag het.

Die man het teruggegaan na sy huis. Nee, nie meer na daardie aaklige hutjie nie. Na sy huis in die stad, waar hy vroeër gewoon het voor hy siek geword het. Want nou mag hy weer oral gegaan het. Hy hoef nie meer te geroep het om die mense te waarsku nie. En niemand was meer kwaad en onvriendelik vir hom nie.

Eers was hy so ongelukkig. Maar nou was hy weer 'n sterk, vrolike man!

Dit het Jesus vir hom gedoen.





## ***64. DIE MAN WAT VERLAM WAS***

Vier manne het langs die straat gestap. Hulle het 'n swaar vrag gedra.

Weet julle wat hulle gedra het?

'n Kombers. En op die kombers het 'n man gele.

Die man was siek. Hy kon sy voete nie roer nie. Ook nie sy hande nie. Hy kon niks doen nie.

Sy hele liggaam was siek. Hy was lam.

Die kombers was sy bed. Hy moes maar altyd daarop bly lê, die arme kêrel. En etenstye moes hy soos 'n kind gevoer word.

Maar dat sy *liggaam* siek was, was nog nie eers die ergste nie.

Weet julle wat nog baie erger was?

Die *hart* van die man was ook siek.

Hy het so baie sonde in sy lewe gedoen. Nou was hy bang vir God. Hy het gedink dat God vir hom kwaad was en nooit sy sonde sou vergewe nie.

Maar nou was Jesus in die wêreld om sulke siek mense te help. Daarom het sy vier vriende die arme man na Hom gebring.

Hulle het gesê: "Toemaar, Jesus kan jou help. Hy wil dit ook doen! Ons is seker Hy sal jou heeltemal gesond maak."

Maar die Here was in 'n huis. En daar was vreeslik baie mense wat na Hom toe gekom het.

Die hele huis was vol. En die gang was vol. En by die deure het nog 'n menigte mense mekaar gestaan en verdruk. Niemand wou effentjies padgee nie. Al die mense wou na Jesus gaan . .

.

Hoe moes die vier manne met hulle siek vriend nou by Hom kom?

Of moes hulle maar teruggaan en hulle vriend weer op sy ou plekkie gaan neerlê?

Nee, dit wou hulle glad nie doen nie. Hulle wou hom na Jesus bring.

En meteens dink hulle aan iets. Hulle het 'n oulike plan gekry.

Langs die muur van die huis was 'n trap. As 'n mens daarlangs opklim, kom jy op die dak. Dit was 'n plat dak. 'n Mens kon daarop loop.

Die vier manne dra toe hulle vriend versigtig met die trap op en sit hom op die dak neer. Toe maak hulle 'n gat in die dak en kyk daardeur na onder. Toe kon hulle sommer binne in die huis sien.

En daar sien hulle vir Jesus. Hy het in die huis gestaan en praat. Hy het die mense iets vertel.

Die vier manne het die gat groter gemaak. Só groot dat hulle vriend daardeur kon gaan. Toe bind hulle vier sterk toue aan die vier hoeke van die kombers.

"Pasop, hoor," sê hulle. "Wees versigtig!"

Toe laat hulle hul vriend na onder sak. Hulle het die toue styf vasgehou en die siek man stadig laat afsak . . . laer, al laer tot reg voor Jesus op die vloer.



Daar lê hy toe. Daar was soveel wat hy vir Jesus wou vra. Maar hy het dit nie gewaag nie. Hy het maar net na Hom gekyk . . ,

Jesus het ook na hom gekyk. Hy het gesien hoe ongelukkig hy was. Hy het sy siek liggaam gesien. Hy het ook sy siek hart gesien . . .

Toe sê Jesus vir hom: "Moenie meer hartseer wees nie. Jou sondes is jou vergewe."

Die man het baie gelukkig geword. Nou hoef hy nooit meer bang te wees nie. God was nie meer vir hom kwaad nie. Sy siek *hart* was nou gesond.

Maar toe sê Jesus ook nog: "Staan op; neem jou bed en gaan na jou huis toe."

En dadelik het die *liggaam* van die man ook gesond geword. Hy kon sy hande optel en sy bene ook. Meteens het hy weer 'n sterk, gesonde man geword. Dadelik staan hy op en neem sy kombers op sy skouer. Hy het sommer gelag en gejuig en uitgeroep: "O Here, hoe dank ek U. Hoe gelukkig is ek nou!"

Die mense wat daar by gestaan het en alles gesien het, kon hulle oë byna nie glo nie.

Hulle het gesê: "So 'n groot wonder het ons nog nooit vantevore gesien nie! Wat is die Here tog wonderlik en goed'"

## *65. DIE JONG MAN BY NAIN*

Eenkeer het Jesus en Sy dissipels langs die pad gestap. Toe kom hulle by 'n stad met die naam van Nain.

Om die stad Nain was 'n muur. In die muur was 'n groot deur. Dit was 'n poort.

Deur die poort het 'n hele klomp mense na buite gekom. Dit was 'n groot optog. Maar dit was

'n baie treurige optog . . .

Dit was 'n *begrafnis . . .* 'n Ou moeder het daarby geloop. Sy het vreeslik gehuil. Sy was baie hartseer.

Want dit was haar seun wat begrawe moes word. Haar enigste seun. Haar liewe seun was dood. Hy het op 'n draagbaar gele en vier manne het hom gedra . . .

Stil en bleek het hy daar gele. Dit het amper gelyk asof hy slaap. Maar hy sou nooit weer wakker word nie. Hy sou nooit weer "moeder" sê nie . . . Hy kon nie meer praat nie en nie meer hoor nie en nie meer sien nie. Hy was dood. En nou moes hy begrawe word in 'n graf.

En as die ou moeder na die begrafnis weer by haar huis kom, het sy niemand meer gehad nie. Geen man en geen kinders nie. Want haar man was lankal dood. En daar was ook nie ander kinders nie. Die jong man was haar enigste . . . Wie sou nou vir haar sorg?

Wie moes geld verdien om vir haar kos te koop?

Arme vrou . . . sy was so hartseer.

En al die mense by haar was saam met haar hartseer. Hulle was so jammer vir die arme ou vroutjie. Daarom het hulle saam met haar na die graf gegaan. Maar niemand kon haar help nie.

Nee?



Niemand nie?

Skielik sê 'n stem hier langs haar: "Moenie meer huil nie."

Toe kyk die moeder op. En almal kyk ook wie praat. Almal was verwonderd . . .

Wie was dit wat so gesê het?

Dit was Jesus! Hy was ook jammer vir die arme ou moeder ... Ja, nog jammerder as al die ander.

En Hy kon haar help!

Hy gaan na die draagbaar toe en lê Sy hand daarop. Die draers het bly staan. En al die ander mense het ook bly staan en verskrik gekyk. Wat wou Jesus maak? . . .

Hy het na die jong man gekyk. Hy was dood. Hy kon nie meer hoor nie en ook nie sien nie.

Hy kon niks doen nie . . .

Toe sê Jesus: "Jong man, Ek sê vir jou, staan op! "

En waarlik, die jong man het dit gehoor . . . Toe Jesus dit sê, het hy dit goed gehoor!

En hy was ook gehoorsaam. Hy gaan regop sit en begin weer praat. Toe neem Jesus sy hand en bring hom na sy moeder.

En die ou moeder? Sy het na haar seun gehardloop. Sy het haar arms om sy nek gegooi. Sy was nog nooit so bly in haar lewe nie . . . Sy het haar seun weer teruggekry. Sy kon dit byna nie glo nie. En tog was dit waar. Hy was dood, maar Jesus het hom weer lewendig gemaak.

Al die mense het gesê: "Hoe goed is God tog vir ons dat hy Jesus vir ons gestuur het!"

Die hele wêreld het daarvan gepraat hoe wonderlik Jesus was. So wonderlik dat Hy selfs 'n dooie weer lewendig gemaak het.

## *66. 'N BOOTJIE OP DIE SEE*

Eenkeer het Jesus weer by die see gekom. Oral was so baie mense wat swaargekry het en wat Hy weer wou gelukkig maak.

Hy het met die mense gepraat. Hy het hulle vertel van God wat hulle baie liefhet. Die siekes het Hy gesond gemaak. Hy het weer in Petrus se skuit gaan sit om só beter met die mense te praat.

Maar toe dit aand word, was Jesus baie moeg van al die werk. En nog steeds het 'n stroom mense gekom. Hulle het nie besef' dat Hy so moeg was nie. Nie 'n oomblik het hulle Hom met rus gelaat nie . . .

Toe sê Jesus vir Petrus: "Laat ons oor gaan na die anderkant van die see."

Hieroor was die dissipels bly. Aan die anderkant van die see het geen mense gewoon nie.

Daar was dit stil.

Daar was net berge. Daar sou Jesus lekker kon uitrus . . .

En daar gaan hulle toe. Jesus het agter in die skip gaan lê en slaap met Sy kop op 'n kussing.

Die dissipels het saggies met mekaar gesels sodat hulle Hom nie sou wakker maak nie.

Die aand was mooi en stil. Blink sterretjies het hoog in die lug geskitter. 'n Sagte windjie het teen die seile gewaai en die skuit vorentoe laat gaan. Die dissipels het geluister hoe die golfies teen die skuit aanklots. Alles was so stil en rustig na die besige dag.

Maar toe hulle in die middel van die see kom, het die weer skielik verander.

Meteens was die sterre weg. Die hele lug was donker van die wolke. Die wind het geweldig sterk begin te v/aai. Die klein brandertjies het baie groot geword. Dit was nie meer mooi om die golwe teen die skuit te sien nie. Want dit het so kwaai geslaan asof hulle besig was om 41

teen die skuit te veg . . . asof hulle die arme bootjie stukkend wou slaan.

Die wind het die skuit heen en weer geslinger en die seile geskeur. Die klein skuitjie het op en neer op die hoé' golwe gedans dat dit soms byna omgeslaan het!

Die dissipels het bang geword . . . Want die golwe het soms bo-oor die skuit geslaan. Dit was soms byna heeltemal onder water. Sê nou net dit sink! Dan sou hulle almal verdrink in die woeste waters.

Wat dan van Jesus?

Waar was Jesus op die oomblik? Het Hy nog altyd lê en slaap? Het Hy dan nie omgegee dat hulle almal verdrink nie?

Toe gaan die dissipels na Hom toe. Hulle moes eintlik *kruip* teen die wind om by Hom te kom.

Hulle maak Hom wakker en roep beangs: "O, Meester, help ons tog! . . . Meester, ons vergaan.

Gee U dan nie om dat ons almal verdrink nie?"

Toe word Jesus wakker. Hy het wel *die* wind hoor raas en die golwe sien siaan, maar Hy het glad nie geskrik nie.

Hy vra: "Waarom is julle bang? Ek sal nie toelaat dat julle verdrink nie."

Toe staan Hy op. Hy het regop gaan staan en na die see en die wind gekyk.

Hy sê: "Wees stil see! Wind gaan lê . . ."


En meteens was dit roerloos stil. Die wind mag nie meer waai nie. En die golwe durf nie meer teen die skuit slaan nie. Alles moes dadelik gehoorsaam wees aan Jesus.

Toe vra Hy aan Sy dissipels: "Sien julle nou dat julle altyd by my veilig is?"

Die dissipels het stilgebly. Hulle was so skaam.

En terwyl hulle rustig verder ry oor die stil see, fluister hulle onder mekaar: "Hoe is dit moontlik dat selfs die see en die wind vir Hom gehoorsaam is?"

Toe het hulle verseker geweet: Jesus is die Here en hulle hoef nooit Lang te wees as Hy naby hulle is nie.



*Ludolf Bakhuizen*

'n Groot storm het die waters van die see tot binne in die bootjie laat stroom.

43

## ***67. DIE DOGTERTJIE VAN JAIRUS***

Daar was eendag 'n vader en 'n moeder. Hulle het net één dogtertjie gehad, 'n Meisie van twaalf jaar oud. Die vader se naam was Jaïrus.

Hulle het in Kapernaüm gewoon. Dit was 'n stad naby die see. Hulle het in 'n groot huis gewoon, want hulle was ryk mense. Die huisgesin was lief vir mekaar en het gelukkig saam gewoon.

Maar eendag het die dogtertjie siek geword. Sommer baie siek. Só siek dat niks haar kon beter maak nie.

Bleek en stil het sy op haar bedjie gele. Sy was al baie swak. Sy kon byna nie meer praat nie.

Die dokter het gesê: "Dit sal nou nie meer lank wees nie. Julle dogtertjie sal sterwe. Geen dokter kan nou meer iets vir haar doen nie."

Dit was vreeslik. Die vader en moeder het nie geweet wat hulle moes doen nie, só hartseer was hulle. Want dit was hulle enigste kindjie. Hulle enigste ou dogtertjie. En hulle was so lief vir haar. As sy dood is, het hulle niemand meer gehad nie . . .

Maar skielik dink Jaïrus aan Jesus! . . . Jesus was so wonderlik en so goed. *Hy* kon sy liewe ou dogtertjie sekerlik gesond maak . . .

Jesus was daar naby. Hy was by die see. As Hy tog maar dadelik kon kom, vóór die dogtertjie sterwe . . . Vóór dit te laat sou wees!

Die vader het vinnig na buite gehardloop, deur die strate tot by die see. Daar was 'n klomp mense. En tussen die mense het Jesus gestaan.

Die vader het tussen die mense deurgedruk en voor Jesus op sy knieë geval. Hy het gesmeek:

"O Meester, kom tog dadelik saam met my! My dogtertjie is baie siek, en is al amper dood.

Maar U kan haar gesond maak. As U u hand op haar koppie lê, sal sy weer beter word . . ."

Toe gaan Jesus dadelik saam met Jaïrus.

Maar hulle kon nie so vinnig loop nie. Daar was soveel mense wat wou saamgaan. Hulle moes vir hulle 'n pad tussen die mense oopdruk. Dit het lank geneem voor hulle by Jaïrus se huis kon aankom.

"Ag, as ons net nie te laat is nie," het Jaïrus gesug.

En dit was ook regtig te laat. 'n Kneg het na hulle toe aangehardloop gekom. Hy het so verdrietig gelyk. Hy se: "U dogtertjie is dood. Jesus hoef nou nie meer te kom nie. Hy kan nou nie meer help nie ..."

Maar Jesus se: "Moenie bang en hartseer wees nie, Jaïrus. Glo net dat Ek jou nog kan help."

Toe was Jaïrus nie meer so verdrietig nie. Hy het Jesus geglo. Hy het gedink: "Ek. weet nie *hoe* dit sal gebeur nie. Maar ek glo dat Jesus alles kan regmaak."

Toe kom hulle by die huis aan.

Al die mense moes buite bly. Die meeste dissipels ook. Net drie dissipels mag saamgegaan het: Petrus en Jakobus en Johannes.

Maar binne in die huis was net so baie mense. Hulle het al gehoor dat die dogtertjie dood is.


En nou staan hulle almal en huil.

Jesus sê vir hulle: "Waarom staan julle so en huil? Die dogtertjie is nie dood nie. Sy slaap."

Toe lag die mense vir Jesus uit, want hulle het geweet die dogtertjie is regtig dood. Toe stuur Jesus hulle almal na buite.

Dit het stil geword in die huis.

Jesus het na die kamer gegaan waar die dogtertjie gele het. Net die drie dissipels mag 44



saamgegaan het. En die vader en moeder.

Die dogtertjie het op haar bed gele. Haar ogies was toe. Dit het gelyk asof sy slaap.

So het sy in die oggende ook gele as haar mammie haar hom wakker maak het. Dan het haar mammie altyd gesê: "Dogtertjie, nou moet jy opstaan." Dan het sy haar ogies oopgemaak.

Maar nou was sy dood. Sy het nie meer asemgehaal nie. En haar hartjie het nie meer geklop nie. Nee, nou sou sy nie meer hoor as haar mammie haar roep nie.

Maar toe Jesus haar roep, *toe* het sy gehoor! . . .

Jesus het haar handjie gevat en vriendelik gesê: "Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!"

En waarlik, daar gaan die dooie ogies oop. Die hartjie begin weer te klop. Die dogtertjie het regop gaan sit. Ja, sy het opgestaan en na haar mammie toe gegaan.

Sy was nie meer dood nie. Sy was nie eers meer siek nie. Jesus het haar meteens lewendig en heeltemal beter gemaak.

Vol blydskap het haar moeder na haar gehardloop en haar in haar arms geneem. Die vader het haar ook omhels en 'n soentjie gegee.

Jesus sê toe.: "Gee haar eers iets om te eet."

Só goed het Hy vir die dogtertjie gesorg . . .

Al die mense was verwonderd dat Jesus die dooie dogtertjie weer lewendig gemaak het. En Sy dissipels het weer gesien dat Hy nie net 'n mens is nie, maar die Here.

## *68. DIE WONDER VAN DIE BRODE*

Jesus was eendag tussen die berge aan die oorkant van die see. Sy dissipels was by Hom.

Daar het nie mense gewoon nie. Daar was dit stil en rustig.

Hulle het daarheen gegaan in Petrus se skuit. Hulle wou daar 'n bietjie gaan uitrus. Want almal was so moeg van die werk.

Maar die mense het gesien dat Jesus daarheen gaan. Toe het hulle Hom daar gaan soek.

Hulle wou so graag by Hom wees. Hulle het ook siek mense daarheen saamgebring. Hulle wou Jesus vra om dié weer gesond te maak.

Daar het al hoe meer mense bygekom. Op die ou end was daar meer as vyf-duisend mense.

Wat dink julle het Jesus toe gedoen?

Sou Hy die mense wegstuur?

Sou Hy vir hulle sê: "Gaan liewer terug na julle huise, want Ek is so moeg?"

Nee, dit het Hy nie gedoen nie. Jesus het nooit iemand wat Hom nodig het, weggestuur nie.

Hy het dadelik weer begin te werk. Hy het met die mense gepraat. Hy het mooi stories vir hulle vertel. Stories wat hulle harte bly kon maak. Hy het ook al die siek mense gesond gemaak.

Maar toe begin dit aand word. Die son was al byna onder. Nog 'n rukkie, dan sou dit donker 45



wees. En waar moes al die mense dan bly? Waar moes hulle kos kry om te eet? Want daar tussen die berge was glad nie huise nie. Hulle kon nie iets gaan koop om te eet nie. Hulle sou eers baie ver moes loop na 'n dorp.

Die mense het nie aan kos gedink nie. Hulle het so stil na Jesus gesit en luister. En dit lyk ook asof Hy nie aan kos dink nie.

Maar die dissipels het daaraan gedink!

Hulle het na Jesus gegaan en gesê: "Stuur die mense weg dat hulle iets vir hulle kan gaan koop om te eet."

Ag, die domme dissipels! Dan moes die mense eers vreeslik vèr loop. En dit was al so laat.

En daar was so baie *arm* mense by. Hulle het nie geld gehad om kos te koop nie. Moes hulle dan maar honger ly?

Toe se Jesus vir hulle: *"Julle* moet vir hulle kos gee ..."

Die dissipels kyk verbaas na Jesus. Moes *hulle* al die mense kos gee? Dit kon hulle tog nie doen nie. Daar was gans te veel mense.

Maar Jesus se vir hulle: "Gaan kyk , bietjie hoeveel brode julle kan kry." Toe gaan soek die dissipels rond. Eindelik kry hulle 'n seuntjie wat kos by hom het. Die seun het ook agter Jesus aangekom. Hy het 'n mandjie by hom gehad. Daarin was sy padkos: vyf broodjies en twee vissies . . . Maar dit was nog glad nie genoeg vir *al* die mense nie.

Die dissipels gaan toe terug na Jesus en sê vir Hom: "Ons kry maar net vyf broodjies en twee vissies . . ."

Toe sê Jesus: "Bring dit hier na My toe."

Dit het hulle gedoen. Die seuntjie het dit graag vir Jesus gegee.

Toe sê die Here: "Al die mense moet nou op die gras gaan sit."

Die mense het klompies-klompies gaan sit.

Toe neem Jesus die vyf klein broodjies en die twee klein vissies en sit dit voor Hom neer. Hy het opgekyk na die hemel en Sy Vader gedank vir die brood en die vis. Hy het Sy hande bokant die kos gehou en dit geseën.

En toe gebeur daar iets baie wonderliks! . . . Jesus het die brood geneem en dit in stukke gebreek. Die visse ook. Die stukke het Hy in 'n mandjie gesit. Die hele mandjie het Hy volgemaak! En daarna nóg

'n mandjievol! En nog 'n mandjievol! ... En nóg een! ... En nog baie meer! . . .

Die dissipels het die mandjies vol brood en vis vir die mense gaan gee.

Mandjies en mandjies vol brood en vis! . . . Die mense kon eet soveel as hulle wou. Waar het al die heerlike kos tog vandaan gekom? . . .

Dit het alles uit die hande van Jesus gekom. Hy het die groot wonder gedoen. Toe almal genoeg geëet het, het die dissipels die gebreekte brood en vis wat nog oorgebly het, in mandjies gepak. Want geen kos mag vermors word nie. Wat oorgebly het, kon later weer gebruik word.

En kan julle raai hoeveel oorgebly het? Twaalf

mandjies vol! Daar het meer oorgebly as wat daar in

die begin was. En tog het so baie mense daarvan

geëet. Vyf duisend mense.

Die mense kon byna nie glo dat Jesus so wonderlik en so magtig is nie.

Hulle het onder mekaar gesels: "Jesus kan waarlik alles doen! Hy is die Saligmaker . . . Weet 46

julle wat ons moet doen? Ons moet Hom koning maak! Dan moet Hy in 'n mooi paleis gaan woon en al ons vyande wegjaag. Ja, want dit sal Hy ook kan doen! Hy sal sekerlik ook kan veg en oorlog maak. O ja, Jesus moet ons koning word!"

Maar Jesus wou dit nie wees nie. Hy wou nie 'n veg-koning wees nie . . . Later, wanneer al Sy werk op die aarde klaar was, dan sou Hy Koning word.

Nie 'n *veg-koning,* wat oorlog maak nie! . . . Maar 'n *vrede-koning*!

En nie 'n koninkryk van die aarde nie. Maar 'n koninkryk van die hemel.

Toe het Hy die mense weggestuur. Omdat hulle Hom koning wou maak.

En Sy dissipels het Hy ook weggestuur.

Hy het vir hulle gesê: "Klim in die bootjie en seil oor na die anderkant van die see. Ek sal later kom."

Die dissipels wou nie graag van Hom af weggaan nie. Maar hulle moes dit doen. Hulle moes vir Jesus gehoorsaam wees.

Hy het alleen agtergebly.

Dit het donker en stil geword.

Dit was nag.

Toe het Jesus op 'n berg geklim en daar neergekniel.

Hy het gaan bid.

Hy het met Sy Vader wat in die Hemel was, gaan praat.

## *69. JESUS LOOP OP DIE SEE*

'n Klein skippie het op die see gevaar. In die skippie was twaalf manne. Hulle was die dissipels.

Jesus het hulle weggestuur. Hy het gesê: "Vaar oor na die anderkant van die see. Ek sal later kom."

Die dissipels wou nie graag gaan nie. Hulle wou liewer by Jesus bly. Maar hulle moes gehoorsaam wees . . .

Toe hulle wegseil, was dit aand. Nou het die nag al gekom. Dit was donker. En hulle moes teen die wind seil. Hulle moes hard roei om vorentoe te kom.

Die wind het naderhand al hoe harder begin te waai! . . . Die dissipels het geroei so wat hulle kon, maar het die skippie skaars geroer teen die wind. Hulle kon nie verder kom nie. Die wind en die golwe het hulle teruggehou. Die hoë golwe het wild teen die skippie geslaan. Die arme ou skippie het sommer gekraak en gekreun! Een oomblik het dit hoog op die golwe gedans en dan weer was dit byna toe onder die water. Se nou net die skippie word stukkend geslaan!

. . . Wat dan? . . . Moes hulle dan maar almal verdrink?

Die dissipels het begin bang word.

Hulle het gedink: "Nou is ons heeltemal alleen in die middel van die gevaarlike see . . . Nou is Jesus nie by ons soos die vorige keer, toe die storm so erg was nie! . . . *Nou* kan Hy ons nie help nie . . . As Hy tog maar net geweet het, sou Hy ons gehelp het . . . Maar Hy weet dit nie

. . . Hy sien ons nie . . . Ons is alleen. Miskien verdrink ons nog almal vannag ..."

Maar Jesus het geweet! Hy het Sy dissipels gesien!

Hy was nog daar tussen die berge . . . Heeltemal alleen in die donker. Daar het Hy gaan bid.

Hy het met Sy Vader wat in die hemel is, gaan praat.

Maar Hy het Sy dissipels nie vergeet nie. Al was dit donker het Hy hulle gesien. Jesus kan dwarsdeur die donker kyk!

Hy het gesien hoe hard hulle roei om weg te kom uit die storm. Hy het ook gesien hoe bang hulle is en hoe hulle na Hom verlang. Hy het geweet hulle het Hom nodig gehad. En toe gaan Hy na Sy dissipels toe.

Nie met 'n skip nie!

Dit was nie nodig nie.

Die water kon Jesus nie keer nie.

Die water moes vir Hom gehoorsaam wees.

En die water het Hom gedra. Jesus het bo-oor die water na die skippie van Sy dissipels geloop...

Die dissipels het geroei en geroei. Hulle was so bang dat hulle sou verdrink. En daar sien hulle meteens iets wits op die water aankom.

Hulle het baie geskrik.

"'n Spook! . . . 'n Spook!" skreeu hulle.

Maar toe hoor hulle Jesus se stem: "Moenie bang wees nie. Dit is Ek."

Hoe bly was hulle om Sy stem te hoor. Jesus het na hulle gekom, daar waar hulle in so 'n groot gevaar in die woeste storm was. Hy het hulle nie vergeet nie. Hy het geweet hulle het Hom nodig.

Petrus was nog die blyste van almal.

Toe roep hy na Jesus "Here, is dit U? Loop U sommer so op die water? Mag ek na U toe kom?

Mag ek ook op die water loop?" . . .

"Kom," sê Jesus toe vir hom.

Toe klim Petrus uit die bootjie en sit sy voete bo-op die water. En kyk, die water het hóm ook gedra. Hy het nie ingesak nie! Hy het oor die water na Jesus toe begin loop. Eers was hy glad nie bang nie. ' Want hy het na Jesus gekyk. Hy het geweet dat Hy vir hom sou sorg . . .

Maar o! hoe vreeslik het die wind gewaai! Hoe rol die golwe onder sy voete deur! . . . Hoe diep en donker en koud was die water tog! . . .

En toe Petrus dit sien en daaraan dink, het hy bang geword.

Toe vergeet hy vir Jesus.

En skielik begin hy in die diep see weg te sink!

"Here, help my!" roep Petrus.

Jesus was al naby hom en gryp hom aan sy hand. Ely trek Petrus uit die water en sê

"Kleingelowige, waarom het jy My vergeet?"

Met Petrus aan die hand het Jesus na die skippie geloop. Toe het hulle altwee ingeklim. En .

. . toe gebeur iets wonderliks: dit was meteens doodstil!

Die wind het nie meer gewaai nie.

Die golwe het nie meer teen die skip geslaan nie.

Die wind en die golwe het geweet wie toe in die skippie was!

Maar die dissipels het ook geweet!

Hulle het op hulle knieë voor Jesus neergeval en baie eerbiedig gesê: "O, Here, hoe magtig is U! U is die Seun van God! . . . U kan altyd vir ons sorg, al is U ook nie eers by ons nie! . . ."

Ja, nou het hulle dit baie goed geweet. As Jesus jou Vriend is, is jy altyd veilig. Dan hoef jy nooit bang te wees nie.

48



## *70. DIE MAN WAT NIE WOU VERGEWE NIE*

As 'n ander kind jou seermaak, wat doen *jy* dan? . . .

Maak jy hom ook seer?

Ja, 'n mens voel baie keer lus om dit te doen, nè?

Maar dit mag nie gebeur nie.

Jesus wil dit nie hê nie.

Wat moet jy dan doen, as iemand jou kwaad aandoen?

Dan moet jy nog goed wees vir hom. Dan moet jy daardie kwaad *vergewe.*

Dit doen Jesus. Ons het so baie kwaad gedoen. Ons maak Hom so baie keer hartseer. Maar Hy vergewe ons elke keer maar weer. Elke keer as ons jammer is en Hom vra. Hy wil ons graag help om mooi en goed te lewe.

Jesus sê: "Julle moet netso maak soos Ek. Julle moet mekaar die kwaad vergewe. Want as julle dit nie doen nie, sal God dit ook nie doen nie. Dan vergewe Hy julle die kwaad ook nie!"

Oor hierdie dinge het Jesus 'n mooi storie vertel.

Wil julle dit hoor?

Luister dan . . .

Daar was eendag 'n koning. Hy het baie knegte

gehad. Een van die knegte het 'n klomp geld aan die

koning geskuld. Sommer 'n wavrag vol. Hy moes dit

aan die koning terugbetaal.

Eendag het die koning hom laat roep.

Toe sê die koning: "Jy het nou lank tyd gehad. Nou

moet jy al die geld wat jy my skuld terugbetaal!" ...

Toe word die kneg baie skaam en bang. Want hy

het glad nie geld gehad nie. Hy kon nie betaal nie.

Die koning sê: "Nou ja, dan moet jy tronk toe!"

Die kneg het groot geskrik. Hy het op sy knieë voor

die koning neergeval. Toe begin hy te huil en te

soebat: "O, koning, kry my tog jammer! Moenie my

in die tronk sit nie . . . Later sal ek alles aan u terugbetaal!"

Eintlik sou hy dit nooit kon terugbetaal nie. Sy skuld

was gans te veel. Maar die koning was 'n baie goeie koning. Hy het die kneg wat so huil en soebat jammer gekry. Daarom sê hy: "Gaan maar huis toe. Jy hoef my glad niks te betaal nie.

Jy is nou vry."

Hoe bly was die kneg toe! Vrolik het hy daar by die paleis weggestap. Hy het lus gevoel om te dans en te spring van blydskap. Hy hoef nie in die tronk te gaan sit nie. En hy hoef ook nie

'n pennie vir die koning meer te betaal nie. Hoe goed was die koning vir hom gewees!

Toe hy daar in die straat loop, sien hy 'n ander kneg van die koning wat weer vir hóm geld skuld. Nie baie nie, hoor. Sommer maar 'n handjievol geld. Maar betaal moes hy!

Die eerste kneg bestorm die ander kneg. Hy gryp hom voor sy bors en skreeu vir hom: "Nou het ek jou, meneertjie. Betaal, kêrel! Betaal nou dadelik die geld wat jy my skuld! . . Anders gooi ek jou in die tronk!"

Nou word die ander kneg weer skaam en bang . . . Hy val op sy knieë. Hy huil en hy soebat: 

"Ag, moet tog nie vir my kwaad wees nie. Ek sal jou betaal. Ek sal jou alles betaal as jy net 'n rukkie wag... Op die oomblik het ek geen geld nie. Moet my net nie in die tronk sit nie!" . . .

Maar die eerste kneg is nie jammer vir hom nie.

Die koning was so goed vir hóm gewees . . . Maar hy is glad nie goed vir iemand anders nie.

Hy sleep die ander kneg oor die straat en laat hom in die tronk sit.

Die koning het hom *alles* vergewe. Maar hy wil niks, *niks* vergewe nie . . .

Maar die mense op straat het alles gesien. Hulle gaan toe na die koning en vertel hom dit.

Toe het die goeie koning baie kwaad geword!

Hy laat die kneg weer 'n keer roep en se: "Jou slegte, nare kneg! , . . Vir jou het ek alles vergewe. Moes jy dan ook nie die ander kneg alles vergewe nie?"

Hy het weer gehuil en gesoebat, maar dié keer het die koning hom glad nie jammer gekry nie.

Hy het hom ook in die tronk laat sit.

Dit was sy verdiende loon.

Dit verstaan julle mos.

Maar toe Jesus hierdie storie klaar vertel het, het Hy gesê: "So sal My Vader wat in die hemel is ook met julle doen, as julle mekaar nie wil vergewe nie ..."

Verstaan julle wat dit beteken?

Wat sal jy nou maak as 'n ander kind jou kwaad aandoen?

## ***71. DIE GOEIE HERDER***

Daar was eendag 'n klein ou skapie. Sy naam was Lammetjie.

Lammetjie het in 'n stal gewoon. Daar het ook nog ander skape gewoon. Ja, 'n hele honderd.

Dit was sommer 'n klomp, 'n Groot kudde.

In die nag is die deur van die stal toegemaak. Dan het die skape lekker warm op die strooi geslaap.

Maar elke oggend het die goeie Herder gekom. Hy het die staldeur oopgemaak.

Hy het sy skape goed geken. Hy het elke skaap op sy naam geroep: "Kom Swartkoppie! . . .

Kom Hangoortjie!

En hy het ook gesê: "Kom Lammetjie!"

Die skape het die goeie Herder goed geken. Hulle het sy *stem* ook geken. Hulle het ewe gehoorsaam na buite gekom wanneer hy roep. Dan het die goeie Herder gesê: "Nou moet julle naby my bly, hoor!"

Saam het hulle na die veld gegaan.

Die goeie Herder het voor geloop. Die skape het agter hom aangekom. Hulle het verby klowe en oor hoë berge gegaan. Partykeer was die paadjie baie smal. By plekke was dit ook gevaarlik.

Maar die skape het naby die goeie Herder gebly. En daarom het dit met hulle goedgegaan.

Hulle kon nie verdwaal nie. Die goeie Herder het die pad geken. En eindelik het hulle by weiveld aangekom.

Daar was dit baie lekker. Daar het heerlike groen gras gegroei. Daar kon hulle eet net soveel as hulle wou. Maar hulle mag nie te ver rondgeloop het nie. Dan roep die goeie Herder hulle terug. Hy het sy skape goed opgepas.

50

51



Eenkeer het Lammetjie bietjie te ver afgedwaal. Toe kom daar 'n hongerige wilde dier aangesluip. Hy het Lammertjie bekruip.

Maar voordat hy op Lammertjie kon spring, het die goeie Herder hom gesien. Hy het vinnig daarheen gehardloop. Hy was nie bang vir die wilde dier nie. Met sy lang stok het hy hom weggejaag.

Toe sê hy vir Lammetjie: "Nou bly jy hier naby my. By my is jy altyd veilig."

Maar Lammetjie was dom en ongehoorsaam. Alte gou het hy alweer die wilde dier vergeet.

Hy het gedink: "Ek is groot genoeg. Ek kan vir myself sorg."

Toe het hy maar weer sy eie gang gegaan. Hy het glad nie aan die ander skape gedink nie.

Hy het al hoe verder en verder weggeloop van die goeie Herder ...

Maar toe word dit aand. En toe wou Lammetjie teruggaan. Hy het na die ander skape begin soek. Maar hy kon hulle nêrens kry nie. Hy het hard begin te bier. Hy het geroep. Maar hy het glad nie antwoord gekry nie.

Lammetjie het bang geword. Want hy was heeltemal alleen in die wye, donker wêreld. Hy kon die goeie Herder nêrens kry nie.

Nou was hy baie spyt. "Ag, het ek tog liewer nooit van die goeie Herder af weggeloop nie,"

het hy gedink.

Hy het lank gesoek, maar hy het al hoe meer verdwaal. Dit was ookal pikdonker. En daar was so baie slote in die veld. Lammetjie kon nie

meer goed sien waar hy loop nie. Terwyl hy nog voel-voel in die donker rond soek, val hy meteens binne-in 'n diep sloot.

En daar lê die outjie toe. Hy het gekreun en geblêr. Sy beentjie was baie seer.

Lammetjie het probeer opstaan, maar hy kon nie. Weer het hy geblêr en geroep: "Help! Help my tog!" Maar die veld was doodstil.

Arme ou Lammetjie! Waar is sy goeie Herder tog?

Ja, waar was die goeie Herder?

Die goeie Herder het al huis "toe gegaan. Hy het by die staldeur gestaan en die skape laat ingaan.

Hy was besig om hulle te tel. "Een, twee, drie, vier, . . . twintig . . . sestig . . . honderd ..."

Nee, daar was nie honderd nie. Één skapie het kort gekom. Toe eers kom hy dit agter: Lammetjie was nie by die klomp nie!

Die goeie Herder was nou baie' hartseer. Want hy was baie lief vir Lammetjie, al was hy so ongehoorsaam. Hy was baie moeg na die lang dag, maar hy gaan nie huis toe om te rus nie.

Hy was óók honger en dors. Maar hy hef nie gaan eet of drink nie . . .
.

Hy het dadelik teruggegaan. Hy het stokalleen teruggeloop al was dit ook pikdonker. Hy het sy verlore skapie gaan soek. Al verder en verder het hy geloop. Hy het oral gesoek. Elke keer het hy stilgestaan en "Lammetjie!" geroep.

En toe skielik hoor hy iets: "Mê . . . mê!

Dit was 'n swak ou stemmetjie wat antwoord gegee het.

Die goeie Herder het gou-gou in daardie rigting geloop. En eindelik sien hy sy verlore skapie.

Sommer net 'n klein wit vlekkie in die donker . . . . Die Herder was baie bly. Hy het die diertjie in sy sterk arms geneem en in die donker huis toe gedra.

Lammetjie het sy koppie teen die bors van die goeie Herder gedruk. Nou was hy eindelik weer gelukkig en tevrede. "Nou is ek veilig," het hy gedink. "Nou sal die goeie Herder vir my sorg; Die liewe, goeie Herder! Nooit weer loop ek weg nie. Van nou af sal ek altyd gehoorsaam wees!"



Laat die nag het hulle eers by die stal aangekom. Die goeie Herder het Lammetjie op die warm strooi neergelê.

Hy het hom water gegee om te drink. Om die seer been het hy 'n lappie gedraai. Toe eers het hy self gaan eet en gaan slaap.

Hy was baie bly dat hy sy verlore skapie weer teruggekry het.

Was dit vir julle 'n mooi storie?

Dit is 'n storie wat Jesus vertel het.

En toe Jesus dit vir die mense vertel het, het Hy ook nog gesê: *"Ek* is die goeie Herder."

Verstaan julle dit? . . .

*Hy* is die goeie Herder. En *ons is* Sy skapies! Almal — groot mense en kinders — wat Hom liefhet, mag Sy skapies wees.

Hy sorg vir ons. Hy pas ons op. As om ongehoorsaam is en van Hom af weggaan, soek Hy totdat Hy ons v/eer kry! ... En Hy is altyd baie bly as Hy die verlore skapie weer vind.

Die liewe, goeie' Herder.

Laat ons maar altyd liewer naby Hom bly.

By Hom is ons altyd veilig.

### *72. DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN*

Daar was eendag 'n man wat vér moes gaan reis. Hy was in Jerusalem. Hy moes na 'n ander stad gaan, na Jérigo.

Dit was 'n gevaarlike pad waarlangs hy moes reis. Daar was geen huise nie. Daar het ook nie mense gewoon nie. Die pad het oor berge en deur bosse gegaan.

Tussen die bosse het daar baie keer rowers gesit en loer. Lelike, slegte mense, ja . . . Hulle het die man sien aankom. En toe hy naby genoeg was, het hulle op hom gespring. Hulle het hom gegryp en al sy geld geneem. Hulle het sy klere van sy liggaam afgetrek. Ook het hulle hom verskriklik geslaan. So erg dat hy halfdood daar in die pad bly lê het.

Toe maak hulle dat hulle wegkom en laat hom net so lê.

Daar bly die arme man toe langs die pad lê. Met 'n groot gat in sy kop. Met skrape en kneusplekke en wonde aan sy hele liggaam. Hy het gele en kreun van die pyn. Hy kon nie eens loop nie. Daar moes hy maar bly lê. "As hier niemand kom om my te help nie, sal ek maar hier moet doodgaan," het hy gedink.

Maar na 'n rukkie ... daar aan die kant van die eensame pad . . . stap, stap, stap, klink dit ....

Hoor, daar kom iemand aan!

Dit is 'n man, aangetrek in wit klere . . . Hy is 'n priester wat in Jerusalem in die tempel tot God gaan bid het. 'n Kneg van God . . .

Hy sal die arme man tog seker jammer kry! Hy sal hom seker dadelik help . . .

Die siek man tel sy kop effens op en roep swakkies: "Help my, help my tog!"

Die priester het dit goed gehoor. Hy het die man in dié toestand daar sien lê. Maar hy het nie nader gegaan nie. Hy het gemaak asof hy hom nie eens raaksien nie. Dalk smeer hy sy mooi klere vol bloed as hy aan die man raak . . . Hy was glad nie jammer vir die arme kêrel nie . .

Hy het hom net so laat lê en stilletjies aan die ander kant van die pad verbygeloop.

Wég was hy al! ...

En die ongelukkige man het daar bly lê . . .



Maar hoor! ...

Stap, stap, stap ...

Daar het weer iemand aangekom! Die keer was dit 'n *Leviet,* 'n kneg van die priester. Hy was ook in die tempel gewees. Hy was ook 'n kneg van God . . . Sou hy miskien meer jammerte in sy hart hê?

"Help my! Help my tog!" roep die arme man weer.

Maar die Leviet was ook nie 'n goeie kneg van God nie. Hy wou hom ook nie help nie. Hy het skaars na hom gekyk. Hy het wel na die bosse gekyk. Sê nou die rowers is nog daar rond en vang hom ook? Nee wag, hier móét hy so 'gou moontlik wegkom. Net soos die priester, gaan hy haastig verby.

Weg was hy al! . . .

Die man was weer alleen. Sy kop het geklop van die pyn. En sy hele liggaam ook. Dit het al hoe erger geword, waar hy daar in die warm son bly lê het ...

Hy sug en hy kreun.

Niemand het hom jammer gekry nie. "Ek sal seker maar hier sterwe," het hy gedink.

Maar hoor . . kom daar dan nie weer iets aan nie?

Trappel, trappel, trap . . . klink dit.

Wat is dit?

Dit is 'n esel.

Maar op die esel het 'n man gesit. Sou hy miskien help?

Nee wat, ek glo nie. Want dit is 'n Samaritaan, 'n Man uit 'n vreemde land. Eintlik was hy 'n vyand. Hy sou tog sekerlik nie sy vyand jammer kry nie. Dalk sou hy net lag en sê: "O so, dis jy wat daar lê. Goed so, hoor!"

Die arme man aan die kant van die pad het liewer sy oë toegemaak en doodstil bly lê. Hy het gehoop die Samaritaan sien hom nie raak nie.

Maar hoor, daar bly die donkie

staan. Voetstappe kom nader.

En 'n stem sê: "Ag, arme man,

wat

het

hulle

met

jou

aangevang? Kan jy glad' nie

loop nie? Wag 'n bietjie, dan

help ek jou, hoor."

Toe kniel die Samaritaan langs

die man, was die bloed af en

draai 'n lap om sy kop. Hy gee

hom bietjie water om te drink.

Toe tel hy hom versigtig op en

sit hom op sy donkie. Hy self

loop langs die donkie en hou

die man vas dat hy nie dalk

afval nie.

Hy het nie eens daaraan gedink dat die man sy vyand is nie. Hy het ook nie omgegee nie. Hy het sy vyand liefgehad. Hy was so innig jammer vir hom . . . Hy was 'n barmhartige Samaritaan!

Op 'n stappie het hulle aangesukkel tot hulle by 'n herberg gekom het. Dit was *'n groot* huis waar mens kon slaap snags as jy op reis was. Dan moes jy daarvoor betaal.

Die Samaritaan het die man binnetoe gedra en hom op 'n bed gaan neerlê. Alles wat hy maar kon doen om die man beter te laat voel, het hy gedoen. Hy het goed vir hom gesorg.

Maar die volgende more moes die Samaritaan weer verder gaan. Toe gaan hy na die baas van die herberg en gee vir hom geld. Hy sê: "Dit is vir jou. Ek wil hê jy moet baie goed sorg vir die siek man. Moenie hom wegstuur voor hy heeltemal gesond is nie. En as jy nog meer geld daarvoor moet kry, sal ek dit vir jou gee wanneer ek terugkom ..."

Só goed het hy vir die man gesorg.

Is dit nie 'n mooi storie nie? Dit is 'n storie wat Jesus vertel het.

En toe Jesus die storie vertel het, het Hy gevra: "Wie van hierdie drie het nou gedoen wat God graag wil hê? Die priester of die Leviet of die Samaritaan?"

Dit was nie 'n moeilike vraag nie. Almal het dit geweet.

Toe sê Jesus: "Dan moet julle dieselfde doen."

Dit sê Jesus vandag ook vir ons!

Sal julle dit onthou?

## *73. DIE VERLORE SEUN*

Was jy party keer al baie stout?

Ja, soms? Maar 'n mens wil die lelike dinge nie graag onthou nie. Want dit is nie mooi nie.

Daarna was jy ook baie bang? Bang om vir pappa en mamma daarvan te sê? Bang dat hulle vir jou kwaad sal wees?

Maar toe het jy eerlik vertel wat jy verkeerd gedoen het. En toe het jy ook gesê dat jy baie jammer daaroor is. Toe was pappa en mamma nie meer kwaad nie. Hulle het jou alles vergewe.

Was julle toe ook bang vir God?

Sommige mense is. Baie bang ook. Hulle wil selfs nie eers bid nie. Hulle dink dat God nooit weer vir hulle sal goed word nie. Hulle nooit sal vergewe nie.

Maar nou moet julle goed luister. Dan sal ek julle 'n storie van Jesus vertel.

Dan sal julle sien dat julle nie vir God bang hoef te wees nie. Dat Hy julle sondes wil vergewe.

As . . .

Ja, dit moet ons nog byvoeg!

As 'n mens opreg jammer is oor jou sondes.

Daar was eendag 'n vader. Hy het in 'n mooi groot huis gewoon. Want hy was baie ryk.

Die vader het twee seuns gehad. Hy het goed vir hulle gesorg. Hy het hulle mooi klere gegee.

En ook goue ringe vir hulle vingers. Hy het ook vir elkeen 'n kameel gegee om op te ry.

Die oudste seun was gehoorsaam. Hy het elke dag sy werk fluks gedoen. Die vader was vir hom baie lief.

Maar die jongste seun was nie gehoorsaam nie. Baie keer het hy sy vader baie hartseer gemaak. Maar sy vader was tog ook vir hóm lief. Hy het altwee sy kinders liefgehad.

Eendag het die jongste seun op 'n hoë bult gestaan. Toe kon hy baie vèr sien . . . Sommer tot daar vèr oor die vlaktes. Toe dink hy: "Daar ver, ver weg is dit baie mooier as hier. Ek wil daarheen gaan. Ek wil gaan kyk hoe lyk die wêreld . . .

56

57



Hy het sy mooiste klere aangetrek. Toe klim hy op sy kameel en sê: "Vader, gee my nou maar my geld. Ek gaan weg. Ek gaan die wêreld sien."

Toe het die vader maar so gemaak. Hy het die seun 'n klomp geld gegee. Vrolik het hy daar weggery. Hy het nie eers weer omgekyk nie. Hy het nie eers aan sy vader gedink nie . . .

Maar die vader het aan sy seun gedink. Hy het voor die deur bly staan en hom agterna gekyk totdat hy agter die bult verdwyn het.

Die ou vader se hart was baie seer! . . .

Want nou het hy nog net één seun gehad. Die ander een het hy *verloor*!

Saggies het hy gesê: "My seun, ek sal elke dag uitkyk of jy nie maar weer terugkom nie. Ek sal elke dag vir jou wag."

Die seun kom eindelik aan by die plekke wat hy so graag

wou sien. Daar was mooi winkels. Daar kon jy mooi en

lekker dinge koop.

Die seun het baie gekoop. Hy het mos baie geld gehad.

Hy het ook met baie ander maats gemaak. Saam met

hierdie vriende het hy elke dag partytjies gehou. Dit het

baie geld gekos. Maar die seun het nie omgegee nie. Hy

het gedink sy geld sal nooit opraak nie.

Maar sy geld het naderhand opgeraak! Op die ou end

was sy sak met geld heeltemal leeg.

Toe het die seun sy kameel verkoop. Daarvoor het hy 'n

klomp geld gekry. Maar ook dit het gou-gou opgeraak.

Toe verkoop hy sy goue ring. Maar ook van daardie geld

was daar gou-gou niks meer oor nie.

Toe het die seun glad nie meer geld gehad nie. Hy kon nie meer mooi en lekker dinge koop nie. En ook nie meer partytjies hou nie. En toe wil sy vriende ook niks meer met hom te doen hê nie. Hulle het almal weggegaan. Die seun het alleen oorgebly.

Hy het honger geword. Maar hy het nie geld gehad om brood mee te koop nie.

By ander mense se deure het hy 'n stukkie brood gaan vra. Maar hulle het hom niks gegee nie. Hulle het ook nie gehad om weg te gee nie. In daardie land was daar nie genoeg kos om te eet nie. "Daar was hongersnood.

Eindelik kom die seun by 'n boer. Daar het hy werk gekry.

"Jy kan my kneg word. Dan kan jy my varke oppas," het die boer gesê.


"Dis goed," het die seun geantwoord, want hy het gedink: "Dan sal ek seker bietjie kos ook kry."

Sy klere was oud en gedaan, maar hy kon nie nuwes koop nie. En gedurig v/as hy maar honger, want die boer het hom amper niks kos *gegee* nie. Soms was hy so honger dat hy lus gevoel het om saam met die varke hulle kos te eet.

Ja, dit het maar sleg gegaan met hom in die vreemde wêreld. Sy vader was tog reg . . .

Toe die seun aan sy vader begin dink, het hy baie hartseer geword . . . Hy het gedink: "My vader was so goed vir my. Ek wens ek het nooit weggegaan nie. By my vader is baie kos. En hier gaan ek byna dood van die honger!"


T.B.



Hy het sommer begin te huil. Hy was bitter hartseer dat hy sy vader so sleg behandel het. So tussen sy snikke sê hy: "Ek sal opstaan en na my vader gaan . . . " En hy het dit dadelik gedoen.

Hy het gedink: "My vader is seker baie kwaad vir my. Miskien wil hy my glad nie meer hê as sy seun nie. Maar ek gaan tog terug na hom toe . . . Ek sal sê: "Vader, ek was so sleg gewees.

Ek is te sleg om u seun te wees. Maar ek wil tog so graag by u woon. Laat my maar een van u knegte word'."

Na baie dae se loop, kom hy eindelik naby sy vader se huis. Hy kon dit al daar in die verte 60




sien.

Met baie geld en mooi klere het hy weggegaan.

Soos 'n *arme bedelaar* kom hy terug.

Die mense langs die pad het hom byna nie herken nie. Hulle het gevra: "Wie is hierdie vuil bedelaar?"

Die seun was byna te skaam om verder te gaan . . .

Maar wie het daar voor die deur gestaan en so met die padlangs gekyk?

En wie het toe so vinnig na hom toe aangestap gekom?

Dit was sy vader!

Hy het sy seun nog geken! Hy het nog altyd vir hom gewag! En hy was nie kwaad nie. Hy het sy arms om sy seun gesit, hom gesoen en gesê: "O, my kind, my seun, hoe bly is ek dat jy weer teruggekom het!"

Die seun antwoord: "Vader,

ek was so sleg gewees! . . .

Ek is veels te sleg om u seun

te wees."

Maar die vader sê: "Jy is nog

my seun, hoor! ... Jy bly altyd

my seun. Ek het jou ook lief."

Toe roep hy sy knegte:

"Gaan haal gou mooi klere

vir my seun! En nuwe

skoene. En steek ook 'n goue

ring aan sy vinger."

Toe laat die vader 'n kalf slag

om lekker vleis te braai. En

ook koeke laat hy bak. En hy

sê: "Nou gaan ons eet en

fees vier . . . Want my seun

was weg, maar nou het ek

hom weer . . . Hy was *verlore,* maar nou het ek hom teruggekry!"

So lief het die vader sy kind.

En so lief het ons Vader wat in die hemel is ook Sy kinders.

Ons kan altyd weer na Hom teruggaan, al het ons ook baie kwaad gedoen.

As ons opreg jammer is, mag ons terugkom. Dan is God nie vir ons kwaad nie. Dan is Hy bly.

Dan mag ons nog *Sy* kinders wees.

En dan is daar fees by die engeltjies in die hemel omdat een kind wat verlore was, weer teruggevind is.



## ***74. DIE OPWEKKING VAN LASARUS***

Weet julle waarheen Jesus graag gegaan het?

Na Betanië.

Dit was 'n klein dorpie naby Jerusalem. Daar het vriende van Jesus gewoon. Twee susters en een broer. Hulle het saam gewoon. Die susters se name was Maria en Martha. Die broer was Lasarus.

Dit was vir hulle baie lekker dat Jesus hulle vriend was. Hulle was altyd so bly as Hy kom kuier.

Dan het Martha fluks gewerk om iets lekkers vir Jesus te maak. Sy wou so graag goed vir Hom sorg. Maar Maria het by Jesus se voete

gaan sit en geluister na alles wat Hy vertel. Maria het só graag na Jesus geluister!

Dan het Jesus gesê: "Martha, kom sit ook maar bietjie hier. Jy moenie so besig wees as Ek hier kom nie. Dis nie nodig nie . . ."

En hoe lieflik was dit as hulle drie saam by Jesus kon sit om na Hom te luister ...

Hulle was getroue vriende. Jesus het dikwels daar gekom. Hy het Maria en Martha en Lasarus liefgehad.

Maar eendag het Lasarus siek geword. Sommer baie siek. Só siek dat dit gelyk het asof hy gaan sterwe.

"Ag, as Jesus tog maar hier was," het Martha en Maria gesug, "dan sou Hy ons broer gesond gemaak het."

Maar Jesus was nie daar nie. Hy was ver daarvandaan in 'n ander deel van die land.

Maria en Martha stuur toe 'n boodskap na Jesus. Hulle het iemand na Hom gestuur. Hy moes Jesus gaan soek en vir Hom sê: "Here, Lasarus wat U so liefhet, is baie siek!"

Die man het die hele dag geloop. Eindelik het hy Jesus gekry. Toe gee hy sy boodskap: "Here, Lasarus vir wie U so liefhet, is siek ..."

Jesus het nie geskrik nie. Ewe rustig het Hy gesê: "Hierdie siekte is nie tot die dood nie . . ."

Dit was 'n heerlike boodskap . . . Die man het haastig teruggegaan om dit vir Martha en Maria te gaan vertel.

Maar toe hy by hulle huis kom, sien hy dat Martha en Maria baie huil. Wat makeer? En waarom is daar so baie mense wat almal hartseer is?

Die man gee Jesus se boodskap vir hulle: "Die Here het gesê: Hierdie siekte is nie tot die dood nie . . .' "

Wat 'n snaakse boodskap was dit! . . . *Nie* tot die dood nie? ... En Lasarus was al dood! Daardie selfde dag nog is hy begrawe. 'n Groot klip het hulle voor die graf gerol om dit toe te maak.

Toe het Maria en Martha nie meer 'n broer gehad nie.

Hulle was baie hartseer. Hulle het langs mekaar gesit en huil.

"As Jesus tog net hier gewees het," het Martha gesnik.

"Ja," huil Maria, "dan sou dit nooit gebeur het nie! Dan sou Lasarus nie doodgegaan het nie."

Het Jesus dan nie geweet dat Lasarus dood is nie?

Ja, Hy het dit geweet. Hy het alles geweet ... En tog het Hy nie dadelik gegaan nie. Hy het nog twee dae weggebly.

Daarna sê Hy vir Sy dissipels: "Kom, laat ons nou na Betanië gaan."

62

Die dissipels wou nie graag gaan nie. Betanië was so naby Jerusalem. En in Jerusalem het die slegte mense, wat Jesus wou doodmaak, gewoon.

Toe sê Jesus: "Lasarus, ons vriend, slaap. Maar Ek gaan om hom wakker te maak."

Die dissipels het dit nie verstaan nie. Hulle sê: "Here, as hy slaap, sal hy nou gou beter word.

Slaap is goed vir 'n siek mens." En hulle het gedink: "Dan is dit mos nie nodig om na die gevaarlike plek te gaan nie."

Maar toe sê Jesus: "Lasarus is dood. En Ek is bly dat Ek nie daar was nie. Want nou sal julle in My glo."

Toe het hulle op reis gegaan. Die volgende dag het hulle in Betanië aangekom.

Wie het na hulle toe aangestap gekom toe hulle naby die huis kom?

Dit was Martha. Die mense het haar al vertel dat Jesus op pad was na hulle.

Sy het gehuil en vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou Lasarus nie gesterwe het nie . . ."

Jesus antwoord haar: "Jou broer sal weer opstaan uit die graf. Glo maar in My, Martha."

En sy sê: "Ja, Here, ek glo dat U die Saligmaker is, die Seun van God."

Net omdat Jesus by haar was, het sy al beter gevoel.

"Gaan roep Maria," sê Jesus toe vir haar.

Martha het na binne gegaan. Daar was baie mense, almal vriende van Maria en Martha. Hulle het gekom om die susters te troos.

Martha het na Maria gegaan en in haar oor gefluister: "Die Meester is hier en Hy roep jou."

Toe gaan Maria haastig na buite. En al die mense het agterna gegaan. Want hulle het gedink:

"Maria gaan seker na die graf toe."

Maar Maria het na Jesus gegaan.

Toe sy Hom sien, het sy, sommer begin te huil. Net soos Martha het sy ook uitgeroep: "Here, as U hier gewees het, sou Lasarus nie gesterwe het nie."

Dit het so treurig geklink! ... Al die mense het sommer begin te huil. Hulle was so bitter jammer vir die susters.

Maar Jesus was nog baie jammerder vir hulle. Hy het ook gehuil.

Toe vra Hy: "Waar is Lasarus se graf?"

Saam het hulle na die graf gegaan. Dit was toe al vier dae dat hulle Lasarus in die graf gele het.

Jesus sê: "Neem die klip weg."

Hulle het dit gedoen. Toe kon mens sommer in die donker gat sien waar Lasarus begrawe was.



Maar Jesus het nie na die graf gekyk nie. Hy het boontoe gekyk, na die mooi, blou hemel. Hy het met Sy vader wat in die hemel woon, gepraat.

En toe roep Hy: "Lasarus, kom uit!"

Dit was meteens baie stil. Maar skielik hoor hulle 'n geskuifel in die donker graf ... En kyk, daar kom

Lasarus uit! Met die doeke nog so om sy hande en voete, netsoos hulle hom begrawe het . . . Die mense het baie geskrik, want hulle kon dit byna nie glo dat dit regtig Lasarus was wat lewendig daar voor hulle staan nie.

Maar Jesus sê: "Maak die doeke los en laat hom huis toe gaan."

Martha en Maria was so bly, so bly. Met Lasarus tussen hulle twee het hulle saam huis toe geloop. Vier dae lank was Lasarus dood gewees ... En nou het hy weer lewendig geword! Jesus het hom weer laat lewe.

En die mense wat hierdie groot wonderwerk gesien het, het toe verseker geweet wie Jesus was: Hy was die Seun van God wat selfs die dooies weer lewendig kon maak!

## *75. LAAT DIE KINDERTJIES NA MY TOE KOM*

'n Klompie moeders het langs die pad gestap. Hulle het hulle kinders by hulle gehad. Klein kindertjies en groot kinders. Die kleintjies het hulle op hul arms gedra. Die grotes se handjies het hulle vasgehou. Almal het so bly gelyk . . . Dit het amper gelyk asof hulle op pad na 'n fees toe was!

Weet julle waarheen hulle wou gaan?

Hulle wou na Jesus gaan!

Nee, die kindertjies was nie siek nie . . . Maar tog wou die moeders hulle na Jesus toe bring.

Die moeders het gedink: "Ons kindertjies moet Jesus ook leer ken. Hulle moet Hom sien. Hulle moet sy stem hoor, sodat hulle Hom nooit sal vergeet nie."

En dan wou hulle ook nog iets vra. Hulle wou sê: "Liewe Jesus, U kan alle mense gelukkig maak. U kan ook alle kinders gelukkig maak. Sal U tog asseblief ons kindertjies aanraak? Net U hand op hulle koppies lê? En sal U dan vir hulle bid? Ons is seker dan sal hulle altyd baie bly en gelukkig wees . . ."

Jesus was so goed en vriendelik! Hy sou dit seker doen ... O, sal dit tog nie heerlik wees nie?

Daar sien hulle toe vir Jesus. Hy was juis net klaar met Sy werk. Die laaste mense met wie Hy gepraat het, was besig om weg te stap. Jesus en Sv dissipels het alleen agtergebly . . .

Nou was dit die moeders se kans . . . Baie bly gaan hulle na Jesus . . .

Maar die dissipels het die moeders met hulle kinders sien aankom. Toe keer hulle hul voor.

"Wat wil julle hê?" vra hulle. "Jesus is moeg. Hy was die hele dag besig. Die kinders sal Hom net kom pla. Buitendien, wat verstaan hulle nou eintlik? . . . Hulle is nog gans te klein. Hulle kan nog nie verstaan wat Jesus vertel nie. Gaan maar gou-gou weer terug! Kinders hoort nie by Jesus nie . . ."

Hulle wou die moeders sommer net daar terugjaag.

Maar Jesus het dit gesien. En Hy het gedink dis glad nie mooi van die dissipels om so iets te doen nie.

Toe roep Hy die moeders. En Hy roep ook die kindertjies en se: "Kom gerus maar hier na My toe, hoor."

Vir Sy dissipels sê Hy: "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele . . .!"

Dit was wonderlik. Met blydskap op hulle gesiggies het hulle na Jesus gehardloop. Party van hulle het Hom seker nog nie vantevore gesien nie, maar hulle was glad nie vir Hom bang nie.

Vir Jesus hoef 'n kindjie nooit, nooit bang te wees nie!

Hulle het by Hom gaan staan. Hy het hulle nader getrek. Hy het Sy arms om hulle gesit en vriendelik met hulle gepraat.

Hulle was nog klein! . . . Miskien het hulle nie alles verstaan nie. Maar wat hulle *goed* verstaan het, was dat Jesus hulle baie liefhet.

Toe lê Jesus Sy hande op hulle koppies en *seën* hulle. Weet julle wat dit beteken? Hy het die kindertjies iets belowe. Iets baie moois!

Hy het hulle beloof dat hulle altyd gelukkig sou wees as hulle Hom liefhet en dat hulle eendag by Hom in die hemel mag kom.

Was dit nie die mooiste van alles nie?

Dit wil Jesus vandag ook nog beloof aan alle kinders, wat dit vir Hom vra.

Kinders hoort mos by Jesus!

Jesus het alle kinders lief.




### *76. DIE BLINDE BARTIMEUS*

Langs die pad het daar 'n man gesit.

Hy het 'n mantel om hom gehad. Hy het doodstil gesit. Dit het gelyk asof hy slaap.

Maar as daar voetstappe naderkom, het hy sy kop 'n bietjie opgetel en geluister. As die voetstappe naderkom, het hy sy hand uitgesteek en begin te bedel: "Ag, gee my tog iets asseblief! . . . Gee my tog 'n pennie om brood mee te koop!"

Maar hy het nie na die mense gekyk nie. Hy kón nie na hulle kyk nie. Hy was *blind.*

Hy het die mense se voetstappe gehoor, maar hy het hulle nie gesien nie.

Hy het die wind deur die bome hoor waai, maar die bome self het hy nooit gesien nie. Soms het hy die lekker, geur van die blomme geruik, maar hulle mooi kleure het hy nooit gesien nie. Dit was altyd swart voor sy oë.

Die arme man . . . Hy moes altyd in die donker lewe. Hy moes altyd baie versigtig voel waar hy loop.

Werk kon hy natuurlik ook nie. Bedel was die enigste wat hy kon doen en waarvan hy gelewe het. Daarom het hy elke dag langs die pad gesit. Daarom het hy sy hand uitgesteek en gevra: "Gee my tog iets!" Op die manier het hy elke dag 'n paar pennies bymekaar gemaak.

Die arme, ongelukkige man se naam was Bartimeus. Hy was sy hele lewe lank so blind.

Toe hy gebore is, was sy ouers tog so bly oor die pragtige ou seuntjie wat hulle gekry het. Toe hy groter word, het hy nie gelag wanneer sy ouers vir hom kyk nie. Hy het nie gekyk as hulle vir hom 'n speeldingetjie wys nie. Toe het hulle geweet: "Ons kindjie is blind. Nooit sal hy soos ander kindertjies kan rondhardloop en speel nie."

Met groot liefde het hulle hom grootgemaak. Hom leer loop. Hom gelei waar hy wou wees.

Maar toe hy groot word, moes hy self vir hom begin sorg. Toe het hy langs die pad gaan sit en bedel.

Hy moes homself help. Niemand anders kon hom help nie. Niemand kon sy siek oë gesond maak nie.

Ja, Jesus kon dit doen. Dit het Bartimeus geweet. Maar hy was nog nooit naby Jesus nie, anders sou hy verseker al gevra het. Hy kon Jesus ook nie gaan soek nie. Hy sou nooit die pad regkry nie. Daar aan die kant van die pad moes hy maar stil sit en wag.

En toe eendag het hy maar weer op sy ou plekkie gesit en luister na die voetstappe.

Die laaste tyd was daar so baie voetstappe. Elke dag het baie mense daar verby geloop. Hulle het na Jerusalem gegaan. Want daar sou weer 'n fees gevier word. Die Paasfees. Al die mense wou graag daarheen gaan.

Maar skielik was dit besonder besig. 'n Groot klomp mense het tegelyk in die straat aangestap gekom. Doef, doef! dreun dit soos hulle loop. En hulle praat so hard. En hulle stamp so teen mekaar dat party amper bo-oor arme Bartimeus val.

"Wat is dit? Wat is aan die gang? Waarom loop hier so baie mense verby?" roep Bartimeus benoud uit.



'n Paar mense antwoord: "Weet jy dan nie? Dis Jesus wat hier verbygaan."

Jesus? Is dit Jesus wat aankom? Hoe bly word Bartimeus toe! Sy hart klop sommer so vinnig

— so bly is hy. Dis waarlik Jesus wat aankom. Miskien was Hy al baie naby. Só naby dat Hy sou hoor as Bartimeus baie hard roep!

Toe begin Bartimeus meteens te roep: "Jesus! . . . Jesus! Wees tog jammer vir my!"

Die mense daar naby hom het kwaad geword.

"Bly stil," het hulle gesê. "Hou op met jou geskreeu! Dink jy dat Jesus tyd het vir jou? Hy gaan na Jerusalem om koning te gaan word!"

Maar Bartimeus het nie stilgebly nie. Hy het hom nie aan die mense gesteur nie. Hulle het nie geweet wat dit is om blind te wees nie. Hulle het nie geweet wat dit is om in die donker langs die pad te sit en bedel nie. En hy het net al hoe harder geroep: "Jesus, wees tog jammer vir my."

Sou Jesus hom hoor? Daar was soveel lawaai en geraas in die straat rondom Hom!

Ja, Hy het tog gehoor! Hy hoor altyd as iemand na Hom roep.

Jesus het stil gaan staan. Hy het gesê: "Bring Bartimeus hier na my toe. Hy sit daar langs die pad. En hy roep My."

Toe roep al die mense: "Bartimeus, jy moet hier na Jesus toe kom."

Gou-gou sukkel hy regop. Hy gooi sy mantel af en daar kom hy! Met sy hande voel-voel vooruit gesteek, soek hy sy pad tussen die mense deur na Jesus. Toe hoor hy meteens 'n stem, 'n liewe, vriendelike stem wat vra: "Wat wil jy hê, Bartimeus? Wat moet ek vir jou doen?"

O, dit was die stem van Jesus! Bartimeus het dit sommer geweet. En hy antwoord: "Here, dat ek kan sien . . ."

Toe se Jesus net: "Sien! Jy *glo* dat Ek jou gesond kan maak, daarom doen Ek dit ook."

En dadelik kon Bartimeus sien. Hy het die groen bome en die mooi blou lug gesien . . . Hy het die mense gesien ... En ook vir Jesus — Liewe Jesus wat hom gesond gemaak het.

*Van blydskap het hy op sy knieë* geval om Hom dankie te sê. En toe Jesus weer aanstap om verder te gaan, het Bartimeus agter Hom aangeloop. saam met al die ander mense. Hy het sommer rondgespring van pure blydskap.

Nou was hy nie meer 'n arme bedelaar nie. Nou was hy 'n gesonde, gelukkige mens. Nou kon hy werk om geld te verdien.

Hierdie wonderlike iets het Jesus vir hom gedoen.

## *77. HOSANNA*

Dit was Sondag.

Jesus was op pad na die groot stad Jerusalem. Sy dissipels was by Hom. Daar was ook nog baie ander mense by Hom.

Al die mense het na Jesus gekyk. Hulle het vir mekaar gesê: "Gaan Hy nou na Jerusalem om daar koning te gaan word?"

Hulle wou baie graag hê dat Jesus hulle koning moes word . . . Want daar was sulke slegte vyande in die land. Hulle was die Romeine. En hulle het die Israeliete baie swaar laat kry.

Maar as Jesus eers koning geword het, sou Hy teen hulle veg en hulle almal wegjaag. Só het hulle gedink. Jesus was mos wonderlik en sterk. Hy kon alles doen. Daarom sal Hy ook goed kan veg. O, as Hy koning word, sal Hy al die mense baie gelukkig maak!



Almal wat so gedink het, het saamgegaan na Jerusalem. Hulle het net *gedink: "Ons wonder of Hy nou* koning gaan word? ... O, sal dit nie heerlik wees nie!"

Skielik het Jesus gaan stilstaan. Toe roep hy twee van Sy dissipels en sê vir hulle: "Sien julle daardie huise? Dis 'n dorpie. Julle moet daarheen gaan. Net soos julle by die dorpie inkom, sal julle 'n esel sien. Hy is vasgemaak aan 'n tou. Maak hom los en bring Hom hier. En as iemand julle vra: 'Wat wil julle met die esel maak?' dan moet julle maar net sê: 'Die Here het dit nodig'."

Die twee dissipels het dadelik gegaan. Hulle het gedink: "Wat sou Jesus tog met die esel wil maak?"

Maar skielik het hulle dit verstaan: Hy wil op die esel ry! Op 'n esel wil Hy die groot stad Jerusalem binnery. Dan wil Hy tog seker koning word.

Vol blydskap het hulle na die dorpie gegaan. Alles het netso gebeur soos Jesus gesê het. By een van die eerste huise het hulle 'n klein esel gesien. Hy was vasgemaak, naby die deur.

Hulle het hom sommer losgemaak en saamgeneem. Daar het mense gestaan wat gevra het:

"Wat wil julle met die esel maak." En die dissipels het geantwoord: "Die Here het dit nodig."

Daarmee was die mense tevrede.

Al die mense was baie bly toe hulle die dissipels met die esel sien aankom. Hulle het verstaan wat Jesus wou maak.

Hulle het hulle mantels uitgetrek en op die esel se rug gesit. Toe het Jesus opgeklim.

Die esel het aangestap.

Jesus het op hom gery.

Die dissipels het saamgestap. En al die mense het ook agterna gekom. Meteens het hulle begin te sing en uitgeroep: "Hosanna . . .

die koning van Israel . . ."

Almal was bly en baie gelukkig. Al hoe meer mense het begin saamstap. Ook van Jerusalem af het mense na hom gekom. Want hulle het gehoor dat Jesus aan die kom was.

Al die mense het saam uitgeroep en gesing. Almal het gejuig so hard hulle kon: "Ons koning kom aan! . . . Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here! Hosanna, ons koning! . . ."

Hulle het palmtakke van die bome langs die pad afgebreek en dit geswaai. Dit was net soos groot vlae.

Hulle het van hulle klere uitgetrek en dit in die pad oopgegooi, sodat Jesus daaroor kon ry.

Dan hoef hulle koning nie oor die stowwerige pad te ry nie.

Hulle het gejuig en gejubel. Almal het gedink: "Eindelik gaan ons drome waar word . . . Nou gaan Jesus ons koning word, ons vegkoning. Hy sal al ons vyande wegjaag . . . Dan sal Hy in

'n mooi paleis gaan woon, net soos koning Dawid in die ou tyd. En dan sal ons almal ryk en gelukkig word."

Hoe nader hulle aan Jerusalem kom, hoe harder het hulle gesing, want hulle het al hoe blyer geword . . . "Hosanna! Hosanna!" klink dit.

Maar langs die straat het 'n klompie belangrike manne gestaan. Hulle was baie mooi aangetrek. Hulle was die priesters en die Fariseërs. Hulle het nie saamgesing nie . . . Hulle het ook glad nie bly gelyk nie . . . Eintlik het hulle baie kwaad gelyk.

Hierdie manne het Jesus nie liefgehad nie. Hulle was nog altyd jaloers op en kwaad vir Hom.

Hulle het niks daarvan gehou dat die mense so lief vir Jesus was nie; dat hulle so graag na Hom geluister het nie. Hulle wou liewer hê die mense moes na hulle luister. Want hulle het gedink dat hulle baie slimmer as Jesus was . . .

Nou sien hulle Hom daar ry. En hulle hoor wat die mense sing. Hulle het sommer gebewe, so kwaad was hulle. Hulle sou baie graag Jesus van daardie esel wou aftrek. Hulle sou Hom 68

graag wou doodslaan, só kwaad was hulle. Maar hulle het dit nie gewaag nie! . . .

"Hosanna, ons koning!" het die mense maar aangehou om te sing.

Toe sê die slegte manne: "Julle moenie so sing nie! Hy is nie ons koning nie!"

Maar die mense het tog daarmee aangehou.

Naderhand het die slegte manne ook vir Jesus gesê: "Sê vir U dissipels dat hulle nie so moet skreeu nie."

Maar Jesus het dit nie gedoen nie. Die mense mag mos so sing en roep as hulle wil. Hulle *moes* dit doen. "Want Jesus was regtig 'n koning.

Ja, 'n koning was Hy, maar 'n ander soort koning as wat die mense gedink het.

Nie 'n *gewone* koning nie. Nie 'n veg-koning nie! Maar 'n vredekoning . . . Dit was Hy!

Nee, Hy wou nie in 'n paleis soos koning Dawid woon nie. Hy wou ook nie teen vyande gaan veg soos koning Dawid nie. Hy wou iets baie beters vir die mense doen: Hy sou teen die Satan veg — die slegte vyand wat al die mense ongelukkig wil maak. Hy sou die Satan ook oorwin.

En dan sou Hy koning word. Nie oor die Israeliete nie. Maar oor die hele wêreld! . . . En in die hemel sou Hy woon.

Die mense het dit nie verstaan nie. Hulle het gedink dat Hy sommer dadelik koning sou word.

Dat alles meteens sou verander, soos hulle dit wou hê. Daarom was hulle so bly.

Maar Jesus het geweet dat daar eers nog baie dinge sou moes gebeur. Vreeslike dinge. Dinge wat baie mense hartseer sou maak . . . Daarom was Jesus hartseer ...

Die mense het gelag en gesing en gejubel!

Maar Jesus het geween toe Hy dink aan hoe swaar die mense wat Hom haat nog gestraf sou word.



So het Hy Jerusalem binnegery. So het Hy deur die strate na die tempel gery.

En toe?

Het Hy toe al Sy vriende bymekaar geroep? . . . Het Hy toe teen die vyande gaan veg? . . . Het Hy toe koning geword?

Nee, Hy wou nie!

Die mense het rondom Hom bly staan. Almal het net gewag dat Hy moes sê: "Voorwaarts mars! . . . Jaag al die vyande uit ons land!"

Maar Jesus het dit nie gesê nie. Hy het stil daar in die

tempel bly staan.

Die mense was baie teleurgesteld.

Hulle het gesê: "Wil Hy dan nie ons koning word nie?

Dan gaan ons weg, hoor. Dan moet Hy maar sien Hy bly alleen agter."

Dit het hulle ook gedoen. Hulle het weggegaan, die een na die ander.

Die mooi palmtakke het hulle sommer so in die straat weggegooi.

En baie van hulle het gesê: "Nou wil ons ook niks meer met Jesus te doen hê nie. Ons is nou kwaad vir Hom . . . Hy wil dan nie ons veg-koning word nie."

Die domme mense!

Maar eendag sou Jesus koning wees.



## *78. MARIA DOEN IETS MOOIS*

Weet julle nog wie Maria was?

Ja, die moeder van Jesus was ook Maria.

Maar ek bedoel nie haar nie.

Die ander Maria wat in Betanië gewoon het. Die suster van Martha en Lasarus.

Jesus het graag vir hulle gaan kuier. Maria was 'n vriendin van Jesus. En Martha ook. En Lasarus was Sy vriend. Hulle het Jesus liefgehad.

Eendag toe Hy weer in Betanië was, het sy iets baie moois gedoen.

Toe het sy gewys *hoe* lief sy Hom gehad het.

Dit was aand. Jesus het aan tafel gesit. Al Sy vriende en Sy dissipels was by Hom. Hulle sou saam eet.

Martha was ook daar. Sy het rondgeloop en gehelp en gesorg dat almal kry wat hulle nodig het.

Lasarus was ook by hulle. Onthou julle nog dat hy dood was, maar dat Jesus hom weer lewendig gemaak het? Nou het hy naby Jesus aan tafel gesit. En so gelukkig gelyk om daar te wees. Al die ander mense het ook bly gelyk dat Jesus daar by hulle was.

Maar waar was Maria?

Maria was nog nie daar nie.

Toe almal al aan tafel sit, het Maria eers binne gekom. Sy het iets in haar hand vasgehou ...

Dit was 'n fles, 'n mooi, duur fles vol heerlike salf . . . Sy het na Jesus gekyk. Sy het nie gelukkig gelyk soos al die ander mense daar in die kamer nie.

Wat het Maria dan makeer?

Maria het iets geweet. Iets treurigs. Iets wat niemand anders behalwe Jesus geweet het nie.

Maria het geweet dat dit die laaste keer sou wees wat Jesus by hulle sou kom! . . . Die volgende dag sou Hy weggaan om nie weer terug te kom nie. Hy sou na Jerusalem gaan. En daar sou iets vreesliks gebeur.

Daar sou die slegte manne — die priesters en die Fariseërs — Hom vang en doodmaak. En dan sou Hy begrawe word.

Dit was verskriklik. Maria kon dit nie verstaan nie. Tog sou dit netso gebeur. Jesus het dit self vir haar gesê. Vir oulaas wou Maria so graag iets moois vir Jesus doen. Sy wou Hom so graag iets gee. Sy wou Hom wys hoe lief sy Hom gehad het.

Daarom het sy iets gaan koop. Dit was baie duur, maar Maria het nie omgegee nie. Vir Jesus was niks te duur of te goed nie. Dit was 'n fles. En in die fles was heerlike, salf, Iekker-ruik-salf! Daarvan hoef mens net 'n bietjie op jou hare te sit, dan ruik dit so heerlik.

Maar 'n klein bietjie was nie goed genoeg vir Jesus nie, het Maria gedink.

Sy het agter Hom gaan staan. Toe breek sy die fles oop en laat byna al die salf op Sy kop uitloop. Sy het Sy kop met die heerlike nardus *gesalf.* Toe kniel sy by Sy voete en salf dit ook met die nardus wat oorgebly het. Die fles was toe heeltemal leeg. En die hele huis het te lekker geruik van die heerlike lekker-ruik-salf.

Jesus het, sonder om iets te sê, haar toegelaat om dit te doen. Hy het verstaan waarom sy dit gedoen het. Hy het geweet hoe lief Maria Hom gehad het.

Maar meeste van die mense het dit nie verstaan nie.

En Judas, een van die dissipels, wou dit glad nie verstaan nie. Judas het sommer kwaad 71

geword en gebrom: "Waarom doen die vrou dit? Waarom breek sy die duur fles sommerso verniet stukkend? En gooi al die duur salf so weg?"

Judas was 'n slegte man. Hy was wel 'n dissipel van Jesus, maar hy was nie 'n goeie dissipel nie. Hy het Jesus nie liefgehad nie.

Judas het net altyd aan geld gedink. Judas wou baie graag ryk word. En partykeer het Judas selfs gesteel om gou ryk te word.

Daarom hou hy maar aan om ontevrede te brom: "Waarom het Maria nie die fles net so heel en vol gegee nie? Dan kon ons dit verkoop het en 'n klomp geld daarvoor gekry het . . . Dit kon ons dan aan die arm mense *gegee* het . . ."

En stilletjies het hy gedink: "Dan kon ek 'n klompie van die geld vir myself gevat het ..."

Van die ander dissipels het ook gedink Maria moes darem nie so baie salf gebruik het om Jesus mee te salf nie.

Baie vriendelik het Hy hulle gegroet.

Was dit miskien Jesus? . . . Hoe het Hy dan binnegekom? Die deure was mos almal toegesluit.

En die vensters was ook op knip.

Eers het hulle geskrik.

Maar Jesus sê vir hulle: "Moenie bang wees nie, want dit is Ekself. Dit is regtig Ek. Kom raak aan My. Kyk goed na My, dan sal julle sien dat dit Ek is . . ."

En toe wys Hy Sy hande en Sy voete vir hulle. Die merke van die spykers was nog daarin. Hy het ook vir hulle iets gevra om te eet. Hy het 'n stukkie brood en 'n bietjie heuning geëet.

Toe het hulle geglo dat dit regtig die Here is en dat Hy waarlik weer lewe. Hy het weer by hulle aan tafel gesit net soos vroeër. En hulle kon weer luister na Sy vriendelike stem. Hoe mooi het hulle geluister. En hoe vol blydskap was hulle harte! Dit het een van die mooiste aande geword — so saam met hulle Here . . .

En toe Jesus weer weg is, was nie een van hulle meer hartseer nie. Want hulle het toe geweet dat hulle hul Here teruggekry het, dat Hy regtig die Saligmaker was en dat Hy nog baie, baie mense gelukkig sou maak! . . .

## *91. BY DIE SEE*

Vasgemaak aan die kant van die see het daar 'n vissersbootjie gelê. Daarheen het sewe manne aangeloop gekom. Hulle was sewe van Jesus se dissipels. Petrus was ook daarby.

Petrus se bootjie was nog al die tyd daar. Die bootjie waarmee hy so baie keer op die see gevaar het. Dit het daar *gelê,* net asof dit nog altyd vir Petrus gewag het.

"Ek gaan visvang," het Petrus gesê.

"Dan gaan ons saam met jou," het die ander gesê.

Toe klim al sewe in die bootjie en roei 'n ent op die groot see. Dit het al aand geword.

Hulle het die net in die water gegooi en die hele nag visgevang. Die hele, lange, donker nag het hulle in die bootjie op die water gebly. Maar toe dit oggend word, het hulle nog niks gevang nie.

Toe hoor hulle 'n stem wat hulle roep. Aan die kant van die see het 'n Man gestaan. Hy het"

wit klere aangehad. Die dissipels kon Hom amper nie sien nie, want dit was so donker. Dit was nog baie vroeg . . . Maar hulle kon darem hoor wat Hy sê.

"Het julle iets om te eet?" het die Man gevra.



"Nee," het hulle teruggeroep.

"Gooi die net aan die ander kant van die bootjie in," het die Man weer geroep. "Dan sal julle visvang."

Hulle het dit probeer. Hulle het die net uit die water gehaal en dit aan die ander kant van die *bootjie* weer ingegooi. Toe roei hulle 'n entjie weg en trek weer die net op.

Hulle *wou* die net optrek, maar hulle kon dit nie regkry nie. So vol was dit met visse!

Die dissipels was baie bly. Die Man het reg gesê. Maar . . . wie was die Man dan tog?

Johannes het eerste daaraan gedink. Hy sê vir Petrus: "Dit *is* die Here!"

Natuurlik, dit was die Here! Toe kon Petrus dit nie meer uithou in die bootjie nie. Hy het sommer in die water gespring en na die kant geswem.

Petrus wou alte graag by Jesus wees.

Die ander dissipels het in die bootjie gebly en dit na die kant toe geroei. Toe sien hulle Jesus by 'n vuurtjie sit. Op die vuurtjie het vis gelê en braai. Daar was ook brood. Jesus het vir Sy dissipels gesit en wag. En Hy het alles al vir hulle reggehad.

Toe sê Jesus: "Bring nog 'n paar van die visse wat julle gevang het."

Petrus het 'n paar gaan haal. Hy het die net teen die wal opgetrek. Toe tel hy ook sommer die visse wat daarin was. Honderd-drie-en-vyftig! Almal groot visse! En tog het die net nie geskeur nie. Dit was te wonderlik.

Dit het 'n lieflike more geword daar op die strand, aan die kant van die see.

Hulle het in 'n kring rondom die vuurtjie gesit — Jesus en Sy dissipels. Hy het die brood geneem en dit onder h

Joh ulle

an

ui

ne t

s ged

en ee

P l.

etr

u H

s y he

har t

dl h

ooulle oo

p na di k

e v

g an

raf di

v e

an vis

Je geg

sus. ee om te eet. Die

dissipels het stil en eerbiedig na hulle Meester gekyk. Dit was vir hulle te heerlik om weer so saam met Hom te wees!

Maar Petrus was 'n bietjie skaam. Hy het gedink: "Ek was so vreeslik sleg gewees . . . Ek wonder of Jesus my nou nog sal toelaat om vir Hom te werk? Om vir ander mense die dinge te vertel wat Hy ons geleer het, sodat hulle ook gelukkig kan word? Sal ek nog 'n dissipel van Jesus mag wees?" . . .

Die ander dissipels het dieselfde gedink: "Hoort Petrus, na alles wat hy gedoen het, nog by ons?" . . .

Hy het mos baie lelike dinge gedoen. *Drie* maal het hy Jesus verloën. Drie maal het hy gesê dat Hy die Here nie ken nie, nie aan Hom behoort nie . . .

Behoort hy, na alles, nog aan Jesus? ...

Toe almal klaar geëet het, vra Jesus skielik: "Petrus, het jy My liewer as die ander dissipels?"

Petrus het geskrik. Want dis mos wat hy vroeërgesê het. Dat hy Jesus liewer het as wat al die ander dissipels Hom het . . .

"Al hardloop hulle almal van U af weg, ek sal nooit weghardloop nie! Ek sal *ook vir U sterwe!"*

Dit is wat Petrus gesê het. Maar nou waag hy nie om dit weer te sê nie. Nou is hy te skaam!

Maar tog was hy baie lief vir Jesus. En Jesus het self ook geweet dat Petrus Hom liefhet.

Petrus antwoord saggies: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."

Jesus sê toe: "Dan mag jy my

dissipel wees."

'n Klein rukkie was dit stil.

Toe vra Jesus weer: "Petrus het jy My lief?"

Petrus het hartseer geword. Glo Jesus hom dan nie meer nie? O, Petrus het ook sulke leuens vertel! . . .

Hy antwoord hartseer: "Here, U weet tog vir seker dat ek U liefhet?"

En Jesus sê: "Dan mag jy ook vir my werk."

Weer was daar 'n rukkie stilte.

Maar toe vra Jesus vir die derde maal: "Petrus, het *jy My* regtig lief?"

Toe word Petrus baie hartseer. Want nou het hy dit verstaan . . . *Drie* maal het hy 'n leuen vertel en gesê dat hy Jesus nie ken nie. Nou moes hy ook drie maal sê dat hy Jesus tog liefhet!

Petrus snik dit toe uit: "Here, U weet alle dinge! . . . U weet dat ek U liefhet!" . . .

Jesus sê vir hom: "Dan mag jy My dissipel wees. Jy mag die wêreld ingaan om ander mense te help om My te ken."

En Hy sê ook: "Vroeër het jy gedoen wat jy graag wou, Petrus, maar nou moet jy doen wat Ek wil."'

En toe was alles weer heeltemal reg.

Toe *het* die ander dissipels ook geweet dat Petrus weer een van hulle was.

En dat Jesus hom alles vergewe het.

## 92. JESUS GAAN NA DIE HEMEL

Nadat Jesus uit die graf opgestaan het, het Hy nog 'n rukkie by Sy dissipels op die aarde gebly.

Maar nie baie lank nie.

Want Sy werk op die wêreld was klaar. Hy het alles gedoen wat Hy moes doen.

Toe het Hy weer terug gegaan na Sy Vader in die hemel.

Nog éénmaal het Jesus saam met al Sy dissipels in Jerusalem bymekaar gekom.

Al Sy dissipels?

Ja, almal behalwe Judas. Judas was nie meer daar nie. Hy is gestraf vir al sy boosheid omdat hy Jesus verraai het Die valse Judas was dood . . . Maar al die ander was daar. Hulle het baie mooi na die Here geluister. Want hulle het geweet: dit was die laaste keer dat Hy by hulle sou wees. Jesus het vir hulle gesê dat hulle nou baie gou die mooi werk sal kan begin doen, wat Hy hulle geleer het. Hulle moes die wye wêreld ingaan om oral die mense gelukkig te maak.

Om oral vir hulle van Jesus te vertel.

74

Dit was 'n mooi werk. Maar dit was ook 'n moeilike en 'n gevaarlike werk! . . .

Maar die dissipels hoef nie bang te gewees het nie. Jesus sou hulle help. Hy sou vir hulle sorg.

Die Heiland het gesê: "Ek sal julle nie alleen laat nie! . . . Al gaan Ek ook weg, sal Ek julle tog nie alleen laat nie. Ek sal Iemand stuur wat

altyd by julle sal bly. Dit is die Heilige Gees. Hy sal julle sterk maak. En Hy sal julle leer wat julle moet sê en doen.

"Daarom moet julle nie nou al die wye wêreld ingaan nie. Julle moet so 'n klein rukkie wag.

Julle moet in Jerusalem bly totdat die Heilige Gees gekom het."

Toe Jesus alles gesê het wat die dissipels moes weet, het Hy saam met hulle na buite gegaan.

Saam het hulle uit die stad gegaan. Naby Jerusalem was 'n berg. Dit was die Olyfberg.

Daarheen het hulle gegaan.

Nadat hulle bo-op die berg gekom het, het Jesus na die hemel gegaan.

Nog éénmaal het Hy vriendelik en vol liefde na Sy dissipels gekyk.

Nog éénmaal het Hy Sy hande opgetel en hulle geseën. Hy het vir hulle gesê: "Al gaan Ek na die hemel, sal Ek tog altyd ook by julle wees want Ek is die Here. Al sal julle My nie meer sien nie, sal Ek nog elke dag met julle wees tot die einde toe."

Toe meteens het Jesus na die hemel gegaan. Sommer so . . . al hoër en hoër die blou lug in.

Die dissipels het op hulle knieë geval. Hulle kon nie saam met Jesus gaan nie, al wou hulle ook hoe graag.

"O, Here Jesus," het hulle gedink, "gaan U nou van ons af weg? En sal U nooit weer na ons terugkom nie?"

Hulle het Hom agterna gekyk so lank as wat hulle kon. Maar daar het 'n wit wolk in die lug gekom en toe kon hulle Jesus nie meer sien nie . . .

Nog steeds het hulle na die hemel bly kyk . . . Hulle het so eensaam agtergebly. Hulle wou Jesus nie van hulle af laat weggaan nie. Toe Hy al lank reeds weg was, het hulle nog bly kyk!

Maar meteens het daar twee engele by hulle gestaan wat vir hulle sê: "Maar marine, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Jesus is nie vir altyd weg nie. Hy kom weer terug. Weet julle dit dan nie? Soos julle Hom na die hemel sien gaan het, so sal Hy ook weer eendag terugkom."

Ja, dit het hulle geweet. Jesus het dit self vir hulle gesê. Toe was hulle nie meer hartseer nie.

Vol blydskap het hulle na Jerusalem teruggegaan.

Hulle het vir mekaar gesê: "Is dit nie wonderlik dat Jesus nou in die hemel is nie? By Sy Vader en by die engele? Maar Hy sien ons nog . . . Hy is tog nog by ons. Want Hy is die Here. Die Here is orals. En Hy sorg ook nog vir ons. Nou sal ons alles doen wat *Hy gesê* het. Ons sal die mooi werk gaan doen wat Hy ons geleer het. Maar eers gaan ons wag en bid dat Hy die Heilige Gees gou vir ons moet stuur. Die Here sal ons nooit verlaat nie. Hy sal altyd by ons bly. Ons glo wat Hy vir ons belowe het."

## ***93. DIE HEILIGE GEES KOM***

Jesus het teruggegaan na die hemel. Sy werk op die aarde was klaar gedoen. Maar as die Here was Ely tog nog altyd by sy dissipels.

Die dissipels het in Jerusalem gewag.

Waarop het hulle gewag?

Hulle het gewag dat die Heilige Gees moes kom om hulle met hulle mooi en goeie werk te help. Die Heilige Gees sou hulle slim en dapper maak. Hulle het baie daarvoor gebid.

Dit sou nou nie meer lank duur nie.

Jesus het dit self beloof.

Tien dae lank het die dissipels gewag. Toe het dit gebeur.

Dit was juis fees in Jerusalem. Pinksterfees. Daar was baie mense in die stad. Van alle kante het hulle gekom om in Jerusalem fees te vier en 'n offer in die tempel te bring. Selfs uit vreemde lande het daar mense gekom.

Al die mense was so vrolik. Hulle het gelag en gepraat. Dit was baie besig op straat.

Maar skielik het almal doodstil gebly! . . . Almal het verwonderd gaan staan en kyk en luister.

Want hulle het iets vreemds gehoor . . .

Hulle het 'n geruis gehoor asof die wind baie hard waai. En tog was daar geen wind nie. Die vreemde geluid het uit 'n huis daar naby die tempel gekom.

"Wat is dit? . . . Wat is dit?" het die mense uitgeroep. En hulle het almal daarheen gehardloop.

Nuuskierig het hulle die huis binnegegaan.

En wat sien hulle daar?

Iets baie wonderliks!

In daardie huis was die dissipels bymekaar. Bokant hulle koppe was die wonderlike geruis van die wind. En op hulle koppe was vlamme. Ja, dit het gelyk asof dit vuur was, maar dit was nie regte vuur nie. En dit het nie die dissipels gebrand nie ... En die dissipels was so bly, so bly!

. . Hulle het gejuig van pure blydskap. Want nou het die Heilige Gees wat Jesus beloof het, in hulle harte gekom. Dit kon mens nie sien en hoor nie. Dit het baie stilletjies gebeur.

Maar die ander mense het dit nie verstaan nie. Hulle het aangehou met vra: "Wat is dit tog?

Wat beteken dit alles?"

Daar was ook 'n paar mense wat daaroor gelag het. Hulle _ het gesê: "O, ons verstaan dit goed. Hierdie manne het te veel wyn gedrink. Hulle is dronk, daarom doen hulle sulke snaakse dinge."

Maar toe word dit meteens stil in die huis. Want een van die dissipels het voor die mense gaan staan en met hulle gepraat.

Weet julle wie dit was?

Dit was Petrus! Die Petrus wat vroeër partykeer so bang was. Wat daardie nag toe Jesus gevang is nie eers gewaag het om te sê dat hy Hom ken nie!



Maar nou was Petrus nie meer bang nie . . . Nou sou hy enigiets doen.

Hy sê vir hulle: "Nee, mense, ons is nie dronk nie. Ons het glad nie wyn gedrink nie; Weet julle wat hier gebeur het? Die Here Jesus het Sy Heilige Gees aan ons gestuur.

"Julle ken Jesus, nie waar nie? Julle onthou nog hoe dat Hy siek mense gesond gemaak het.

En ook nog baie ander wonderwerke. Maar toe het julle vir Hom kwaad geword en het Hom laat vang. En julle het uitgeroep: 'Kruisig Hom! Kruisig Hom!' Toe het Jesus aan die kruis gesterwe . . .

"Maar Hy kon nie in die graf bly nie, want Hy was die Seun van God! . . . Hy het weer opgestaan uit die dood en het opgegaan na die hemel. En vandaar het Hy die Heilige Gees aan ons gestuur. Hy is die Saligmaker! Hy is die Koning van hemel en aarde! Hy, wat julle gekruisig het!" . . .

Die mense het baie geskrik, want nou kon hulle nie anders nie as om te glo dat Jesus die Seun van God was . . . Hoe vreeslik sleg en sondig was hulle tog om Hom te gekruisig het!

God is seker baie kwaad vir hulle, het hulle gedink . . .

"O, sê ons tog," het hulle uitgeroep, "wat moet ons doen?"

Petrus antwoord: "Julle moet God vra om julle te vergewe. Julle moet Jesus liefhê. En julle moet julle ook laat doop. Want dit beteken dat God julle sondes vir julle vergewe. Dan sal julle weer bly en gelukkig word!" . . .

Dit het toe 'n heerlike Pinksterfees geword daar in Jerusalem.

Want baie mense het na die dissipels gekom om gedoop te word. Drie-duisend mense is daardie dag gedoop.

Hulle was almal mense wat Jesus liefgekry het. En wat ook graag Sy dissipels wou word.

En toe hulle na die fees weer na hulle huise teruggegaan het, het hulle oral vir die mense vertel wat met hulle gebeur het. En dat Jesus hulle so bly en gelukkig gemaak het.

## *94. DIE MAN WAT KREUPEL WAS*

In daardie tyd was daar 'n arme, ongelukkige man. Die hele dag het hy op die grond voor die deur van die tempel gesit. En as daar mense aankom, het hy sy hand uitgesteek en gesoebat:

"Ag, gee my tog iets! Gee my tog 'n pennie om brood mee te koop!"

Die arme man kon sy hele lewe nog nooit loop nie. Sy bene was nie sterk nie. Hy was kreupel.

Sy bene was so slap dat hy nie op hulle kon staan nie.

Dit was maar altyd so gewees. Toe hy klein was, kon sy moeder hom nie leer loop nie. Hy het sommer inmekaar gesak as sy probeer het om hom regop te laat staan.

En toe hy groter geword het, het die ander seuns vrolik in die strate rondgespeel. Maar hy kon nie saamspeel nie. Vanwaar hy daar op die sypaadjie gesit het, het hy hartseer na hulle gekyk

. . .

En nou was hy al 'n groot man. Die ander mans kon werk en geld verdien, maar hy kon niks doen nie. Hy moes maar sit en 'n paar pennies bedel, want anders het hy geen geld gehad om brood mee te koop nie.

Daarom het hy daar by die deur van die tempel gesit. Elke more het mense hom daarheen gedra. En daar het hy dan die hele dag gesit. En as daar mense aankom, het hy sy hand uitgesteek en gebedel: "Ag, gee my tog iets! Ek is kreupel. Ek kan nie werk vir my brood nie."

Partykeer het hy iets gekry.

Maar baie keer het hy niks gekry nie.

Hy was 'n arme, ongelukkige man.





Maar eendag het daar iets moois gebeur. Die man het sommer so dadelik gesond geword. En toe was dit nie meer nodig om te bedel

nie.

Dit het een middag so omtrent drie-uur gebeur. Daardie tyd van die dag het daar altyd baie mense na die tempel gegaan. Dit was die tyd wanneer daar in die tempel geoffer is.

Die man het daar by die mooi goue deur van die tempel gesit toe Petrus en Johannes daar aankom. Hulle wou ook na die tempel gaan.

Die kreupel man het sy hand uitgesteek. Hy het gevra: "Gee my asseblief iets! Gee my geld om brood mee te koop."

Hy het nie geld gekry nie. Maar Petrus het gesê: "Kyk na ons!"

Toe kyk die man op Hy het gedink: "Wat wil die meneer nou hê?"

Petrus sê vir hom: "Geld het ek nie vir jou nie. Maar ek het iets anders en dit sal ek vir jou gee . . ."

Toe gryp hy die man aan sy hand en sê: "Staan op!

Jesus maak jou gesond!" . . .

Hy trek die kreupel man dat hy regop staan. Toe moes

die man maar op sy siek bene staan . . .

Ja, maar sy bene *was* nie meer siek nie. Sommer meteens het sy bene sterk en gesond geword.

Die man kon staan! Die man kon loop; ja, hy kon

rondspring en hardloop, netso goed soos al die ander

mense! Jesus het hom heeltemal gesond gemaak.

Hoe vreeslik bly was die man toe! . . . Hy het gehuil en gelag. Hy het dit uitgejubel: "Ek kan loop! Ek is nie meer kreupel nie! Die Here het

my gesond gemaak. O, hoe goed is die Here vir my!"

Hy het gedans en gespring. En waarheen dink julle het hy toe gegaan?

78

Reguit na die tempel om vir God dankie te sê dat daar so 'n groot wonder met hom gebeur het. Spring-spring van blydskap het hy agter Petrus en Johannes die tempel binnegegaan.

In die tempel was daar baie mense. Hulle het verwonderd gekyk. Hulle het gesê: "Wat gaan nou aan? Is dit dan nie die kreupel man wat daar by die deur van die tempel gesit het nie? Is hy dan nou reg? Het Petrus en Johannes hom gesond gemaak?"

Toe kom hulle almal rondom Petrus en Johannes staan en kyk hulle eerbiedig aan.

Maar Petrus sê vir die mense: "Julle moenie vir ons so eerbiedig aankyk nie! Want dis nie ons wat die man gesond gemaak het nie. Jesus het dit gedoen!"

Toe begin Petrus weer van die Here vertel.

Hy het vir hulle gesê dat hulle Jesus moes liefhê en Hom moes vra om hulle sondes te vergewe.

Hy het gesê: "Jesus is nie dood nie! Hy het weer opgestaan uit die graf en nou is Hy in die hemel en Hy is ook hier. Hy wil julle almal gelukkig maak."

Petrus het nog baie meer gesê en die mense het mooi geluister. Dit was vir hulle heerlik om na Petrus te luister.

Maar daar was ook priesters in die tempel. Hulle het glad niks daarvan gehou dat Petrus daar in die tempel staan en praat nie. Hulle

het die soldate geroep. Die het Petrus en Johannes gegryp en hulle in die tronk gegooi.

Die hele nag het Petrus en Johannes in die tronk gesit. Maar vir hulle was dit nie so vreeslik nie.

Hulle het gedink: "Jesus het so baie vir ons swaargekry; nou kry ons weer 'n beurt om iets vir Hom te doen. Ons mag ter wille van Hom in die tronk sit . . ." Daarom was hulle nie kwaad en hartseer nie.

Maar die volgende more het die soldate hulle weer kom haal en na die slegte priesters geneem.

Die priesters het gedink: "Ons sal hierdie twee manne maar goed skrikmaak. Dan sal hulle dit nie weer waag om vir die mense van Jesus te vertel nie. Want ons wil nie hê dat daar nou nog van Hom gepraat word nie. Die mense mag nie na die dissipels luister nie. Hulle moet na ons luister ..."

En toe sê hulle vir Petrus en Johannes: "Julle mag nooit weer iets van Jesus vertel nie. Pasop!

As julle dit weer doen, hoor! Dan sal julle 'n ander ding sien . . ."

Maar Petrus en Johannes was glad nie bang vir die slegte priesters nie.

Hulle het geantwoord: "Jesus het self gesê dat ons dit moet doen, en daarom doen ons dit ook! Ons moet vir die Here meer gehoofsaam wees as vir julle."

Toe het die priesters hulle weggestuur. Die slegte priesters het nie gewaag om hulle kwaad aan te doen nie.

Maar nou was hulle nog baie kwater!

Hulle het gedink: "Wag maar 'n bietjie. Ons sal julle kry. Ons het Jesus gestraf. En ons sal Sy dissipels ook straf . . . Wag maar . . ."

Maar die dissipels was nie bang nie. Hulle het geweet dat die Here vir hulle sou sorg.

79

## *95. PETRUS IN DIE TRONK*

Dit was in die middel van die nag.

Dit was donker.

En in die donker nag het daar 'n man in die tronk gelê. Hy het in 'n klein kamertjie, in 'n donker sel, op die grond gelê. En weerskante van hom was daar 'n soldaat. Die twee moes hom oppas dat hy nie kon wegloop nie.

Maar eintlik kon hy nie wegloop nie, want aan elke arm was 'n ketting en die kettings was weer aan die twee soldate vasgemaak. As hy miskien wou wegloop, sou die soldate dadelik wakker geword het.

Die deur van die sel was ook toegesluit.

En die buitedeur van die tronk ook.

En by die deure het boonop nog soldate waggehou, sodat niemand kon wegloop nie. Want daar was ook ander mense in die tronk: diewe en moordenaars en ander slegte mense.

Nee, daardie man kon nie wegloop nie. Hy mag ook nie. Want daardie more moes hy voor die koning gebring word. En dan moes hy sterwe . . . Hierdie nag was die laaste nag van sy lewe, so het sy vyande gedink.

Was die man dan nie vreeslik bang nie? Het hy nie gelê en huil omdat hy die volgende more moes sterwe nie?

Nee, die man was glad nie bang vir die dood nie. Want hy het geweet dat die Here vir hom sou sorg, al moes hy ook sterwe. Hy het geweet

dat hy dan in die hemel sou wees. Daarom het hy stil en rustig gelê en slaap tussen die twee soldate.

Nee, die man was nie 'n dief en ook nie 'n moordenaar nie. Die man het die Here liefgehad.

Hy het ook geen kwaad gedoen nie.

Hy het net maar vir die mense van Jesus vertel. Daarom het hulle hom in die tronk gegooi.

Weet julle wie die man was?

Dit was *Petrus*!

Ja, nou het die slegte priesters hulle sin gekry. Nou het hulle Petrus gehad. Nou sou hy gou sterwe. En niemand sou hom kon help nie. Ook nie die ander dissipels nie. Ook nie sy vriende nie.

Nee, Petrus se vriende kon hom nie help nie.

Maar hulle het die hele tyd aan hom gedink. Hulle het nie gaan slaap nie. Die hele nag het hulle bymekaar gesit in 'n huis. Hulle kon tog iets vir hom doen. Hulle kon vir hom bid.

Dit het hulle ook gedoen. Die hele nag het hulle vir hom gebid.

Hulle het gevra: "O, Here, help tog vir Petrus! Ons kan niks meer vir hom doen nie, maar U

kan tog alles doen. Here, help hom asseblief! "

Sou die Here dit kon doen?

Wat van die kettings? ... En die sterk deure? . . . En al die soldate wat Petrus moes oppas? ...

Petrus was vas aan die slaap. En die twee soldate wat langs hom gelê het, het ook geslaap.

Toe was daar meteens 'n engel in die tronk. Hy het Petrus wakker geskud en gesê: "Staan gou-gou op."

Petrus het dit gedoen. Die kettings het sommerso van sy hande afgeval. Die soldate het nie eers wakker geword nie.





Die engel sê: "Trek aan jou skoene. En hang jou mantel om en kom saam."

Dit het Petrus ook gedoen. En toe loop hy agter die engel aan by die tronk uit. Die swaar deure het sommer vanself oopgegaan. Die Here het dit laat oopgaan. Die soldate het nog daar gestaan, maar hulle het Petrus nie gekeer nie. Hulle het hom nie eers gesien nie! ...

Petrus het gedink: "Ek droom seker maar."

Toe kom hulle in die straat. Petrus het die maan daar bo in die lug gesien. En nog kon hy dit byna nie glo dat hy regtig uit die tronk was nie!

Nog 'n hele straat verder het die engel saam met hom geloop. Toe was hy meteens weg.

Petrus was alleen. Hy het gaan stilstaan. En hy het rondgekyk . . . Toe sê hy: "Ja, nou weet ek verseker dat die Here Sy engel gestuur het om my uit die tronk te help . . . Ek is weer vry .

. . Ek is regtig weer vry!" . . .

Maar waarheen het Petrus toe gegaan?

Natuurlik heel eerste na sy vriende. Hy het goed geweet in watter huis hulle was. Hy kon dit maklik in die donker kry. Gou-gou het hy daarheen geloop en aan die deur geklop. Hard klink sy klop in die stil nag.

Die dissipels en sy ander vriende het baie daarvoor geskrik. Hulle was nog altyd besig om vir Petrus te bid. En daar klink dit skielik bom-bom-bom op die deur! Wie sou dit wees, so in die middel van die nag? Is dit dalk soldate wat nog meer dissipels wil kom vang?

Daar was ook 'n diensmeisie in die huis. Haar naam was Rhode. Sy het na die deur gegaan.

"Wie is daar?" het sy gevra.

"Maak maar gerus oop. Dit is ek," het 'n stem gesê.

O, maar dit was die stem van Petrus! Die meisie het dit dadelik herken. Sy was so bly, so bly. Van blydskap het sy

skoon vergeet om die' deur oop te maak. Vinnig hardloop sy

na binne.

"Petrus staan by die deur," roep sy. "Petrus is hier!"

"Maar meisie, dit kan nooit wees nie," sê die ander toe. "Jy het seker verkeerd gehoor."

"Nee, dis regtig hy," sê die meisie. "Luister bietjie, daar klop hy alweer."

Toe hardloop almal na die deur en maak dit oop. En kyk, dit was regtig Petrus wat vol blydskap binnekom.

"O, Petrus," roep hulle almal tegelyk uit. "Is dit regtig jy? Is jy regtig weer vry? Hoe het dit gebeur? Hoe het jy uit die tronk gekom? Het die koning jou laat uitkom? Of het jy stilletjies weggeloop? Hoe het jy dit reggekry om uit die tronk te kom?"


Nog baie meer vrae het hulle gevra. Almal het deurmekaar gepraat. Hulle het arme Petrus amper vertrap.

Toe sê Petrus dat hulle bietjie stil moet bly. En toe vertel hy hulle alles. Toe hoor hulle hoe wonderlik die Here hulle gebed verhoor het.

Dadelik het hulle Hom daarvoor gedank.

Maar Petrus kon nie daar by sy vriende bly nie. Want net sodra die soldate wakker word, sou hulle die hele stad deursoek om hom weer in die hande te kry. Daarom het hy dieselfde nag nog ver weg gegaan. Baie ver weg na 'n ander plek waar die slegte koning en sy soldate hom nie kon kry nie.

En oral waarheen hy gegaan het, het hy die mense van Jesus vertel. Vir hulle wat die Here nie geken het nie, het hy vertel van Sy liefde en dat Jesus vir almal wil sorg.



Wie dink julle is die grootste kunstenaar? Een van ons land se skilders? Of miskien iemand van 'n ander land?

Daar is wonderlike kunstenaars in ons land en in baie ander lande — mense wat die mooiste prente kan skilder of beelde kan maak.

Maar die grootste van alle kunstenaars is die Here. Kyk maar na die pragtige reënboë wat Hy in die lug laat kom. Of kyk saans na die baie, baie sterretjies wat so vriendelik hoog in die hemele skyn.

Of kyk na die blou berge van die Boland soos die op ons prentjie hierbo. Niemand kan sulke groot en sulke mooi dinge maak soos die Here gemaak het nie.



### *96. PAULUS*

Daar was eenmaal 'n man met die naam van Paulus.

Hy het in Jerusalem gewoon. Eendag het hy op 'n ver reis gegaan na 'n groot stad met die naam van Damaskus.

Hy het knegte saamgeneem.

En hy het ook toue saamgeneem.

Weet julle wat hy met daardie toue wou maak?

Daarmee wou hy manne en vroue in Damaskus gaan vasbind. En dan wou hy hulle terugbring na Jerusalem om hulle daar in die tronk te gooi.

Ja, hulle het *verdien* om in die tronk gegooi te word, het Paulus gedink. Want weet julle wat hulle gedoen het? . . . Hulle het na die dissipels van Jesus geluister. Hulle het geleer om die Here lief te hê.

En dit mag nie gebeur nie. Die priesters wou dit glad nie hê nie. Almal wat dit durf waag om Jesus lief te hê, moes gestraf word!

Want hierdie Jesus het mos gesê dat Hy die Seun van God was. Maar dit was mos nie so nie!

. . . Hy was sommer 'n bedrieër. Daarom het die priesters Hom gestraf. Daarom het hulle Hom doodgemaak.

Sy dissipels was ook bedrieërs. Want hulle het vir almal vertel dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat Hy nou in die hemel was. Daarom moes hulle ook doodgemaak word.

En al die mense wat dit gewaag het om na die dissipels te luister, hulle almal moes doodgemaak word!

"Wag maar 'n bietjie, ek sal hulle kry," het Paulus gedink. "Ek sal hulle almal in die tronk stop.

En ek sal hulle slaan. Ek sal hulle so vreeslik slaan dat hulle met Jesus niks meer te doen sal wil hê nie. Ek moet daarvoor sorg. God wil dit ook so hê. God sal sê dat ek 'n bale goeie kneg van Hom is . . ."

Ja, dit het die arme, dom Paulus gedink! Hy het regtig gedink dat hy 'n baie goeie kneg van God was.

Daarom het hy so hard probeer om al die arme mense te vang. Daarom het hy die slegte priesters gehelp. Want hy wou baie graag 'n goeie kneg van God wees.

84

Nou was hy op reis na Damaskus. Want hy het gehoor dat daar ook mense woon wat Jesus liefhet. Wag maar, hy sal hulle in die hande kry!

Moes hulle maar vir die priesters geluister het?

Moes hulle maar sê dat Jesus nie die Seun van God was nie?

Paulus was al naby Damaskus.

In die verte kon hy die groot stad al sien.

Maar toe . . .

Toe het daar 'n groot wonder gebeur!

Toe het Jesus self vir Paulus laat sien dat hy glad nie 'n goeie kneg van God was nie!

Meteens het daar 'n helder lig vanuit die hemel op Paulus en al sy knegte geskyn. 'n Lig so wit en so skerp dat Paulus sy hande voor sy oë gedruk en van skrik op die grond geval het.

En toe hy daar so lê, hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Paulus, Paulus waarom wil jy soveel kwaad aan My doen?"

Paulus het gebewe van skrik. Wie het dit gesê? Wie se stem was dit?

Met 'n bewende stem, het Paulus gevra: "Wie is U, Here?"

En die stem sê: "Ek is Jesus aan wie jy al die kwaad wil doen!"

Jesus? . . . Was dit die stem van Jesus? Maar dan is Jesus mos regtig in die hemel! Dan is Hy tog die Seun van God!

Toe skrik Paulus nog meer. Baie bang vra hy toe: "Here, wat moet ek doen? Sê U vir my wat ek moet doen . . ."

En Jesus antwoord: "Gaan na die stad. Daar sal ek jou sê wat jy moet doen."

Toe het die lig weer weggegaan. Paulus het opgestaan. Nou kon hy weer sy oë oopmaak.

Maar dit was so donker rondom hom. Hy het sy oë wyd oopgemaak, maar dit bly nog net so donker. Hy het blind geword.

Sy knegte het sy hande geneem en so het hulle hom die groot stad Damaskus binnegelei.

As 'n slegte vyand het hy daarheen gegaan.

As 'n arme, blinde man het hy daar aangekom.

Daar het hy gaan sit in die huis van 'n vriend.

Daar het hy in die donker oor alles gesit en dink. Baie hartseer. Hy kon niks doen nie. Hy was so spyt oor wat hy gedoen het.

"O, hoe sleg was ek al die tyd gewees! Ek het gedink dat ek 'n *kneg* van God was. En al die tyd was ek 'n *vyand* van God!"

Hulle het vir hom kos gebring. Maar hy was vir niks lus nie. Vir drie dae lank wou hy nie eet of drink nie. Hy was te hartseer. Hy het aanhou dink oor al die kwaad wat hy gedoen het. En aan Jesus het hy gedink.

Maar hy het ook gebid. Hy het gesê: "Here, ek is so bitter jammer. Vergewe my. Ek het nie geweet dat ek so sleg was nie. En laat my tog nog 'n goeie kneg van U word ..."

Nadat Paulus drie dae so alleen gesit het, het daar 'n ou man na hom toe gekom. *Sy* naam was Ananias en hy het die Here baie liefgehad.

Die ou man het sy hande op Paulus se kop gelê en gesê: "Paulus, broer, die Here het my gestuur Van nou af sal *)y* weer sien. En jy sal ook 'n kneg van Jesus wees."

Toe was dit net asof daar jets van Paulus se oë afval. Hy kon weer sien. Toe staan hy op en 85

sê: "Nou wil ek graag gedoop word. Want nou wil ek ook 'n dissipel van Jesus wees.

Dit het so gebeur. Paulus is gedoop. Toe het hy geweet dat God sy sondes vergewe het.

Toe was hy baie bly en gelukkig.

Toe kon hy ook weer eet en drink.

Hy het gedink: "Nou wil ek 'n goeie kneg van God wees. Maar ook 'n kneg van Jesus, Sy Seun."

Paulus het nog 'n paar dae in Damaskus gebly by Ananias en by die ander dissipels van Jesus.

Maar hy het nie stil gesit nie. Hy wou dadelik begin te werk. Hy wou aan al die mense vertel dat Jesus tóg die Seun van God was. En dat net Jesus die mense gelukkig kon maak.

Dit het Paulus ook gedoen.

Die mense wat hom gehoor het, het geskrik. Hulle het gesê: "Is dit dan nie die Paulus wat na Damaskus gekom het om die dissipels te vang nie? . . . En nou is hy self 'n dissipel!"

En hulle was verwonderd.

Maar daar was ook slegte priesters in Damaskus. Eers was hulle netso verbaas. Maar toe sê hulle: "Wag maar, nou sal ons hom vang! . . . Nou sal ons hom doodmaak!"

Die hele tyd was hulle op die loer of hulle hom nie kon vang nie.

Maar Paulus het stilletjies uit Damaskus weggegaan. Sy vriende het hom in 'n mandjie laat afsak oor die muur van die stad. En na 'n lang reis het hy in Jerusalem aangekom — By Petrus en by die ander dissipels.

Hy het nou ook aan hulle behoort. Want nou was hy self mos 'n dissipel van die Here.

En net soos hulle wou hy die mooi werk doen: Hy wou die wye wêreld ingaan om oral vir al die mense van Jesus te vertel.

## *97. DIE WYE WÊRELD IN*

Weet julle wat die mooi werk was, wat die dissipels moes doen?

Hulle moes aan al die mense van Jesus gaan vertel. Hulle moes oral die blye boodskap gaan bring dat Jesus na die wêreld gekom het om die mense gelukkig te maak. Dat Hy vir hulle gesterwe het. Dat Hy vir hulle die straf gedra het. En dat dit daarom is dat alle mense wat Hom wil liefhê, in die hemel mag kom.

Jesus het self aan Sy dissipels gesê dat hulle dit moes gaan vertel.

Hy het gesê: "Gaan in die hele wêreld rond en vertel die blye boodskap aan alle mense. Almal wat sal glo en gedoop word, sal gelukkig wees. Maar die wat nie wil glo nie, sal self hulle straf moet dra."

Die dissipels was gehoorsaam en het gedoen soos Jesus gesê het.

Petrus en Johannes en Filippus en al die ander — hulle almal het die wye wêreld ingegaan.

Hulle het na verre lande gegaan om oral die mense bly en gelukkig te gaan maak.

Die reise was soms baie moeilik. En ook gevaarlik!

Want alte dikwels wou die mense nie na die dissipels luister nie. Partykeer het hulle vir hul kwaad geword en wou hulle vang.

Maar die dissipels was nie bang nie.

Want Jesus het hulle gehelp.

Jesus het altyd vir hulle gesorg.



Onder al die swaarkry, het hulle dit geleer: as jy 'n dissipel van Jesus is, hoef jy nooit bang te wees nie. Dan is jy altyd veilig.

En al was die mooi werk partykeer ook swaar, het hulle daarmee aangehou.

Maar weet julle wie van die dissipels die grootste en gevaarlikste reise gemaak het — vér, vér die wye wêreld in?

Dit was Paulus.

Ja, dieselfde Paulus wat eers 'n vyand van Jesus was, maar wat later Sy dapperste apostel geword het.

Die mense het hom partykeer baie swaar laat kry op sy verre reise. Die slegte mense wou nie hê dat hy van Jesus moes vertel nie. Hulle het gesê: "Ons sal sorg dat hy met sy stories ophou."

Baie kere het hulle hom geslaan.

Eenkeer het hulle hom met klippe byna dood gegooi.


Hulle het hom met toue en kettings vasgebind.

Hulle het hom in die tronk gegooi.

Maar dit het hulle alles niks gehelp nie. Paulus het nie met sy mooi werk opgehou nie. Jesus het gesê dat hy dit moes doen, daarom het hy aangehou!

En die Here het hom altyd gehelp. Sal ek julle bietjie daarvan vertel?

Luister dan.



Eenkeer het Paulus in die stad Filippi gekom. Sy vriend Silas was by hom. Saam het hulle vir die mense van Jesus vertel.

Maar ook daar was slegte mense wat nie wou hê hulle moes van Jesus praat nie. Hulle het Paulus en Silas gegryp, aan pale vasgebind en met swepe op hulle kaal rûe geslaan.

Dit was verskriklik. Die bloed het geloop. Maar die slegte mense was nie vir hulle jammer nie.

Hulle het Paulus en Silas na die tronk gesleep waar die diewe en die moordenaars en ander slegte mense opgesluit was. Hulle het vir die oppassers gesê: "Hierdie twee manne moet julle baie goed oppas. Hulle sê mos dat hulle knegte van God is. Maar eintlik is hulle

kwaaddoeners. Pasop dat hulle nie wegvlug nie! Anders word julle gestraf!"

Nouja, die hoofoppasser het gesê dat hy baie goed na hulle sou kyk. Daarom het hy vir Paulus en Silas in die donkerste sel gestop. Hy het hulle hande met dik kettings laat vasbind. En hulle voete het hy in swaar houtblokke vasgeknyp.

Toe het hy gedink: "Nou kan hulle glad nie wegkom nie."

En daar sit Paulus en Silas toe . . . Die kettings het swaar aan hulle arms gehang. Die houtblokke het hulle voete so seer gemaak. En dit was so vreeslik donker daar in die ou hokkie. Hoe swaar het hulle tog gely!

Het hulle miskien daaroor gehuil?

Het hulle miskien gesê: "Nou sal ons maar ophou met ons mooi werk?" . . .

Nee, dit het hulle nie gedoen nie!

Hulle het gedink: "God sien ons, al sit ons hier in die donker! God sal vir ons sorg!"

En hulle het ook gedink: "Jesus het soveel pyn vir ons gely. Nou mag ons op ons beurt weer vir Hom ly."

So bly het hierdie gedagte hulle gemaak, dat hulle begin sing het. In die middel van die nag het hulle 'n lied gesing. Dwarsdeur die tronk kon dit gehoor word. Die ander gevangenes het almal daarna geluister.



En toe gebeur daar skielik iets. Nou kan julle sien hoe goed die Here vir Paulus en Silas gesorg het.

Daar het skielik 'n kwaai aardbewing gekom. Die grond het begin te skud en bewe. Die mure van die tronk het gebars en geskeur en omgeval. Die kettings waarmee Paulus en Silas vasgemaak was, het sommer vanself losgegaan. Die swaar blokke hout om hulle voete, het sommer uitmekaar geval. Toe was Paulus en Silas heeltemal los. Hulle kon wegloop as hulle wou.

Die hoofbewaarder het geslaap. Maar deur al die lawaai het hy wakker geword. Toe sien hy dat die tronk oop is. En hy dink: "O wêreld, nou is al die gevangenes seker weg. Nou sal ek baie swaar gestraf word." Hy het nie geweet wat om te doen nie!

Toe roep Paulus vir hom: "Moenie bang wees nie, hoor. Ons is nog almal hier!"

Die hoofbewaarder kon dit byna nie glo nie.

"Gee my 'n lamp," het hy uitgeroep.

"Gee my tog gou 'n lamp!"

Met die lamp loop hy toe die hele tronk deur. Daar kry hy ook vir Paulus en Silas: heeltemal vry en tog het hulle nie weggeloop nie!

Maar dan was hulle mos nie kwaaddoeners nie!

Dan was dit tog waar dat hulle dienaars van God was wat gekom het om die mense gelukkig te maak!

Die hoofbewaarder het net daar voor Paulus en Silas op sy knieë geval en gevra: "Goeie menere, help my om ook gelukkig te word. Wat moet ek doen om gelukkig te wees?"

Paulus antwoord: "Jy moet die Here liefhê, dan sal jy gelukkig word."

En toe het hy en Silas aan die hoofbewaarder en al die ander mense wat daar was die blye boodskap van Jesus gebring. Hy het hulle ook gedoop. So het hulle almal dissipels van Jesus geword.

Die tronkbewaarder het Paulus en Silas saam na sy huis geneem. Hy het hulle rûe wat so seer was, gewas en salf aan gesmeer. Hy het hulle ook kos gegee. Hy het nie geweet wat alles hy aan hulle kon doen uit dankbaarheid nie. Hyself het so bly en gelukkig geword.

Die volgende more is Paulus en Silas vrygelaat. Toe het hulle weer verder gereis, die wye wêreld in.

En oral waar hulle gekom het, het hulle vir die mense van Jesus vertel . . . Hulle hele lewe lank het hulle van die Here vertel. Tot by sy dood het Paulus 'n getroue apostel van Jesus gebly.

Toe hy dood is, het ander manne met die mooi werk aangegaan.

En daarna weer andere.

En vandag nog is daar manne en vroue wat die wye wêreld ingaan om oral die blye boodskap aan mense te bring. Ons noem hulle predikante en sendelinge en ander dienaars van die Here.


En eendag . . . dan sal daar geen land meer wees waar die mense nog nooit van die Here gehoor het nie.

En dan? . . .

Dan sal Jesus weer terugkom na die aarde.

En dan sal die hele wêreld Sy koninkryk wees.

Dit het Hyself beloof.



### *98. DIE VERHAAL VAN DIE TIEN MEISIES*

Eendag sal daar 'n groot en heerlike fees gehou word, 'n Fees so groot en heerlik as wat daar nog nooit op die aarde gehou is nie.

Wanneer? . . .

Ja, dit weet ek nie.

Niemand weet dit nie.

Maar dat die groot fees gevier sal word, dit is baie seker. Julie kan daarop reken.

Die fees sal nie net vir julle alleen wees nie, maar ook vir baie ander kinders en ook vir grootmense. Dit sal 'n fees vir die hele wêreld wees.

Aan daardie fees mag almal deelneem. En elkeen mag saam help om daardie fees die mooiste en heerlikste te maak.

Wil julle ook saam help?

Maar dan moet julle eers weet *waarom* daardie fees gevier gaan word.

Dit sal gevier word omdat Jesus dan weer op die aarde gekom het.

Jesus is nou in die hemel. Maar as die Here is Hy ook by ons hier op aarde. Ja Hy is orals.

Hy sorg vir ons en vir al die ander mense. Hy is die koning van die hemel en aarde, van die hele wêreld. En daarom sal die hele wêreld feesvier as Hy met die wolke van die hemel na die aarde terugkom.

Wanneer dit gaan gebeur, weet niemand nie, behalwe God.

Miskien baie gou. Miskien duur dit nog lank.

Maar dat dit wel sal gebeur, is seker. Want Jesus het dit self beloof. En wat Hy beloof het, dit doen Hy ook.

Maar dit is al baie lank gelede dat Jesus dit beloof het om terug te kom na die aarde. En nog het dit nie gebeur nie.

Nou is daar mense wat nie meer glo dat Hy nog sal kom nie. Hulle maak dan ook nie hulle gereed vir die groot fees nie.

Maar almal wat vir Jesus liefhet, weet verseker dat Hy sal kom al duur dit ook hoe lank. Hulle hou aan om vir Hom te wag. En hulle bid ook dat Hy moet kom. Hulle sê: "Liewe Jesus, kom tog gou . . . Ons verlang so na U."

Vir hierdie mense sal dit 'n wonderlike fees wees as Jesus kom. 'n Blye, heerlike dag . . .

Maar nie vir die ander nie. Vir hulle sal dit 'n treurige dag wees . . . So het Jesus self gesê.

Oor hierdie dinge het Hy 'n mooi storie vertel toe Hy nog op die wêreld was. Die storie van die tien meisies.

Wil julle dit hoor?

Luister dan maar.

Daar was eendag tien meisies. Hulle het aan die

kant van die pad gestaan en wag. Dit was al laat in

die aand.

Hulle het hulle mooiste klere aangehad. Al tien het

'n klein lampie gedra. 'n Lampie waarin olie was. Dit

het 'n mooi liggie gemaak.

Waarom het die tien meisies daar dan so lank gestaan en wag?

90



Omdat daar 'n fees sou wees. Daar sou 'n bruilof wees. Twee mense sou gaan trou. Die bruidegom en die bruid. En nou het die meisies hier vir die bruidegom en die bruid gewag.

Hulle sou langs daardie pad kom. En dan sou hulle in 'n groot optog na die huis gaan waar hulle van plan was om te woon. In daardie

huis is alles klaargemaak vir die fees.

Dit sou 'n pragtige optog wees. Want elkeen wat 'n brandende lampie het, mag saamgaan.

Almal wat saam wou help om die fees mooi te maak, mag ook saam feesvier en alles daarvan geniet.

O, wat 'n heerlike fees sou dit wees! Die meisies het so daarna uitgesien! Elke keer het hulle in die verte gekyk of die optog nog nie oor die bult aankom nie. Maar die pad het stil en donker gebly. Daar het niemand aangekom nie.

Ai, dit het baie lank geduur.

Die meisies het naderhand moeg en hartseer geword om so lank te wag. Hulle het daar langs die pad gaan sit. Hulle lampies langs hulle . . .

So het hulle 'n lang ruk gesit. En nog het die bruidegom nie gekom nie. Dit het al later en donkerder geword. Dit was al nag. Ander aande het die meisies lankal geslaap.

Hulle het gegaap. Hulle het baie vaak geword. Met hulle kop op die arms het almal vas aan die slaap geraak.

Daar het hulle gelê. Die tien lampies het langs hulle gestaan. Tien klein liggies in die donker.

Maar hoe langer dit geduur het, hoe flouer het die liggies gebrand. Want die olie was byna op

. . .

Toe kom daar meteens musiek uit die verte. Baie liggies het heen en weer geswaai. En vrolike stemme het uitgeroep: "Daar kom hy aan! Daar kom die bruidegom aan! Kom gou! Gaan ontmoet hom! . . ."

Toe skrik die meisies wakker. Haastig spring hulle op en gryp hulle lampies. Maar ag, die vlammetjies was

al byna dood, want die olie was amper op. Die lampies was byna-byna leeg. Dit sou nou nie meer lank duur nie, dan sou dit heeltemal leeg wees! En dan? Sonder 'n brandende lampie 91




mag niemand saamgaan na die fees nie. Wat moes hulle tog doen?

Maar vyf van daardie meisies het geweet wat om te doen. Want hulle vyf het hulle gereed gehou vir die fees. Hulle het elkeen nog 'n ekstra botteltjie olie saamgebring. Gou-gou het hulle die olie in die lampies gegooi. En daar brand die lampies toe weer mooi helder.

Maar die ander vyf meisies het nie gesorg dat hulle genoeg olie het nie. Daar sit hulle toe en hulle weet nie wat om te doen nie.

"Gee ons tog asseblief bietjie van julle olie," vra hulle vir die ander, "want ons lampe gaan dood."

Maar dit kon die ander meisies nie doen nie, want hulle het reeds hulle ekstra olie in hulle eie lampies gegooi.

"Hardloop na die winkel," antwoord hulle. "Gaan koop gou olie, dan kom julle weer terug."

Toe hardloop die vyf meisies vinnig weg in die donker.

En die ander vyf stap vrolik saam in die optog.

O, wat 'n mooi optog was dit met al die brandende liggies. Die musiek was so mooi en almal was vrolik met die mooi lampies in die hand.

Die deure van die huis het wyd oopgestaan. Die hele

optog het binnegegaan. Vyf van die tien meisies was

ook daarby.

Binnekant was dit eers pragtig. Die kamers was mooi

versier. Die musiek het aangehou. En op die tafels het

allerhande lekker dinge gestaan.

Die vyf meisies en al die ander het rondom die tafels

gaan sit.

Toe is die deure gesluit. Die groot fees het begin.

Maar toe die fees 'n rukkie aan die gang was . . . hoor!

. . . toe word daar aan die deur geklop. En buite word

geroep: "Maak oop! Maak oop! Ons wil ook by die fees

wees."

Wie was dit wat daar gestaan en roep het?

Dit was die vyf dom meisies, wat nog eers olie moes

gaan koop. Nóú het hulle olie gehad. Hulle lampies

was nou weer aan die brand. Maar nou was dit te laat!

"Maak oop!" het hulle geroep. "Maak oop asseblief! U

ken ons tog. Ons moet ook hier by die fees wees."

Maar die bruidegom sê: "Nee, ek ken julle nie. Julle is

nie van ons vriende nie. Want hulle het almal saam met ons binnegekom."

Die deur het toegebly. Die fees het aangegaan. En die vyf verstandige meisies het saam feesgevier.

Maar die ander, die vyf dom, dwase meisies, moes buite bly in die donker.

Dit was Jesus se storie.

En toe Jesus die storie klaar vertel het, het Hy gesê: "Pas dan op en wees altyd gereed. Want dit kan met julle net soos met daardie

meisies gaan! Julle weet ook nie wanneer Ek sal kom nie en dan moet julle gereed wees vir die fees!" . . .



### *99. WERKERTJIES VIR DIE HERE*

Onthou julle nog van die groot fees? . . . Die fees van die Here? . . . Daardie fees wat ons sal vier wanneer Jesus terugkom na die aarde?

Daarom moet ons almal altyd gereed wees en vir Jesus werk. Die kleinspan en ook die grootmense — ons almal moet iets vir die Here doen. Ons moet almal vir Hom werk.

Ja, ons is almal werkertjies vir die Here. Sy knegte. Groot knegte en klein kneggies. En Hy is ons Here. Ons Meester. Eendag sal Hy kom kyk of ons ons werk goed gedoen het.

Nou moet julle nie sê: "Ek kan tog niks vir die Here doen nie ..."

Want dit is nie waar nie!

Die een kan natuurlik meer doen as die ander. Ons is nie almal ewe groot en ewe goed nie.

Maar ons kan almal *iets* vir Hom doen. Al is dit maar 'n klein werkie. Dit maak nie saak nie.

Solank ons net iets vir Hom doen.

As ons maar net die beste probeer doen! .

Dan is Jesus tevrede met ons. Dan is ons goeie knegte van Hom. En dan sal Hy ons ook beloon — ons baie gelukkig maak.

Maar almal wat lui en sleg is, hulle wat sê: "Ek kan tog niks doen nie"

— hulle is slegte knegte.

Hulle word nie beloon nie.

Hulle word gestraf.

Oor hierdie dinge het Jesus ook eendag 'n storie vertel.

Luister bietjie . . .

Daar was eendag 'n ryk meneer. Hy het in 'n groot huis gewoon. En hy het baie geld gehad: agt sakke vol geld. Hy het ook knegte gehad, wat vir hom gewerk het.

Die meneer was 'n koopman. Hy het allerhande goed met sy geld gekoop. Dan gaan *verkoop* hy dit weer duurder. Op die manier kry hy dan nog meer geld. So het hy al hoe ryker geword.

Maar eendag moes die meneer op reis gaan. Hy moes baie ver weggaan na 'n ander land. En dit sou miskien lank duur voordat hy weer terugkom. En wie moes nou die werk vir hom doen?

Wie moes koop en verkoop en geld vir hom verdien?

Sy knegte moes dit doen. Daarom het hy hulle na hom toe geroep.

Eers het hy die fluksste een laat kom. Vir hom het hy vyf sakke vol geld gegee. Vyf *talente,* het hy dit genoem. En hy sê: "Doen die beste met die geld. Koop en verkoop en verdien soveel as jy kan."

Toe roep hy die tweede kneg. **Vir** hom het hy twee sakke vol gegee. En hy sê weer: "Doen die beste met die geld."

En eindelik roep hy die derde kneg. Vir hom het hy net één talent gegee. Dit was nóg baie. 'n Hele sak vol. En vir die kneg het hy dieselfde gesê: "Doen daarmee die beste wat jy kan. Werk hard en wees 'n goeie kneg."

Toe was daar nie meer geld nie.

En daar was ook nie meer knegte nie.

Daar was niemand wat *niks* gekry het nie. Niemand kon sê: "Ek kan tog niks vir my baas doen nie."

Toe het die man op reis gegaan. En die knegte het alleen agter gebly. Nou kon hulle doen wat hulle wou. Hulle baas was mos nie daar nie.

93



Maar eendag sou hy weer terugkom. En dan sou hy vra: "Wat het *jy* vir my gedoen?"

Die eerste kneg wat die vyf talente gekry het, het hard aan die werk gespring. Hy het gaan koop en verkoop. Hy het goed verdien. Hy het al hoe meer geld gekry. Op die ou end het hy tweemaal soveel gehad as waarmee hy

begin het. *Tien* sakke vol geld het hy toe gehad.

Die tweede kneg het ook die beste probeer doen. Hy kon natuurlik nie soveel koop en verkoop soos die eerste kneg nie, want hy het nie soveel geld gehad nie. Maar hy het netso goed die beste probeer doen Op die ou end het hy ook tweemaal soveel gehad as toe hy begin het.

Met *twee* talente het hy begin. Later het hy *vier* talente gehad.

Die twee knegte het elke dag uitgekyk of hulle baas dan nie al terugkom nie. Hulle het gewens dat hy maar gou moet kom. Hulle het na hom verlang.

Maar die derde kneg was 'n slegte, lui kneg. Hy het nie die beste probeer doen nie. Eintlik het hy niks gedoen nie.

Hy het gesê: "Wat kan ek log vir my baas doen? Nou ja, as ek ook vyf talente gekry het of selfs twee, soos die ander knegte! Maar hierdie ou enetjie! Wat kan ek nou eintlik daarmee doen?"

Hy het goed geweet dat dit nie waar is nie. As hy wou, kon hy baie doen! Maar hy was te lui en te sleg.

Hy het gesê: "Waarom moet ek daarmee werk? Sê nou net ek verloor die geld! Dan het ek niks nie. Ek sal maar liewer die sak geld so doodstil laat staan."

Wat het hy toe gedoen?

Hy het 'n gat in die grond gegrawe en daarin het hy sy baas se sak geld weggebêre. Hy het gedink daar sou dit veilig wees. Niemand sal dit daar kry nie. Ai, hoe lekker tog! Toe het hy heerlik gaan sit en niksdoen . . .

Hy het gehoop dat sy baas baie lank sou wegbly. Hy het glad nie verlang dat sy baas moet terugkom nie.







Die meneer het lank weggebly. Maar eindelik het hy weer teruggekom. En toe het hy dadelik sy knegte geroep. Want hy wou weet of hulle goed vir hom gewerk het.

Die eerste kneg het met 'n glimlag daar aangekom en

het *tien* sakke vol geld voor hom neergesit. Hy sê:

"Meneer, vyf talente het u my gegee. Kyk, nog vyf het

ek daarmee verdien."

Die baas was baie tevrede en het gesê: "Waarlik, jy was 'n goeie en 'n getroue kneg. Nou sal ek jou nog baie beter en mooier werk gee.

Maar eers mag jy saam met my kom feesvier. Kom binne in die feessaal."

Die tweede kneg het ook gekom en *vier* sakke vol geld voor hom neergesit. Met 'n glimlag het hy gesê:

"Meneer, twee talente het u my *gegee.* Kyk, twee ander talente het ek vir u verdien."

Toe was die baas ook baie tevrede. Netso tevrede as

met die eerste kneg. Hy sê: "Jy is netso 'n goeie en getroue kneg. Ek sal jou ook nog baie beter en mooier

werk gee. Maar eers gaan ons feesvier. Gaan maar gou na die mooi feessaal."

Toe kom die derde kneg. Ja, hy moes kom of hy wou of nie.

Hy het goed geweet dat hy 'n slegte kneg was. Maar hy was glad nie spyt daaroor nie. O nee, hy wou sy baas die skuld gee vir sy luiheid. Hy sit die een sak vol geld voor hom neer en sê brutaal: "Kyk, meneer, hier is jou geld. Ek het dit maar in die grond weggesteek. Want ek het goed geweet dat u baie streng is. En ek was bang dat ek dalk iets daarvan sou verloor. Maar nou het u alles weer netso terug.. Nou kan u nie met my raas nie."

Maar die baas het iets te sê gehad, want hy was baie

ontevrede oor die kneg.

Hy sê: "Jou slegte en lui kneg! Jy het geweet dat ek

streng is en tog het jy jou werk so sleg gedoen. Nou

sal ek jou straf oor jou luiheid."

En hy sê vir die ander knegte: "Neem daardie geld van

hom af weg, want hy is dit nie werd nie. Gee dit aan die ander kneg wat die tien talente het.

Hy het verdien om nog meet te kry. Maar hierdie een het niks verdien nie. Gryp hom en gooi hom in die tronk."

So het hulle toe gemaak.

Daardie dag was vir die ander twee goeie knegte 'n feesdag.

Maar vir die slegte kneg was dit 'n vreeslike dag, die vreeslikste dag van sy lewe.

Het julle hierdie storie van die drie knegte goed verstaan?

Ons is almal kneggies. Almal werkertjies. Groot knegte en klein knegte. En Jesus is ons Meester.

Jesus het ook op reis gegaan na 'n baie ver land. Na die hemelse land daarbo.

En miskien duur dit ook nog baie lank voor Hy weer terugkom. Maar dat Hy weer sal kom, is baie seker.

En dan sal Hy aan elkeen van ons vra: "Wat het *jy* vir My gedoen?"



### *100. AS JESUS WEER KOM*

Nou wil ek julle nog net één storie vertel. En dan is die boek klaar.

Dit is 'n storie van Jesus. Een wat Hyself vertel het toe Hy nog op aarde was.

Nou is Jesus nie meer as mens op die aarde nie. Nou is Hy in die hemel. Maar as Here is Hy tog ook by ons en orals. Hy is ons Koning. En ons is Sy knegte. Groot knegte en klein kneggies. Ons moet almal vir Hom werkies doen.

En eendag sal Jesus weer terugkom na die wêreld. Dan sal ons almal Hom sien. En dan sal Hy vir elkeen van ons vra: "Wat het *jy* vir My gedoen?"

Ja, *wat* moet ons vir Jesus doen?

Ook geld verdien soos die drie knegte waarvan ons julle in die vorige storie vertel het?

Nee, natuurlik nie! Ons Here is tog nie 'n koopman nie. Hy is die Saligmaker wat alle mense liefhet en hulle bly en gelukkig wil maak.

En dit moet ons ook probeer doen: ons moet ander mense liefhê en hulle probeer bly en gelukkig maak. Nie net jou pappie en jou mammie en jou familie moet jy gelukkig maak nie.

Hulle natuurlik ook. Maar ook ander mense.

Weet julle hoe julle dit kan doen?

Luister maar.

Dit het Jesus ons ook vertel.

Kom daar partykeer 'n arme bedelaar na julle deur? 'n Man of 'n vrou wat honger en dors het?

Wat sal julle dan doen? Hulle sonder iets laat gaan? Of sal julle hul brood en tee gee? Sal julle vir hulle wys dat julle vir hul jammer is?

Dan is jy 'n goeie kneggie van Jesus. Dan is Hy so tevrede daarmee asof julle vir Homself iets gegee het.

En as Julle eendag groot is en julle het self 'n huis en daar kom 'n man by julle aan wat nêrens

'n plekkie het waar hy kan slaap nie . . . wat sal julle dan doen?

Sal julle vir hom sê: "Gaan weg! Gaan soek maar êrens anders plek?"

As julle dit doen, dan is julle 'n slegte kneg van Jesus. Netso sleg asof julle Homself weggestuur het.

En as daar miskien eendag 'n man by julle kom wat amper nie meer klere het om aan te trek nie, wat sal julle dan doen?

Miskien het julle 'n maatjie wat siek is en wat lank in

die bed moet bly. Ja, dit is nie so Jekker om dan by hom in die kamer te bly nie. Dit is baie lekkerder om

buite rond te speel saam met gesonde kinders. Maar

sal julle tog daardie siek maatjie onthou en met hom

speel?

Dan maak julle 'n arme, siek kindjie baie gelukkig.

En . . . Vir Jesus ook!

Miskien het julle later 'n vriend of 'n bekende wat in die

tronk beland.

Sal jy dan vir hom ook gaan kuier?

Ja, al het hy ook baie lelike dinge gedoen.



Wanneer ander mense in die huis al lekker rus of sit en lees, is Moeder nog altyd besig. Soggens is sy die eerste op om vir almal te sorg. En saans wanneer ons al diep in droomland is, is Mamma nog steeds aan die gang.

Het jy nog 'n Moeder? Dan kan jy ook die Here genoeg daarvoor dankie sê nie.

En onthou jy kan soveel doen om Mamma te help en om haar gelukkig te maak.





Wanneer alles op hierdie wêreld verby is, sal die Here Jesus met die wolke van die hemel kom. Dan sal Hy aan alles wat lelik en sleg is 'n einde maak. Hy sal die wêreld nuut en mooi en gelukkig maak en dan sal die son nooit weer onder gaan om 'n donker nag te bring nie. Alles sal altyd lig en skoon en lieflik wees. Niemand sal op die nuwe aarde ooit siek wees of swaarkry of ongelukkig wees nie. Saam met die engeltjies en met al die verloste kinders van die Here sal ons met blydskap ons hemelse Vader loof en dien — vir altyd en altyd . . .

Want Jesus soek mos ook slegte mense op. Hy het mos na die wêreld gekom om sondaars salig te maak — slegte mense te help om Hom te leer ken en om weer goeie mense te word.

En soos *Hy* gedoen het, so moet *ons* ook probeer doen. Dan is ons goeie kneggies van Jesus.

En as die Here eendag kom, wat 'n wonderlike, blye dag sal dit dan wees! Wat 'n groot en heerlike fees!

Op die wolke van die hemel sal Hy kom, saam met al Sy heilige engele. Dan sal Hy, die koning van die hemel en die aarde, op Sy troon sit. En al die mense sal na Hom toe kom. Net soos die drie knegte voor hulle baas gestaan het, so sal alle mense voor Jesus staan.



Dan sal Hy die goeie knegte aan Sy regterkant laat sit en die slegte knegte aan Sy linkerkant.

En dan sal Hy aan almal wat aan Sy regterkant staan, sê: "Kom, liewe vriende, gaan saam na die hemel, waar ons altyd gaan feesvier. Want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet. Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink. Ek was 'n vreemdeling en julle het My 'n plekkie gegee om te slaap.

"Ek het nie klere gehad nie en julle het My klere gegee. Ek was siek en julle het My besoek.

Ek was in die tronk en julle het na My toe gekom."

Dan sal die goeie knegte baie bly wees, maar ook verwonderd.

En hulle sal vra: "Here, maar wanneer het dit alles gebeur?"

En Koning Jesus sal antwoord: "Toe julle die arme bedelaar bly gemaak het, en die vreemdeling, en die siek maatjie en al die ander,

toe het julle My ook bly gemaak! Wat julle vir die mense wat swaarkry gedoen het, het julle ook vir My gedoen."

Dan sal Jesus vir almal wat aan Sy linkerkant staan, sê: "Gaan weg van My! Want julle het My honger en dors laat ly. Julle het My nie 'n plekkie gegee om te slaap nie en ook nie klere nie.

En julle het My ook nie besoek toe ek siek was en in die tronk gesit het nie."

Dan sal ook die slegte mense vir Hom vra — bang en verskrik: "Here, wanneer het dit gebeur?"

En Koning Jesus sal antwoord: , Julie het die arme bedelaar weggejaag en die siek maatjie nooit besoek nie. Vir ander mense het julle niks gedoen nie en daarom het julle ook niks vir *My* gedoen nie . . ."

En vir *hierdie* mense sal dit die vreeslikste dag van hulle lewe wees, maar vir die ander die heerlikste dag!

Ons wonder almal of dit nog lank sal duur voor Jesus weer kom.



Maar ons weet dit nie.

God alleen weet dit.

Die mense wat Jesus nie liefhet nie en wat niks vir Hom doen nie, wens dat Hy lank sal wegbly.

Dat Hy liewer nooit moet kom nie . . .

Maar almal wat Hom liefhet, verlang na Hom. En hulle bid ook: "Liewe Here, kom tog gou! Ja, kom Here Jesus."

En as Hy die dag kom, wat 'n heerlike fees sal dit dan wees. En wat 'n wonderlike tyd sal dan kom.

Dan bly Jesus altyd by ons.

Dan sal daar nooit meer pyn en siekte en hartseer wees nie.

Geen oorlog en geen dood nie.

Geen armoede, geen honger, niks slegs nie.

Dan sal alles mooi en heerlik wees. 'n Fees wat altyd sal aanhou!

Verlang jy ook daarna?

Maar so lank Hy nog rale gekom net nie, gaan ons bly en gelukkig doen war die Here wil hê dat ons moet doen. Jesus maak ons lewe so mooi. Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het.

# Document Outline


- VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS
- DIE NUWE TESTAMENT
    - 51. JOHANNES IS SY NAAM
    - 52. 'N ENGEL BRING DIE MOOISTE BOODSKAP
    - 53. DIE KINDJIE IN DIE KRIP
    - 54. DIE HERDERS KRY GOEIE NUUS
    - 55. TWEE OU MENSE EN DIE KINDJIE
    - 56. DIE WYSE MANNE UIT DIE OOSTE
    - 57. DIE SLEGTE KONING HERODES
    - 58. TOE JESUS NOG N SEUNTJIE WAS
    - 59. JOHANNES DIE DOPER
    - 60. DIE EERSTE DISSIPELS
    - 61. DIE HERE JESUS OP DIE BRUILOF
    - 62. DIE WONDERLIKE VISVANGS
    - 63. 'N ARME SIEK MAN
    - 64. DIE MAN WAT VERLAM WAS
    - 65. DIE JONG MAN BY NAIN
    - 66. 'N BOOTJIE OP DIE SEE
    - 67. DIE DOGTERTJIE VAN JAIRUS
    - 68. DIE WONDER VAN DIE BRODE
    - 69. JESUS LOOP OP DIE SEE
    - 70. DIE MAN WAT NIE WOU VERGEWE NIE
    - 71. DIE GOEIE HERDER
    - 72. DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN
    - 73. DIE VERLORE SEUN
    - 74. DIE OPWEKKING VAN LASARUS
    - 75. LAAT DIE KINDERTJIES NA MY TOE KOM
    - 76. DIE BLINDE BARTIMEUS
    - 77. HOSANNA
    - 78. MARIA DOEN IETS MOOIS
    - 91. BY DIE SEE
    - 93. DIE HEILIGE GEES KOM

- 94. DIE MAN WAT KREUPEL WAS
- 95. PETRUS IN DIE TRONK
- 96. PAULUS
- 97. DIE WYE WÊRELD IN
- 98. DIE VERHAAL VAN DIE TIEN MEISIES
- 99. WERKERTJIES VIR DIE HERE
- 100. AS JESUS WEER KOM